Klein versetaksies is tekenend van die politiek van weiering wat teenstaanders van apartheid daagliks in hul lewens moes bedryf. Vernie het sy politieke kop in die hoogty van die 'Teachers' League of South Africa' (TLSA) en die 'Non-European Unity Movement' (NEUM) gekry. Die organisasies het 'n vormende rol in sy intellektuele ontwikkeling en sy vroeë akademiese loopbaan gespeel. Op Trafs – Trafalgar Hoërskool in Distrik Ses, Kaapstad – het die jong militante onderwysers van die TLSA en die NEUM, bekend vir hul vurige anti-apartheidsverklarings en links-militante geskrifte, hul leerlinge beïnvloed. Dié organisasies was die draers van die ideologiese begeertes van 'n angliserende metropolitaanse middelklas. Werkersklas Afrikaanssprekendes soos Vernie moes onder hul vleuels geleidelik tot middelklas Engelse sofistikasie gebring word. Hy moes hom nie net verweer teen die oorheersing van Afrikaans deur Afrikaner-nasionalisme nie; hy moes ook sin maak van die anti-Afrikaanse inslag van die TLSA. Toe hy in 1964 uiteindelik 'n keuse moes maak om in ballingskap te gaan, het sy keuse nie op die Engelssprekende lande van sy mede-ballinge geval nie, maar op Nederland, "vanweë die taalverwantskap".

In sy vertellings sou Vernie waarskynlik iets kon bedink om die verwantskap tussen Krokodil en Bobbejaan te illustreer soos "Weet jy, Krokodil, dat ek net soos jy groot slagande het wat maklik 'n opponent kan verskeur. En dat ek, net soos jy, 'n heerser van 'n grondgebied is. Jy is in die water en ek op land. Elkeen van ons het ons plek."

In elk van sy hoofstudies, *Mind your Colour* (1981), *And Bid Him Sing* (1988) en *The Afrikaners* (1991) kom die goue draad van taal, taalverwantskap en 'n kritiese houding jeens apartheid voor. Ek onthou hoe in 1989 tydens die Victoria Waterval-ontmoeting tussen Suid-Afrikaanse skrywers en die African National Congress Vernie bewoë buite die vergadersaal gestaan het. Vroeër die oggend het Marius Schoon die name van Bram Fischer en Basil February in herinnering geroep: hulle was, in sy woorde, uitstaande Afrikaanssprekendes en ANC-lede; hulle het ook in Afrikaans teen onreg geveg. Basil was Vernie se neef en die eerste ANC-guerillavegter om in die stryd teen apartheid-Suid-Afrika te sterf. Daar waar hy in die wintersonnetjie sy trane afgegee het, het Vernie gesê: "Basil was Afrikaans ten spyte van Afrikaans en hy't gesterf ten spyte van Afrikaans. Marius moes dit bygevoeg het."

'n Mens begryp eers die diepgang van sy besluit om na Nederland te verhuis en voort te gaan met sy studie van Afrikaanse letterkunde wanneer jy die deurslaggewende invloede in sy lewe bekyk. Sy groot mentor was Prof. A.C. Jordan, 'n dosent in Xhosa aan die Universiteit van Kaapstad. In hom het Vernie 'n leermeester gevind wat met sy mondelinge vertellings en spreuke, maar veral met sy ontvanklike lewenshouding 'n blywende indruk op hom gemaak het. Dit

is Jordan wat hom geleer het dat die vergrype wat in 'n taal gepleeg word, nie die taal se skuld is nie; en dat mense uiteindelik belangriker is as taal, selfs al rig hulle strukture op om hulself af te kamp.

Verswelgende apartheidswetgewing en -houdings het die politieke en sosiale omgewing van die laat-vyftigerjare gekenmerk, maar in weerwil daarvan het Vernie se politieke simpatieë van vroeg af aan oor etniese grense gestrek. Hy sou deur die loop van sy lewe stewige vriendskappe oor allerlei grense opbou. Phyllis Ntantala, Jordan se vrou, vertel in haar outobiografie, *A Life's Mosaic*, hoe tydens die geskiedkundige Kaapse protesoptog van 21 Maart 1960, naas die massa swart mense, 'n paar wit en bruin mense en Indiërs aan die optog deelgeneem het. Voor die polisiekantere het almal doodstil in afwagting gestaan met 'n helikopter wat onheilspellend bo hulle kop gedreun het. Skielik het 'n verbete stem die stilte verbreek met die woorde *uSana olungaliliyo, lufel' embelekweni!* – 'n Baba wat nie huil nie, gaan dood op sy ma se rug. Eers later sou hulle uitvind dat dit Vernie was wat hul vasbeslotenheid so hard en vreesloos verwoord het.

"Ja," sê Krokodil, "ek leef in die water. Ek het 'n lang geskiedenis. Jy hoort nie hier nie. Jy hoort in die berge, in die holkrans waar die eggo's weergalm; daar waar elke klank 'n nadraai het. Hier is die water helder en klank sink weg in die dieptes."

"Juistement, daarom moet ons saamwerk. Ek en jy. Jy, omdat jy baas van die water is. Ek, omdat ek baas van die berge is. Jy, omdat klank in die water wegsink. Ek, omdat ek eggo's kan agtervolg. Ons het mekaar nodig."

In ballingskap het Vernie dikwels die verbetering van Suid-Afrikaners, die welluidende tale, die milddadige sonskyn en die bedwelmdede geure van Bolandse vrugteboorde in herinnering geroep. Altyd die Boland. Die kere dat mens aan huis by hom en Esther gekom het, het die bruisende entoesiasme waarmee hy Bolandse kos voorberei, jou getref. Kerries en beesvleis om te herinner aan die Bo-Kaap; bobotie om die malse Kaapse deurhaspeling van kulture te vier en Kaapse wyn wat hy op een of ander wyse bekom het. Selfs na 'n paar dekades in Amsterdam kon jy die Bolandse hunkering in sy stem hoor. Hoe dikwels het hy nie, toe hy nog nie kon terugkeer nie, die bekendes van die Boland, die bergroetes of die gulle uitgestrektheid van die land opgeroep nie?

Ek onthou die skok waarmee hy, met sy eerste besoek na dertig jaar in ballingskap, deur sy ou beurt geloop het, en besef het dat alles grondig verander het. Waar die February-huis was, is 'n besige vierrigting-stopstraat. Die knusse herinnerde huis van ouds bestaan lankal nie meer nie. Die bure het vertrek. In hul plek is daar bot vreemdelinge. Op daardie eerste besoek terug het hy, hygend van die asma, die ou bekende plekke opgesoek. Rus-rus het hy teen 'n hoë sandduin in Macassar uitgeklim om die graf van Sheik Yusuf te besoek. In

die Bo-Kaap het hy hom verkyk aan die bouvallige oorblyfsels. In 'n vernietigde Distrik Ses het hy oor die kaal vlakte geloop en van sy Trafts-jare vertel.

"Dit is oëverblindery om te dink dat ek en jy dieselfde is. Ek sal jou opvreet en niemand sal daarvan weet nie. Niemand. Daar sal nie 'n enkele been oorbly nie, nie eens 'n greintjie sal op die water dryf nie."

"Dit mag so wees, maar ek gee jou ballas, meer gewig in die storm. En bowenal jy sal altyd onthou dat jy die enigste een wat jy in hierdie storm kon red, opgevreet het. En jy sal weet: dit is nie reg nie. Die redder het 'n dure plig teenoor die geredde. Al weet niemand nie, sal dit in lengte van dae by jou spook. Jou selfsug sal knaag en knaag en knaag. Sowaar as wat ek nou leef, jy sal vir seker aan jou gewete ondergaan."

Geen herinnering aan Vernie kan ooit volkome wees as jy nie onthou dat hy homself soms hoog aangeslaan het nie. Soms grappenderwys, soms uit oortuiging dat hy sy plek in die lewe met moeite en lyding verdien het. Soos dié keer toe lede van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland tydens 'n beraad by 'n bergspa naby Clanwilliam oornag het. Na 'n lang dag van strategiebeplanning het ons almal om 'n lang tafel gesit. Kapot. Dit was Vernie se eerste keer terug in Suid-Afrika. In die besprekings was hy stil en die meeste personeellede moes hy nog leer ken. Ons het in groepies gepraat, sonder om aandag aan Vernie te gee, totdat hy gemaak-ernstig, swart baret op die kop en bokaal in die hand, aangekondig het, "Kyk hoe sit hulle, salig onbewus van my grootsheid!"

Met Bobbejaan op sy rug het Krokodil aan wal gestap. "Bobbejaan, jy's reg. Ek en jy het mekaar nodig, al is dit net om hierdie storm te oorleef."

Pretoria, Augustus 2003

*Henk van Woerden**

18 aug. MMIII

Beste Redactie,

U schrijft dat ik lang op me laat wachten, dat de doodlijn nadert. Mea culpa. Ik had twee maanden geleden al een stukje voor Vernie overwogen en het weer voor me uitgeschoven. Ik heb er nu opnieuw een weekeind over zitten dubben, en er wil niet veel tevoorschijn komen dat voor een buitenstaander van belang kan zijn. Ik kom tot de gevolgtrekking dat mijn herinnering aan Vernie te privé is. Ik heb het gevoel dat ik hem niet kan eren met opmerkingen die voornamelijk over mijn eigen (o zo beperkte) blikveld zouden gaan.

Hoe goed ik hem kende? Ons contact was weliswaar beperkt – een bijeenkomst ten kantore van de FNV, begin jaren negentig; samenwerking in verband met de 'Zuid-Afrika-reeks' van Uitgeverij Podium; een avondlang gesprek bij hem thuis, in aanwezigheid van de IKON (een dubbel-interview dat jammerlijk mislukte omdat de verslaggever panne kreeg met zijn geluidsmachine); en op het laatst: nog een toevallige ontmoeting langs de zilte boulevard te Seepunt – maar ons contact was van begin af aan van een onmiddellijke hartelijkheid die aan niemand uit te leggen valt.

Of misschien is het toch uit te leggen: een innigheid die vanzelfsprekend was onder Zuid-Afrikaanse ballingen (althans onder degenen die elkaar vertrouwden) en die werd versterkt door het feit dat we beiden uit een heel specifiek gebied aan de Kaap kwamen en de pijnlijke geschiedenis van die streek met elkaar deelden. Feitelijk deelden we een hopeloze heimwee – en wel zónder woorden, zonder elkaar daarvan op de hoogte te hoeven brengen. Maar om daar nu een stukje over te publiceren zou – in het gezelschap van de anderen die u heeft uitgenodigd – vooral aanmatigend zijn. Ik was geen balling; ik weigerde activist te worden; ik had tijdens de 'Struggle' geen vinger uitgestoken; ik was niet eens een geboren Kaapie.

In Vernie's aanwezigheid verbleekten de privé-beslommeringen met de exil, mijn kleine pijn om Kaapse bodem (ze werden irrelevant, leken onecht en verongelijkt). Het was vooral zijn stemgeluid dat het hem deed: stem van sand en rooipitjies en branding. Stem van Makassar, Somerset en Strand.

(En waar bly die vlam as die kêrs uitwaai? Nêrens fokkin nêrens nie, my Bra –
al brand jou stem in my geheue steeds soos 'n kêrsie oppie vlakte...)

Met spijt, en met groeten,

Henk van Woerden.

** Brief gepubliceerd met toestemming van de schrijver.*

Steward van Wyk

Sy pad het myne gekruis: laaste Kaapse dae van Vernie February

Met baret, Rembrandt-baardjie en gholfhemp van 'n Kaapse buiteklub sou Vernie February vir meer as 'n dekade, op sy soort Hollandserige Afrikaans, "momenteel binnekom" en elke keer was sy besoek 'n belewenis. Met sy omvangryke en diepgaande kennis van bykans elke denkbare aspek sou hy "sôre" dat ons weet van 'n groter wêreld, van die lengte- en breedtegrade wat hy deurkruis het en van die mense met wie sy pad gekruis het. Dit het weerklink in sy weergawes van Middel-Nederlandse verse en Koue Bokkeveldse sêgoed, die *anansi* en die *imbongi*, skrywers met name van veraf plekke: Shrini en Trefossa, Dumas en Redmond, Multatuli en Pramoedya, ook ons eie Mqhayi en Mphahlele.

Hy was digter en ook gedig – *wan true poema*. By nabetragting was hy tog reg en terseldertyd selfingenome toe hy by geleentheid kon sê dat ons salig onbewus van sy grootsheid is!

In een van sy laaste openbare optredes, voor 'n gehoor van ongeveer 500 Afrikaans onderwysers, gee hy 'n lesing oor die mens as homo fabulans. Dit was vintage Vernie: flambojant, vermaaklik en vlymskerp. By daardie geleentheid blyk sy beheer van die Afrikaanse en Xhosa orale tradisie en kon hy hom daarin verlekker!

Ek herinner my voorts 'n Kaapse somersmiddag op sy Seepunt-balkon met 'n asuur-see in die agtergrond. Ons gespreksgenoot is Frank Martinus Arion van die Antille; hier vir die Passaatwinde-skrywersberaad om te praat oor kreolisering. Die twee speur die opvallende ooreenkomste tussen Kaaps en Papiaments na. Die verkleiningsvorm, afwesig in die brontaal Nederlands, word op 'n rytjie gesit: kommetjie x komici, dankie x danki, maar ook gieter x hieter. Dit vra vir nadere ondersoek en ons beplan 'n projek wat helaas een van die slagoffers van sy te vroeë sterwe word.

Hy vertel my dat Frank die prysgeld vir die roman *Dubbelspel* vir die bestryding van apartheid gegee het. Ek wonder oor wat hy alles moes prysgee, die groter en kleiner opofferings wat hyself moes maak en so min mee te koop loop.

Ek neem hom vir sy lesing by die skrywersvereniging waar hy praat oor ballingskap en weemoed by drie swart skrywers: Dumas, Dobru en Nat Nakassa. Dis duidelik dat dié onderwerp hom baie na aan die hart lê. Ek herinner my die openingsgedig in *O Snotverdriet*:

*Ek het 'n traan
in jou bruin oog gesien,
toe omgedraai
die vryheid en die hartseer in.*

Tot op sy laaste dae was hy balling, ontuis en ergerlik met ons gevoete-sleep, met intellektuele wat burokrate geword het en daglank in vergaderings sit terwyl geen woord op papier kom nie. Kort voor die aanbreek van die nuwe demokrasie skryf hy oor sy mentor, A.C. Jordan, in sy gereelde rubriek in *Die Suid-Afrikaan*. Hy herinner hom die verhaal van vlermuis, die *Ilulwane*, wat toe die voëls en diere rusie gemaak het, ontken het dat hy dier of voël was. Na die geveg wou vlermuis ook feesvier, maar is weggewys. Hy besluit dat A.C. tog reg was: die vlermuise sal dit moeilik hê in 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika.

En tog was dit al plek waar hy die laaste tyd wou wees: Bolandse balling tussen sy geliefde berge.




Opening van de tentoonstelling van solidariteitskunst van het Februarikollektief.
Vernie February leest gedichten voor aan de aanwezigen (februari 1982)

Foto: René Bouman, met dank aan NIZA

Deel 2

Teksten van Vernie February



Gethyllis afr. (Afrikaanse koekemakranke)

KOEKEMAKRANKE*

Die vroeg veertiger jare was bewoë tye. Europa was in ligte laaie. Selfs hier in die Suidelike punt het ons die hitte gevoel. Ons buurman het aangesaain – for 'King and Country'.

In die Kaap het die mense 'n vrolike liedjie gesing: "Hitler het 'n baby en die baby se naam is Abie, nader na die pale toe".

Ons kon toe nog nie weet nie dat die 'Abie baby's' in die kraaminrigtings van Buchenwald en Dachau afgedryf sou word nie. Daar was nog 'n bekende liedjie. Erg gevoelig was die Kapenaars. Hulle het selfs aan die vroue wat agterbly gedink en lustig gesing: "War mommy kom haal jou pay, war mommy kom haal jou pay, die eendertigste may".

Baie van die aspirant soldate het nooit verder gekom dan die Kaap nie. Tog was daar baie verhale rondgestrooi in die kontrei. Later, baie later, het dit geblyk dat hulle die stryd aangeknoop het teen die aartappelskille in Port Elizabeth.

Ek onthou nog die dag toe ons buurman teruggekom het uit die Noorde. Reg teenoor ons huis was daar die Katolieke kerkie en 'n reuse sipresboom. Dit was 'n ysige dag. Die sipres het al krakend in mekaar gestort en tegelykertyd die hele elektriese stelsel van ons dorp ontwrig. So het my nietige dorpie miskien gerou vir die 'Abie baby's' van Hitler. Maar destyds was dit vir my – tewens vir al die kinders in die dorp – een van die opwindendste gebeurtenisse.

Een woord is duidelik in my siel geëts – rantsoen en daarmee gepaard, gebrek. Ook dit was Hitler baby's.

Die bruin soldate wat aangesaain het as wit het weer bruin geword – seker die stof wat Rommel in die woestyn opgeskop het. Die ander swartes wat so getrou was aan oubaas Jannie, het 'n baaisiekel gekry. Hitler was 'n grieselrige legende. In ons land het ou manne storie na storie opgedis. Die einde van die veertiger jare was naby.

Die 'Abie Baby' het sy beloofde land gekry. En toe kom neëntien ag en veertig – en in my land ... ???

** Koekemakranke: 'n plantsoort met welriekende peulvrug en volks-geneeskundige eienskappe. (Gethyllis spiralis, Gethyllis afra, Gethyllis ciliaris) As kinders in die Bolandse dorpe het ons reëlmatig Koekemakrankas gesoek in die veld. Veral gewild vanweë sy reuk.*

In die koue, vroeë Bokkeveldse luggie die klanke van musiek: "Alleluja prys die here, Hy wat dood was leef nou weer".

Dit vries in my ore. Die ryp pynig die tone. Voor my 'n geboë, verskrompelde ou moedertjie. Die dag breek. 'n Verlate straathond laat hees-hees sy stem hoor. Manne met kaal hoofde, hoede in die hande, wat stil ingetoë tussen die grafte staan.

Die dominee se stem het so vroeg in die winterse môre geklink soos blink newwies op 'n nuwe sement vloer.

Die Bokkevelders gedenk Paasfees so. Vroeg is almal alreeds uit die bed. Paasfees is hier selfs 'n groter ding dan Kersfees. Menigmaal het ek hierheen gekom, die toneel op die begrafplaas meegemaak. Ingeryg soos kralewerk uit die Transkei het ons gestaan. Die ouderlinge, die rustendes, met hulle manelle aan. En die mannekoor, 'n versameling van slagters, messelaars, analfabete – maar 'n engele koor op hierdie paassondag. Eintlik begin paasnaweek al vir die dorpenaars op saterdag. Jong en oud het dan bymekaar gekom, ooms en tantes, mense vanuit omliggende plase – almal op weg na die sendingkerk. Want die grootste gebeurtenis was die bazaar. Dan het die mense hulle harte oopgemaak, hulle beursies oopgemaak. Om geld te gee vir die Heer was 'n eer. En dan die ontmoeting met familielede. So het ek jare gelede die stamboom stuk vir stuk voltooi. Daar was my ou oompie, krom, verrimpeld, met sy selfgetimmerde houtekysie, albei ewe verslete deur die jare – en ou Gysbert se plaas.

Sondag, sondag was die groot dag want dan was dit nagmaal. Ek onthou nog die briewe van my ouma aan my ma. Dit was gedurende die oorlogsjare. "Vleis is skaars. Bettie se kind is dood". Nagmaal val op die vyfentwintigste. "Bring tog asseblief 'n rok saam vir my uit die Kaap". Die Kaap vir ons was eintlik die Boland. Die kerkie het genestel teen 'n byna Pierneefagtige tafereel. Hy of sy wat nie binne was om deel te neem aan die nagmaal was 'n vreemdeling. Die ou sisrok het uit die kas gekom, ruikende na motballetjies. Die swart pakke was afgestof. En die mense het gesing, tot lof van die Heer. Maandag was 'n dag van ontspanning, van piekniek hou by ou Darling bridge, tussen Mitchell's kloof deur.

As kind was dit byna 'n soort pelgrimstog. En dan terug na die Boland met die stoomtrein wat jy al van vêr kon hoor as jy op die houtbrug wat oor die spoor by Wolseley was gestaan het. Met in die vroeg oggendse luggie en in newel verhuul, nog net die herkenbare naam van die Katzennellenbogens. Jode uit Rusland van vroeër.

En terwyl die Bolandse berge voor my ontvou, die stasies met soetklinkende name verby vlie, sit ek my nog te verlustig in die paar dae tussen die Bokkevelders.

Êrens in die trein sit 'n seuntjie nog halfvals in: "Alleluja prys die Here..."

'n Uitgestrekte landskap, windmeule, heuwelloos en bergloos. Bedaar, ver-
lange, bedaar. Die verwydering was duidelik sigbaar, die landskap het dit alleen
versterk. Om te praat uit wanhopigheid, of te swyg uit weemoed. Ek had geen
keuse.

Êrens in die Boland was dit nou saterdag, tienuur soggens. Dan was die
hoofstraat die trekpleister – amper al tradisie geword op plattelandse dorpe, net
soos die N.G. kerktorinkies oral in my land. Die Wallabies kuier nou daar. Het
dareem nog na die eerste toetswedstryd geluister. Lekker kommentator daai
Awie Labuschagne. Die 'Central News Agency' was die bymekaarkomplek.
Soms was dit krieket, soms rugby en soms 'n lugleegte. Wie kon nou die sjarme
van die Bolandse nooiens weerstaan?

"Wij zijn nu in Brabant". Wat Somersetwes, Stellenbosch, Paarl, Ceres?

"Neen Brabant!"

Had my kennismaking, maar gebly by Bredero se *Spaansche Brabander*.

Die werklikheid ou broer, die werklikheid!

"Dawie de Villiers kom nie eers by Tommy Gentles se hakke nie".

"Laat staan die Boere se rugby".

"Wat dink jy van vanmiddag se derby?"

"Japie Ontong speel vir Klink uit sy board side".

"Daai patatvreter's goed hoor".

Gast zijn van mensen in Brabant ... feestdagen... Kempische Cultuurdagen...

Doef, doef, doef, ek gaan, ek gaan nie, ek gaan, ek gaan nie.

Bellville, die Hottentots Hollandberge, den Bosch ... Nee dis nie waar nie.

"Ma, wanneer gaan ons eet?"

"Zal het leuk vinden".

Mooimeisiesfontein, Breda ... stoisyns wees, stoisyns wees..

"Klas vandag gaan ons voornaamwoorde behandel".

"Wat sê U?"

"Ek, ja ek kom van die Boland. Dis verruklik daar".

"Wat 'n drie, wat 'n drie..."

"Hoe lank sal die rit nog duur?"

Faure, Firgrove, Somer... nee Tilburg.

"Wij zijn nu in Hilvarenbeek".

Eenkeer het ek so'n gevoel ervaar, by ons jaarlikse sportbyeenkoms op die
laerskool. Ek was leier van die atletiekspan. En moes toe mos 'n fout maak voor
al die mense. Ek kon wegsink van verdriet.

Klompe kostuums, klompe kostuums... wag droom, wag en altyd maar die
sluiers....

Snaaks hoe 'n mens op die snaakste manier tot 'n betere insig kom van sekere probleme. In Holland het ek vir die eerste keer werklik die omvang van die woord onherroeplik begryp. En, vir die eerste keer het so 'n ontdekking vir my, lid van die latswaaiprofessie, seergemaak. Ek was besig om na 'n lesing te luister. Het nie baie van dit begryp nie want ek moes hard luister om die mense wat in die Kempen-gebied woon te verstaan.

Was hulle dan doofstom vir die gejuig van die skare?

Saans het ons 'n Brabantse koffietafel bygewoon. Koffie vir die Brabander was soos braaivleis by ons. Braaifeeste en waatlemoenfeeste. By Rooi Els om die draai. Alles was hier so netjies, fleurige kostuums, vaandelswaai-vertonings en baie 'spietse'- dit was nou toesprake.

En daarna my eerste kennismaking met *pilsjes*. Soos hulle met my tekere gegaan het, wou hulle nie te lank wag om my volbloed Brabander te maak nie.

'Ek is' - 'Ik ben'; Ek sê nou 'ik'

Vêr in die ou Kalaharie.

"Is jou vraestelle al gereed?"

"Ben je moe?"

Moeg of hartseer?

Sigaarrook laat my oê traan. 'n Grap van Van Duinkerken. Ka! Ka! Ka!

"Wat draai in die skool?"

"Skop skiet en donner".

"Waar moet ek nou wees?"

"By die 10 b's meneer".

Ek gaan, ek gaan nie meer, ek gaan, ek gaan nie meer...

Drie mense het my eerste treetjies in Nederland versag. Die burgemeester, ome Jan en sy vrou en seun wat my pleeggesin sou word. Hy was nog 'n egte burgemeester en as hy in die strate geloop het dan het die mense "dag meneer die burgemeester" gesê. En hy het 'n engel van 'n vrou gehad. Die seun het vir 'n tyd my "broerke" geword.

So was die pyn minder as gevolg van my verblyf in die gesin van die burgemeester van Hilvarenbeek. Hier sou ek gereëld heen hardloop naweke as die heimwee in Leiden te veel was.

Ek het in my kamer gesit en die Suiderkruis probeer vind. Altyd was daar die grou sluiers. Ons het aan tafel gesit. Hulle kon nie my Afrikaans goed volg nie. En ek het swaar gekry met hulle Brabants. En toe sê ek: "Mag ek 'n bietjie grondboontjiebotter hê?" Algehele verwarring. "Die wat?" Die potjie het die antwoord verskaf – *pindakaas* sou ek dit in die vervolgsnoem. So het ek hulle 'n bietjie Afrikaans geleer en hulle het my weer Nederlands geleer. Die t.v het 'n beeldradio geword. Snaaks hoe 'n mens altyd eers die grappige dinge uit 'n taal aan ander mense leer. Die 'pinup-girl' van die Nederlandse taal het 'n prikkel-

poppie' geword. Die 'scooter' 'n 'bromponie'. En my ou pleegvader se kar – hier het hulle dit 'n auto genoem – het ons omgedoop in 'n 'droomponie'. Miskien was ek gelukkig om my eerste treetjies in Europa in Brabant te gee. Die oorgang was nie so groot nie. Die skugterheid, gebore uit vrees vir die onbekende het later plek gemaak vir 'n groter spontaniteit. Saans het ons 'geborrel', of na interessante programme op die 'teevee' gekyk. Dan wou hulle verhale van my hoor – oor my land, die kontrei waar ek vandaan kom. Ek het die berge gemis en moes wag tot ek *The Sound of Music* in die bioskoop sien, om die bekende blou geriffelde formasies weer te sien. My pleegpa het van die ou liedjies op klavier gespeel en dan moes ek saamsing: *Wanneer kom ons troudag Gertjie*, en natuurlik het almal *Sarie Marais* geken. Ek het nie gedurf om aan hulle te sê dat ek en ou Sarie nie sulke groot pêls was in daai dae nie.

Dit was 'n soele aand. Stukke beter dan enige aand tot dusver. Die dominee en sy vrou sou saans op besoek kom, by die burgemeester, my pleegvader, wat 'n katoliek was. Die paartjie was verrassend jonk en uit hierdie ontmoeting sou 'n vriendskap groei. Halfingedoke, verskuil in 'n donkere hoekie kon ek die groepie mense gadeslaan. So af en toe was daar 'n vraag en dan moes ek aan die gesprek deelneem. Later het daar baie onderwerpe ter sprake gekom. Maar die indringendste gesprekke het altyd oor apartheid gegaan. Hier kon ek vertel wat ek wil, sonder om bang te wees dat iemand ons sou afluister. Die dominee was 'n vriendelike man wat nie geskroom het om sonderags te preek oor onreg, rassisme en apartheid nie. Hy het dinge gesê – soos hy dit gesien het en het my bondgenoot geword in die stryd teen die afskuwelike sisteem in my land. Hy het nie vër van die burgemeester's huis gewoon nie, regteenoor die Vrijthof – 'n ope grasperk met bome en huise daaromheen asook die kantore van die burgemeester. Hier sou die regter vroeër reg gespreek het – vandaar die naam vrijthof.

Eenkeer het hy my gevra om mee te gaan na Geel in België om iemand te begrawe. Geel was 'n plekkie waar mense wat verstandelik gestoor was vry kon rondloop in die dorp. Ons het met sy bromponie gegaan, die stowwerige paadjies van die Kempen-gebied afgery tot in die Belgiese gedeelte. Dit was 'n mooi dag en die Brabantse bosse het ons uitgenooi om te sing en uitbundig te wees. Ons het gesing op weg na Geel om daar Iseboud – so het die man geheet – te begrawe. Ons het hom nie geken nie, en hy het ook nie mense geken op hierdie aarde nie. Daar het ons dan gestaan, die dominee, 'n paar mense wat die kis met aarde sou bedek, en ek, nog vars van die Boland. Op die kis het alleen geskrywe gestaan, Iseboud 239 en 'n datum. Dit was eintlik 'n bietjie hartseer. Maar die dominee het daar iets waardigs van gemaak. En toe het ons weer teruggery, al singend die Nederlandse Kempen in.

Een aand het hy ontroerend gebed dat daar geregtigheid en vrede in Suid-Afrika sou wees.

Op 'n keer was ek weer op besoek. Hulle het twee kinders gehad en 'n hond met die naam van Dombo. Dit was warm en in die tuin van die pastorie wat baie groot was het ons met die bal gespeel. Toe het ek hulle 'n bietjie rugby geleer. En die dominee het lustig meegespeel en 'n Mannetjies Roux-duik laat sien. Dombo kon dit nie meer uithou nie en het begin hardloop van opgewondenheid en byna die dominee disnis geloop.

Hy was 'n dominee in die hervormde kerk en ek kon my lag nie bedwing as ek sy manewales aanskou nie en teruggedink het aan die dominees wat ek by die huis geken het nie.

Isak en Ingrid wat my gehelp het in die begin om te aanvaar.

Hy was uit Indonesië, klein van gestalte, met onmiskenbare sjinese trekke. Hy moes ook uitwyk van sy geliefde Bandoeng toe die land onafhanklik geword het, 'n speelbal van politieke omstandighede. Sy vader het Nederland toe gegaan met sy kinders. Kinders wat later almal artse of aptekers sou word. En 'n ou moedertjie wat nooit geleer het om goed Nederlands te praat nie. Maar haar kinders het almal universiteit toe gegaan.

'n Beskeie klop op my deur en my vriend was daar. Na baie jare is ons nog altyd groot vriende en deur die kinders wat my oom noem, noem ons nou mekaar 'Oom Willi' en 'Oom Vernie'. Ek het sy hartseer leer ken, sy verlange na sy land gehoor. En dit het my geleer om myne te aanvaar. Ek was nie die enigste balling in Leiden nie. Hy't baie oor Soekarno, oor Hatta en Soebandrio gepraat. Daar was duidelik respek vir hierdie mense wat teen die Hollanders baklei het om hulle land onafhanklik te kry. Maar dit was juis hierdie onafhanklikheid wat gelei het tot sy ballingskap. Heftig was die besprekings soms. Hy het my verhale vertel oor die lewe in Bandoeng, Sumatra en Jawa. Maar ook van die Hollanders wat nie so lief was vir die Indonesiërs nie.

Saans in my bed het ek verwarde drome gedroom, nou vasgevang tussen my eie land en die verhale oor sy land. Ons was albei prooi van 'n sisteem. Tussen Soekarno die nasionale held en bevryder en Soekarno die tiran het sy droom in skerwe gelê. Af en toe het hy verbitterd gesê dat dit beter was om te "stick to your own kind".

Maar dan het ek hom weer vertel hoe verskriklik so 'n filosofie in my land was.

Ons is nog altyd vriende en ek hoop om hom eendag my land te laat sien, net soos ek hoop om sy land te sien. Het Sjeg Yusuf dan ook nie daarvandaan gekom om in die Kramat by Faure sy laaste rusplek te vind nie? Ook hy was weggejaag deur die Hollanders uit die Ooste. As daar een troos was dan was dit hierdie: as ballinge het ons mekaar leer ken en liefkry, en ons wêreld het

oorgegaan, wyer geword, en ons het oë gekry met 'n blik daarin so wyd soos God's genê.

Ek het vandag my drie-eenheid in my kamer opgehang, aan die muur geplak. Almal het tog helde, waarom ek ook nie? Eros...Mars...Pandorus...'n prag van 'n drie-eenheid. Eros met kopulerende, saadvraende blik in die hoek aan my koppenent. Waar 'n beter altaar? – my bed – waar 'n beter oorsprong?...lewe! ...dood!...dood in jou bed as jy nog gelukkig is...maar wie vrek ook nou in sy bed? Alleen lafaards. Die helde in hulle eie drek.

Mars, Mars dan aan my voetenent...in die hoek...om my voete op te rig. Pandorus teen die plafon...Pandorus met hand op die dodelike doos. As ek dan moet vrek in die drek, waarom ook nie deel word daarvan nie. Eros en Mars, hulle sal my die genot verskaf, van my bed, van my lewe 'n varkhok maak...maar wat 'n lushof !

Ek sal opstaan en na my vader gaan – vader! – ek het geen vader nie! Skille vreet, doodslaan met 'n esel se kaak dybene versamel. Saans met Eros in 'dancings'. Die Europese jeug sien verstik in die drek! Rome, Athene, Parys 'n verlore glorie...hulle strooihalme. Hoere uitgegiet in allerhande vorms, uitdagend, tartend 'vyftien guldens 'n kilo'.

Ek swem in my geelbevlekte bed. Ek kan nie swem nie...het eendag in 'n maalgat beland...byna versuip, soos ek 'n keer gedoen het met 'n paar nuutgebore katjies. Heerlike, salige gevoel...'n sak swak, miaauende katjies, die ritueel...stof tot stof, as tot as...nee, water tot water...lewe die waterstofbomme ! Salige dood.

Die saad, ek verstik in die sluimerige bed, snak na asem, probeer nie te sluk nie...te laat.

Mars, Mars tot my redding. Mars en Marx, 'n foneem verskil, vroedvrou van die ou maatskappy as daar 'n geboorte op koms was. Mars en Marx. Maar die vroedvroue verdwyn. Lewe die vrugafdrywing. Vrek dan met 'n strydlied op jou lippe. Watter soort slaapliedjies sing die moeders in Vietnam? *Slaap kindjie slaap*- kruip in jou maaifoerie! Tel die mense daar ook skape wat oor die hek spring om aan die slaap te raak? Hulle't dan te weinig rys, laat staan nog skape. Watter dan in Kaapstad? – 'n wiegelied van Brahms? En, ek lees in die Groot Boek – soos kinders moet julle word om die koninkryk van die hemel te erwe. Kinders uit Da Nang? Kinders uit Jawa? Kinders uit Suid-Afrika? "Uit die blou van onse hemel met 'n dompas in jou hand" Rys? pangas? koeëls? – so kom hulle ook by die hemeldeur.

Die doos in 'n kits ope...kom 'n bors na my aangeswewe...suig dan suigling. Wat het ek nou aan 'n bors?

36-32-35 kodes na geluk.
36-32-35 kodes vir die oorwinning.
Lewe die Proletariër!
"Sien hier, julle God, my geliefde slawe".

Wie knabbelt aan m'n zieltje.

Amsterdam, 20 Mei 1997 – Saterdagoggend – Straks is hulle hier: Lewis Nkosi, literêre kritikus, dramaturg, digter. Mens. Hy het dit ver gebring, ver van Sophiatown. Johnny Matshikiza, die seun van Tod, beroemd vir die musiek van *King Kong*, en veels te vroeg dood. Tod self het 'n boek geskryf: *Chocolates for my wife*. Sy seun is grillig, talentvol, en hy drink soms te veel – soos soveel ander uit my land.

Arthur Nortjé is óók vroeg dood. Hy was nog maar in sy twintigerjare. 'n Briljante digter. Nortjé het in Oxford gestudeer. Later is hy na Kanada. Selfs digters moet eet. Wat soek jy ook in Oxford en Kanada as jy van Oudshoorn kom? Volstruiswêreld. Lewis praat maar steeds weer oor Arthur Nortjé, en sy te vroeë dood: aan drugs, aan heimwee? Miskien was dit ook onwil om verder in ballingskap te moet leef. Arthur Nortjé – Suid-Afrikaanse digter soos min – pragtige, ontroerende poësie oor die mensonterende omstandighede van my land. En toe laat hy gewoon die gaskraan oopstaan – "'n Skollieboy-digter is dood", skryf 'n ander balling uit Transvaal.

Lewis Nkosi het al te veel gedrink toe hy eindelijk aankom, hier by my woonstel in Oud-West. Hy moet weer kies – Zambië of Lesotho.

En ek moet kook. Ek het beloof om vir 25 mense te kook. Om te kook, is ook 'n vorm van kreatiwiteit. My Hollandse slagter het wel verbaas gekyk toe ek vir 115 gulden vleis kom koop. Tussen elf en halfvier het ek sewe, agt geregte gekook met klinkende name soos bobotie en briyani. Lewis lees gedigte vir my voor terwyl ek in die kombuis besig is. Hy lees een van Serote:

*if i pour petrol on a white child's face
and give flames the taste of his flesh
it won't be a new thing
i wonder how i will feel when his eyes pop ...*

Nogal wrang, as jy met die bobotie besig is – 'n Oosterse dis wat die Hollanders met die slawe uit Java saamgebring het – nou ja – saamgebring? Bobotie en maaltvleis en amandels, kerrie, piesangs, appelmoes, rosyntjies, sout, peper en suiker. Watter lydensweg moes ons swartmense nie gaan nie! En Lewis gaan steeds deur:

*And when my nostrils sip the smell
of his flesh*

*and his scream touches my heart
i wonder if i will be able to sleep ...*

Ons is darem maar "traanryk", ons Suid-Afrikaners. Só het Simon Vinkenoog my 'n keer genoem – "traanryk". Ja, ons Suid-Afrikaners kán treur. Soos die Jode. Hulle het selfs 'n muur gebou daarvoor. Die klaagmuur, noem hulle dit. Dikwels het ek hulle sien huil – dis nou die Jode. Mannetjies met baarde en hoede. Hulle dra altyd 'n hoed – gereed om te vlug – mans na links, vroue na regs.

Die Xhosa in Suid-Afrika sê: *Usana o Lungaliliyo Lufela embelekwani*. Letterlik: 'n baba wat nie huil nie, sterf. Maar figuurlik beteken dit: as jy verdruk word en jy sê dit nie, gaan jy dood. Die aand sit ons dan in Café Bern. Ek sou my digbundel, *O Snotverdriet*, lanseer. Dit was stampvol. Ons sou met 'n lied uit Suid-Afrika begin. Ek wou met Johnny Matshikiza begin. Maar hy het gebel uit Stratford on Avon om te sê dat hy eers tienuur daar kon wees. Gelukkig was Raxhetla daar. Hy is 'n nasaat van Moshoeshoe uit Lesotho. Almal was daar! Simon Vinkenoog – ghoeroe, vriend van die Weesperzijde, Jan Voorhoeve, kreoloog uit Leiden, Lewis Nkosi, Raxhetla en later ook Johnny Matshikiza. Wat 'n aand! "Traanryk" was dit inderdaad. Woorde is dalk nie koeëls nie. Maar miskien het ons tog 'n paar mense geraak.

27 Mei. Ek sou in die literêre kafee gedigte voorlees. Ek het die organiseerders gevra of Johnny en Lewis ook kon lees. Dit was grandioos. Ek het maar twee gedigte gelees. Johnny Matshikiza het sy kans goed gebruik. Hy is uitstekend: 'n akteur – sy stem vibrerend, diep onder kontrole. Die arme Suid-Afrikaanse blankes wat dit moet mis! Arm is hulle. Johnny kan net sy voet verskuif, en dis soos 'n koeël. En dan Lewis – bewoë, treurig, soos 'n 'negro blues' op 'n Sondag in Amsterdam. Magistraal was hy. En hulle ken nie eens die Nkosi's en Matshikiza's van Suid-Afrika nie!

Hier, in Amsterdam, waar dit alles begin het met die vyf skippies van Jan van Riebeeck in 1652, hier lees nasate van Shaka en Dingane met "ingehoue trane".

Ballings is ons, maar hopelik nie Breytenbach se "ballinge van die dood" nie. Nat Nakasa het in ballingskap gesterf, Arthur Nortjé ook - Ingrid Jonker het selfmoord gepleeg.

Lewis het dit ook bitter swaar gehad. En toe het Esther gekom, Esther wat hy *The Queen of Sheba* genoem het. Esther, vrou, vriendin, met 'herte-oë'. Van Esther kon ek soveel leer. Vir haar het ek pas geskryf:

*Ik kan je in de ogen kijken
Ik ben nooit geweest
de moordenaar van je volk ...*

In die Boland, waar ek vandaan kom, het ek heelwat Jode geken. Ek was toe al 'n ritualis.

Nou is hulle weg - Lewis, Johnny en Raxhetla! Net Esther is nog hier. As ballinge het ons ure lank troos gesoek in die feit dat ons weer saam kon wees. Daaroor het ek al so dikwels gedink - oor ballingskap, en alles wat ons aan Europa moes gee.

Dis byna somer. Dit reën. Amsterdam is besig. Duisende op straat. Soms sou ek dit wil uitskree: gaan weg! Tog het Amsterdam my gered. Ek het nooit in 'n stad gewoon nie. My dorp, waar ek my werklik tuis voel, lê tussen berge en wingerde. In Europa kan ek nie oor my dorp praat nie. Dan moet ek maar praat oor apartheid en politiek. Lewis is reg. 'n Balling is 'n halwe mens.

Amsterdam maak my partykeer mal, maar dit het my ook gered. Hier kan ek my met my poësie uitlewe.

In my stamkafee staan ek 'n pils vir 'n pensionaris. Ek voel ontspanne. Ek sit nog en herkou aan alles. My bundel *O Snotverdriet* is uit. Die aand in Café Bern was 'n hoogtepunt. Op die end sou die digters elkeen 'n versreël op die swartbord skryf. Kostelik was Johnny se reël:

Pappie, wat is een kleurling?

Een kleurling is iemand die kleurrijk uitgedost is.

'n Week later kom ek weer in die kafee. Idiote het daaróór gekras "wij zijn ook hier geweest". Kultuurbarbare! Vroeër, in Suid-Afrika, het ek gedink dat alle Nederlanders nasate van Elsschot en Slauerhoff is.

Ek skryf baie. My manuskrip, *Flagellated Skin, A Fine Fetish* is by Longmans. Dit gaan oor Suid-Afrika. Ek het so pas 'n lys gekry van die studente in Leiden, wat *colleges* wil volg oor die letterkunde van Afrika. Ek moet 'n berg sien. Pinkster gaan ek met Esther na Denemarke; sy was nog nooit daar nie.

31 Mei. Vandag is dit Republiekdag in Suid-Afrika. Oral word dit gevier, net nie deur die swartes nie. Rushika is vandag ag jaar oud. Ek mis haar baie. Maar "zwerven is verlangen en verlangen derven". Ons het toe na Abenraa gegaan. Esther vind dit vreeslik snaaks om my Deens te hoor praat. Ja, – soos Jan Frans Willems gesê het – die taal is gans die volk.

Dit was rustig in Abenraa. Ek het daar heelwat kon skryf, in Afrikaans, Nederlands en Engels. Die Kaap is so ver van Amsterdam en Denemarke. Straks is ons weer terug in Nederland. Almal is weg uit Leiden, en Amsterdam stik van die toeriste. Ek moet berge en see sien.

Miskien was Michael Slory, die Surinaamse digter, reg toe hy skryf:

*Makandra nomo
un sa brasa dan damgra
di tergi wi kra*

of in my Engelse vertaling:

*Only together
can we come to terms
with what nibbles at our souls*

Uit: Die Suid-Afrikaan, lente 1984

Trafs, eie sake of algemene sake?

Êrens onderaan op 'n binneblad van *Die Burger* het dit gestaan – 'n beriggie dat die Hoërskool Trafalgar miskien in 'n laerskool vir blanke kinders omgedoop gaan word. *Die Burger* het nog baie ander berigte gehad. Die Suid-Afrikaanse koerante was vol van die verkiesings en die nuwe bedeling vir 'n gedeelte van die nie-burgers in my land van herkoms. Teenoor al die optimistiese berigte van 'wittes' en 'bruines' en 'Indiërs' en die goeie dinge wat vir hulle almal wag, was daar die ou beriggie oor Trafalgar.

Nou is 'n mens al gewoond daaraan dat dinge in daai land verdwyn. Mense agter tralies, ouens oorsee, kinders te vroeg in grafte. En nou dan ook Trafalgar High School of 'Traf's', soos die skool onder die mense genoem word. Trafs, daar skuins teenaan De Waal Drive met aan die oorkant 'n park met hoë bome en daar tussenin 'n glimp vannie berge. Verder op was daar vroeër die Tafelberg-Hotel, en teenoor die houtwerkkamer so skuins bo Distrik Ses ou Isak se kafee waar 'n mens lekker samoesas kon koop. Almal nou weg,

Die skool is in 1912 gestig, en twee van die Kaap se grootste seuns, dr. Abdurahman en Harold Cressy, het 'n aandeel daarin gehad. Cressy was die eerste Suid-Afrikaanse 'kleurling' met 'n BA en ook die eerste skoolhoof van Trafs. 72 jaar gelede sou dit voorsien in die behoeftes van die nie-burgers van die land. En juis nou dat die mense vertel word dat hulle nie meer nie-burgers is nie, nou verskyn die beriggie dat Trafs moontlik sal verdwyn. Sewentig jare van tradisie weggeveeg. Vir die Afrikaners sal die beriggie seker nie veel sê nie. Want daai ander plek wat vroeër as die voorportaal van Trafs gedien het, het hulle ook somaar laat verdwyn. Nou lê Distrik Ses onderkant Trafs soos 'n geamputeerde bors.

Traf's was vir ons mense wat Paul Roos in Stambos vir die Afrikaners was en Bishops vir die Kaap se ware Engelse. Soos steeds in ons land se geskiedenis is die ou Kaap egter vir die blankes 'n *terra nullius*, om 'n geleerde woord te gebruik. Platweg vertaal: leeg, niemandsland, niks het bestaan voordat die blanke hier aangekom het nie. En niks bestaan wat die blanke nie opgebou het nie. Maar ons onthou nog die Trafs wat was.

Een van die eerste meisiekinders wat die Junior sertifikaat van die Universiteit van Kaapstad daar behaal het, was Rosie Waradea Abdurahman, die oudste dogter van die legendariese dr. Abdurahman. Deur die jare heen het die skool 'n gedugte reputasie opgebou. Alle belangrike figure in die Kaap en omgewing het hier skoolgegaan. Die mense het hul kinders gestuur van heinde en ver. Om te dink dat Alan Hendrickse ook miskien daar skoolgegaan het!

Manne wat hul spore in die vryheidsstryd verdien het, het hier hul opleiding ontvang. Die onderwysers het steeds bly gestreef na 'n menswaardige opvoeding.

Die eerste skoolhoof was die legendariese Harold Cressy. In later jare sou volg: S. Maurice (uit 'n ou bekende familie in die Kaap), H. Muller, P. Heneke ('Ou Pyp' was 'n begrip), A. Roux, (wit, met die bynaam van 'hondjies'), E. Steenveld (steunpilaar en TLSA-man van die eerste uur), C. Ravens (die ou het dit swaar verduur), Jack Maltzer (Latyn-onderwyser en lange jare deel van Trafts se geskiedenis). Die hoof nou is mnr. Ghoosaam Emeran, vroeër self 'n student van Trafts.

Cliffie Ravens was bekend as 'n eersteklas krieketer, maar het swaar gekry omdat hy aangestel was deur die destydse Departement van Kleurlingsake. En juis op Trafts was die ouens nie baie lief vir apartheid nie. Baie van die onderwysers was lede van die 'Teacher's League of South Africa', 'n onderwys-organisasie wat al in 1913 gestig is maar veral vanaf 1943 doelgerig en suiwer kant gekies het vir die stryd om burgerregte van alle verdrukke Suid-Afrikaners. Daarvoor moes sommige onderwysers ook boet by die regering. Trafts was 'n versetshaard en daarom nie geliefd by die regeerders nie. Maar onder die nie-burgers het die skool 'n simbool geword.

Die mees gevierde naam in die geskiedenis van die skool was Bennie Kies. Hy het Engels aan Trafts gegee, en is aanbid vir sy briljante gees, sy redenaars-talent, sy insigte in die politieke situasie en sy konsekwente afwysing van die mens-onterende apartheid. Niemand het meer invloed uitgeoefen dan Bennie Kies nie. Hy was die sprankelende, inspirerende voorbeeld vir die kinders – en vir die volwassenes. So geliefd soos hy onder sy aanhangers was, so gehaat was hy by sy vyande. Want daar was toe ook al ouens onder die bruines wat met die apartheidsregeerders geheul het. In 1955 het die regering hom 'geban', en van toe af mog hy nie meer skoolhou nie. Maar sy invloed kon hulle nie uitwis nie. Later het hy sy triomfe gevier as advokaat en toe hy sterf terwyl hy politieke gevangenes verdedig, het daar selfs in Londen 'n beriggie in die Engelse koerante gestaan.

Die lys van mense wat deur Trafts gevorm is, sal moeilik einde kry. 'n Mens vind hulle oral. Onder die 'Robben Island Graduates', dis nou die politieke gevangenes, onder die skrywers en digters, onder die ballinge oorsee. Waar hulle ook al is, dáár, soos by Trafts, dra hulle by tot die gemeenskap. Cosmo Pieterse, die akteur en skrywer, het eers les gegee aan Trafts. Mama Dean (Motjie) was al as aardrykskunde-onderwyseres 'n begrip onder die kinders. Bowen het naam gemaak as biologie-leraar. Edros (Pang), wat 'n goue medalje vir wiskunde aan die Kaapse Universiteit verwerf het, het ook hier les gegee aan Trafts. Daar was George Meissenheimer, Stanley Hamner, Ernie Steenveld – almal manne en vroue wat eendag as die geskiedenis van die Kaap herskryf word, geroem sal word vir hulle bydrae om 'n gesonde maatskappy weer

moontlik te maak. Basil wat sy lewe so moedig opgeoffer het by Wankie het hier skool gegaan. "Nou lê hy aan die verste grens van 'n vreemde land." So ook James wat nou op Robbeneiland sit. Die beroemde Gool-familie was nou verbonde met Trafalgar High School. Ekself het ook daar skoolgegaan – waar is dié dae nou?

Vroeër kon 'n mens geloop het vanaf Castle Bridge verby ou Salie Dollie se apteek (hy was uitgeskel as die eerste ou wat die bruines uitverkoop het), dan Willamstraat op en oor 'n stukkie braak grond. En aan die oorkant het dan die Hoërskool gelê. Hy lê nog daar, verwaarloos en vuil, soos vriende wat soms langs kom my vertel. Miskien eersdaags platgegooi om plek te maak vir 'n woonstelkompleks. Net soos Zonnebloem van ou mnr. Bloem en Chiappinnistraat waar die klonkies op 'n Sondagoggend rondgeloop het om lekker koek-sisters te verkoop van huis tot huis.

Of dalk word Trafs dan 'n blanke laerskool. Wie sou dit ooit kan voorsien het?

Twee van Trafs se studente het self die skoollied geskryf en die kinders het dit met trots gesing:

Per angusta – Ad angusta

*Trafalgar glorious name
Enshrined in many hearts
And thou shalt spread thy fame
In near and distant parts
Thy name we do adore
This day and ever more
The name, the very soul
That spurs us to our goal.*

En dan die refrein:

*O Trafalgarians, be ye proud
Extol that thrice blessed name
And raise your adorations loud
Thus shall we spread its fame.*

Die nuwe bedeling beweer dat die nie-burgers nou burgers geword het. Hier uit die verte, uit die land van Jan van Riebeeck – en nie van die gatkant vannie wêreld nie, soos Adam Small eenkeer geskryf het – hier wil ek en die ander Trafalgarians maar net een klein vragie vra: Trafs se lot, wat van ons Alma

Mater gaan word, sal dit nou beslis word onder Eie Sake of is dit ook maar Algemene Sake.

Uit: Die Suid-Afrikaan, somer 1985

Laat het ons ernst wezen, of: van Umntu tot Ubuntu

Die manne wil begin praat. Ten minste, hulle is nou hard besig om te ontdek dat daar ouens is met wie hulle móét praat – dis nou die ouens met regte en die ouens sonder regte, die 'burgers' en die 'nie-burgers', soos ons kleintyd al in die Kaap geleer is.

Dis mooi dat die burgers met die nie-burgers wil begin praat. Maar waarvoor wil hulle nou heeltemal na Lusaka toe trek? As ek die koerante hier oorsee oopslaan, dat skreeu dit op die voorblad uit: nóg 'n Suid-Afrikaanse afvaardiging wil gaan praat met die ANC. Nou was dit weer Nusas wat na Lusaka gegaan het.

In die Afrikaanse koerante lees ek dat die ouens op Stellenbosch ook wed- ywer om die grens oor te steek – en hierdie keer nie in Koevoete of Casspirs of wat die oorlogstuig ookal genoem word nie. En toe is ou P.W. só kwaad dat by somer hul paspoorte afvat.

Ek onthou nog dat die einste Stambos in 1959 diplomatieke betrekkings met die Ikeys verbreek het omdat hulle swart studente wou insluit in 'n span wat met die Maties sou debatteer. Ben Pieters was toe nog president vannie Stellenbosse ASB wat heeltemal nie so verlig was nie. Maar daai was vervloë jare.

Grensverleggers

Vandag is daar oral opgewondenheid as die groot kokkedore onder die sakemense, soos Gavin Relly, opdaag in Zambië. As ek geduldig wag, dan sien ek hom saans op die Hollandse beeldbuis saam met O.R. – dis nou Oliver Tambo van die ANC.

Ons is darem 'n stelletjie grensverleggers. Van Zyl Slabbert was ook daar toe hy nog nie met sy party gebreek het nie. Ek lees êrens dat selfs die kinders in Pretoria wil gaan praat. En hulle sê dat tot die Broederbond 'n kykie wil gaan neem. Oor hierdie ontdekkingsdrif vryf ek my oë uit. Maar dit is mos 'n ou laai van die manne daai.

Dit laat my dink aan die verhaal van die ou Indiaanse opperhoof wat vir die eerste keer na Rome gegaan het. Toe hy by die vliegtuig uitstap, het hy sy 'wigwam' somer daar oppie asfalt opgeslaan en luidkeels geskree: "Ek ontdek Rome! Dis nou my volk!" Die Italianers het gedink die man is kierewiet.

Maar nou ja, die Chieftin het maar net die voorbeeld gevolg van Amerigo Vespucci en Columbus en ons eie ou Jan van Riebeeck.

John Vorster

Die trek na Zambië het al begin met John Vorster van Koffiefontein-faam. Hy't toe lekker oppie brug gaan sit om met Kaunda te praat.

Hulle sê dat John Vorster trots aan Kaunda vertel het dat hy binnekort President van sy land sou word. Kaunda sê toe doodluiters: "Daai jobs reserveer ons in my land net vir swartes." En toe het P.W. Botha gevolg – om weer oppie grens by Komatipoort te gaan sit en praat met Samora Machel van Mosambiek.

Wanneer gaan iemand nou virrie kinders by die huis leer dat as jy in Xhosa sê: *Bota umnumzana Botha*, dit niks anders beteken nie as: "Dag, meneer Botha?" En as ek die aspiraasie nou me heeltnaal vergeet het nie, dan is P.W. Botha se naam gedoriwaar ook nog 'n Xhosa-woord vir vriendelikheid. So waarom is hulle dan so kwaad by die huis vir die kinders wat wil gaan praat? Hulle volg maar net in die voetspore van hul leiers.

Daar is ander kinders wat ook die grens probeer oorsteek – die kinders van die nie-burgers, wat gaan om vir hul regte te veg. Eerder het die mense agtergekom dat daar ouens op Robbeneiland sit wat hulle nie kan negeer nie. En toe hoor die kinders van die burgers ook van Nelson Mandela.

Eva, die Khoi-meisiekind, het ook op Robbeneiland gesit. En wat van daai groot man uit die Oos-Kaap, lank voor Nelson Mandela, wat ook daar opgesluit was. Ek praat nou van Makhandla – hom van wie die Nguni-sprekers in my land gesê het: *Kukuza kukanxele* – vry vertaal: Hy sal terugkom. Maar hy't nooit teruggekom nie.

Mandela kom ook uit die Oos-Kaap. Maar van hom weet die nie-burgers al lankal. *Ufukile*— hy't lankal aangekom, is daar in hul midde,

Die kinders uit Stellenbosch, Kaapstad en Pretoria kan nog reken op baie verrassings. Hulle moet nie net vir O.R.Tambo 'ontdek' nie, maar ook vir Yusuf Dadoo en baie ander name wat hulle aanvanklik nie eens sal kan spel nie. Dis nou 'n ander soort (his)torie daai. Dadoo is as 'n held begrawe in Highgate begraafplaas, hier anderkant in London, 'n paar voetstappe weg van Karl Marx. En wat moet ou Marx nie gedink het toe dr. Dadoo toegedek is onder die geprewel van Moslemgebede van ouens vannie huis nie?

Dié ontdekkings is ou-kos vir mense sonder regte. Maar virrie mense uit die wêreld van weelde geskape deur apartheid? O Jirre! Hulle sê mos dat Clements Kadalie se 'Industrial Conciliation Union', afgekort tot ICU, gestaan het vir: I C U, white man!

Ontdekkingstogte! Storms het die burgers in hul klein skippies geteister, op pad om hul heil en rykdom oral in die wêreld te gaan soek – ver weg van huis, in Amerika, in Asië, in Afrika. En nou teister die storms hulle weer – politieke storms – op die nuwe ontdekkingstogte om hul heil oor die grens te gaan soek. In plaas vannie manne net huis toe te laat kom. Om die probleme te help oplos.

Want een ding is seker – dis 'n waarheid as 'n koei, soos Boerneef altyd gesê het: Sonder die ANC, "I wonder what our fate will be".

Dié optog oor die grens: is dit nou eindelijk die deurbraak van *umntu* (mens) tot *ubuntu* (menslikheid)? Of is dit maar weer die ou pot lensiesop: *Ilizwi likajakobi kodwa isandla sika-Esau* – die Stem van Jakob maar die Hande van Esau?

Kasterolie

Toe ek nog innie Boland gewoon het, had ek 'n vriendjie wat las gehad het van wurms. Sy ma het hom altyd kasterolie ingegee – daai spul wat sommer alles laat uitkom. Nou het daar iets snaaks gebeur. Die liggaam het altyd uitgekom, maar die kop het gou-gou weer 'n ander een aangegroei.

Hoe ver moet mens ry om dit agter te kom?

Kukuza kukanxele – hy sal terugkom...

Uit: Die Suid-Afrikaan, herfs 1986

Ek sal ook dinge van Basil in my knapsak stop – as deel van my padkos huistoe...

Marius Schoon het in sy kraakrype stem gesê, terwyl hy die lessenaar vasgegryp het: "Laat ons nie vergeet dat twee van die grootste helde van die ANC albei Afrikaans as hulle moedertaal gehad het nie. Die een was Bram Fischer, die ander man was Basil February." En, toe moes ek wal gooi, want Hwange (Wankie) was nog nooit so naby in my lewe nie.

Dit was verlede jaar by die Victoriavalle-beraad waar Afrikaanse skrywers en senior lede van die ANC vir die eerste keer amptelik ontmoet het – meer as 20 jaar nadat die eerste groepie Suid-Afrikaners in 1967 saam met Zimbabwiërs oor die Zambezi gegaan het om as lede van die Luthuli-afdeling van 'Umkhonto we Sizwe' hulle deel by te dra tot die bevryding van Suid-Afrika. Onder hierdie groepie manne was daar iemand wat ek baie goed geken het, vlees van my vlees, bloed van my bloed. Hy het die skuilnaam Paul Peterson gebruik. Paul, die naam van ons oupa, en Peterson, sy ma wat uit Riversdal gekom het, se van. Hierdie mannetjie was Basil Paul February wat op baie jeugdige ouderdom sy lewe vir die vryheid van ons land gegee het, as lid van die ANC.

Vandag word hy beskou as een van die grootste helde onder die ANC-aanhang en ek het ook mense uit Soweto ontmoet wat sy naam geken het. Selfs die Afrikaner Al Venter, wat nou nie baie bekend is as iemand wat die strewe van die onderdrukte van sy land goedgesind is nie, moes eerlik toegee in sy boek: *Coloured. A Portrait of Two Million People* (1974) dat Basil een van die moedigste vegters van die ANC was. Ek haal hom hier aan:

"Een van hulle, Basil February, oorspronklik uit die Kaap, het gedurende die sestigerjare die rol wat hom toebedeel was van iemand wat op rassegronde ondergeskik was, afgeskud en hom aangesluit by 'n guerrilla-groepering wat daarop uit was om Suid-Afrika binne te val. Op die eerste dag van hulle tog is hy gedood deur die Rhodesiese veiligheidsmagte, ná 'n geveg wat die hele dag geduur het en waar daar honderde mense en ook vliegtuie by betrokke was. February en sy mede-guerrillas het tot die laaste snik toe geveg in die Zambezi-vallei totdat hulle geen koeëls meer gehad het nie en die meeste van hulle dood was. Sommige is gevange geneem alleenlik omdat hulle niks meer had waarmee hulle kon veg nie. Niemand van hulle het hulle gewillig oorgegee nie. Agterna het die Rhodesiërs van die groep se vasberadenheid gepraat en hulle het veral verwys na February se dapperheid. February het 'n martelaar geword en is vandag baie bekend onder die meer politiek bewuste mense in die Kaap."

Al Venter het ook oor 'n ander bekende, James April, geskryf en hom nie so eerlik behandel nie, hy wat 15 jaar op Robbeneiland 'gebat' het. James was bewoë en getrou aan sy vriende en ideale en hy het 'n hoë prys daarvoor betaal. Vir ons is hy 'n held! Nog 'n onwaarheid om op te ruim!

Vir Basil het ek gehuil toe ek die nuus hoor in Leiden, omring deur vriende uit Ghana, Amerika en natuurlik met Dan Ncayiyana ook teenwoordig.

Ons – ek en Basil – was uit Somerset-Wes. Duskant die hoërskool, net voor die nasionale pad en met die Helderberg teen die agtergrond, in die begraafplaas, daar lê ons mense, ons oupa, en ouma, ooms en tantes, moeder en vader. Is dit historiese toeval dat die ANC in Mei vanjaar juis in 'n hotel in Somerset-Wes moes tuisgaan?

Basil was van kleins af al grillig briljant. In my laai het ek 'n foto van hom met sy suster, so 'n opgeskote kind, met so 'n mooi swart kuifie vorentoe gekam en 'n baadjie en wit hemp aan. Onskuldig, miskien vervul met drome van wat hy eendag sou doen. Hy was toe so 'n jaar of ses of sewe. 'n Kind van ons land waaraan geen tekens te sien was dat hy eendag sy dood sou vind in die Zambezi-vallei nie.

Sy tak van die familie was die Ahasverosse, wat altyd getrek het, op verskillende plekke gewoon het in die Kaap, van Somerset-Wes tot Wolseley tot aan die Weskus by Stompneusbaai. Hier het sy pa, Oom Paul wat musikaal so begenadig was, werk gekry by Irvine en Johnson. Hier het ons mekaar van tyd tot tyd gesien.

Ek onthou veral een keer toe ek hom opgesoek het. Hulle huis het teen die duine gestaan. Basil wou rook maar had geen rookgoed. Hy't toe na die fabriek geloop om te leen by 'n vriend. Ons het ons skoene uitgeskop en kaalvoet deur die seesand geloop. Oral was daar die gekerm van die seemeeue wat om ons heen gerondmtalie het. Baie later sou ek terugdink aan daardie dag op Stompneusbaai.

Ek het nog 'n keer so met hom geloop, saans laat deur die strate van Distrik Ses. Dit was so 'n druilige aand, meer oggend. Hy was toe op hoërskool – Trafalgar – en ek het net begin by UCT. Basil het by Edros ingewoon, een van die manne wat sy naam gemaak het in die Unity Movement. Edros het wiskunde op Trafs gegee en was ook ontvanger van die klasmedalje op UCT. Saterdag het die befaamde dr. Goolam Gool altyd by Edros kom kuier. Dan het hulle gestry oor politiek, oor Marxisme. Maar as die voggies getrek het, dan het die gesprekke ook slegter geword. Ek onthou ook Goolam Gool se begrafnis – toe die manne hom gedra het op 'n baar vanuit die Kaap Mowbray toe, 'n held onder helde.

Een van daai Saterdag het ek by Kazi, soos ek hom genoem het, kom opdaag. Saans laat wou hy rook en ons het toe een van die kafees in die Distrik Ses opgesoek. Van 'n Griek, as ek nie verkeerd is nie. Dit het gereën en hy't 'n

wit handdoek om sy hoof gedraai en geloop, verby die apteek van ou Salie Dollie, wat ons beskou het as 'n verraaier omdat by met die Boere saamgewerk het.

Basil het ses A-simbole gehaal toe by sy J.C. aflê. Hy het ook vroeg 'n reputasie verwerf dat hy Karl Marx en Trotski verslind. So het mense gesê dat by in sy J.C. Karl Marx se *Das Kapital* gelees het. Hy het aandag getrek met sy insig en sy belesenheid en die kritiese wyse waarop by dinge kon analiseer. Hy wou in die regte studeer, maar inmiddels was die wet op geskeide universiteite 'n feit en UCT kon alleen maar ouens inskryf vir medisyne. Baie ouens wou regte studeer; daar was iets heroïes aan die beroep.

Toe Bennie Kies advokaat word, het die mense van die Unity Movement met 'n heilige ontsag oor hom geskryf. Ek het in die tussentyd onderwyser geword aan Trafalgar High waar ek Afrikaans gedoseer het.

Aan die einde van die maand het Basil en sy vriend Jenneke by my opgedaag, hy om geld te leen. Toe ek pad vat Nederland toe in die begin sestigerjare, het Basil in die moeilikheid gekom. Saam met James April het hulle hom betrap terwyl hulle die mure van Kaapstad beklad het met leuses teen die regering. Hy was mooi om te sien, twee moesies aan beide kante van sy wange, swart hare en bruin oë. Nou staar hy my aan vanaf 'n poster, met 'n soort Che Guevara-gesig!

In 1964 het daar baie dinge gebeur in die land. Neville Alexander het later tronk toe gegaan, Leftwich, Alan Brooks en Stephanie Kemp was voorblad-nuus. En Mandela en sy mede-stryders is ná die Rivonia-verhoor gevonnies.

My een swaer het as lid van Neville se groep vyf jaar gekry net toe my niggie haar eerste kind in die wêreld gebring het. Later het ek van vrinne gehoor hoe Basil die grens oorgesteek het. Daar was 'n grappige kant aan die storie. Hy't altyd so 'n varkleerbaadjie gedra. Net toe hulle aan die oorkant was, in Botswana, het Kazi onthou dat hy sy baadjie uitgetrek het en dat hy dit vergeet het aan die Suid-Afrikaanse kant. Koppig soos by was en lief boonop vir daai varkleerbaadjie, het by besluit om terug te kruip om dit te gaan haal. Want hy wou nie die vreemde in trek sonder sy geliefkoosde baadjie nie.

Daarna het ons nie meer kontak met mekaar gehad nie. Een keer het ek van iemand gehoor dat by hom gesien het in Afrika, en iemand het my 'n foto getoon in Europa waarop ek gedink het dat ek hom herken. Ouens wat saam met hom opleiding as guerrilla gehad het maar later weggeloop het van die 'movement' en in ander probleme beland het in Europa, het my van hom vertel.

Hy't hoog opgeklim in die ANC. Sy lesings in die kampe het legendaries geword. Ek het sy analise gesien van Afrikanerdom soos hy dit in 'n lesing weergegee het aan sy kamerade in die kampe in Afrika. Dit was skerp, en grondig. Hierin het by gepleit daarvoor dat die onderdrukte klasse nie die

Afrikaner-werkerklasse heeltemal moet verwerp as 'n moontlike bondgenoot in die stryd nie. Hy kon nooit weet dat die ANC later met Afrikaners sou praat nie, en as hy nog geleef het, sou sy bydrae aan die gesprekke belangrik gewees het. Die aantekeninge het ek nog altyd in my besit.

Daar was baie dinge van hom wat ek later teëgekom het. Wyle Alex La Guma het my eenkeer 'n kortverhaal van Basil gegee. Dit was in Engels geskryf maar was nooit in dié taal gepubliseer nie. 'n Duitser het die verhaal in 'n bundel ingesluit onder die titel *Das Pakket*.

Net voor sy dood het hy ontroerende woorde uitgespreek wat ek hier sal probeer om weer te gee in my woorde:

"Almal van ons het moeders en vaders. Sommige van ons het vrouens en kinders, sommige van ons het geliefdes agtergelaat. Sommige van ons had graag gestudeer om dokters te word, of wou miskien in fabriek werk. Al hierdie dinge was miskien vir ons weggelê. Maar so gaan dit nou een maal met revolusionêre. Ons het gesweer dat hierdie dinge nooit weer sal gebeur met ons kinders nie. Soos een van die grootste martelaars in die skadu van die galg aan sy kamerade gesê het: "Kamerade, laat ons altyd op ons hoede wees".

Ek het my ouma se knapsak geërf en belowe dat ek dit eendag huis toe sal neem gevul met padkos. Ek sal ook dinge van Basil in my knapsak stop – as deel van my padkos huis toe en met die wete dat hy nie verniet gesterf het toe hy maar net besig was om te begin met sy twintigerjare nie. Want, soos José Martí dit uitgedruk het:

*Ek het in die monster gewoon,
Ek ken sy ingewande
En aan my is gegee
die slinger van Dawid.*

Uit: Die Suid-Afrikaan, Junie 1990

Op sy graf het ek blomme gaan sit, met Ma Jordan...

Ek was pas in die junior gedeelte van die hoërskool Trafalgar in Kaapstad toe ek hom vir die eerste keer in my lewe gesien het. Die *Non-European Unity Movement* was baie aktief op politieke gebied en in die skool waar ek was, het die *Teachers' League of South Africa* (die League) koning gekraai. Die League is in 1913 opgerig onder invloed van die legendariese dr. Abdurahman. In die Kaap was daar 'n klompie manne wat gestudeer het en diskussie-groepe opgerig het in navolging van die Cordelier-klubs in Frankryk. Die voorhoede in die jare dertig het bestaan uit sulke uitmuntende manne soos onder andere Bennie Kies, die Maurice-broers, Edros, Meissenheimer, en die Hamners, Dean, Dudley en Grammer.

Destyds het die mense hulle ook georganiseer volgens die heersende tradisies. So is die federale sisteem as ekskuus aangebied vir die feit dat daar organisasies vir 'kleurlinge', swartes en Indiërs was. Dit is ook die rede waarom die onderwysbond vir swartmense die *Cape African Teachers Association* (CATA) geheet het. Die belangrikste figure in CATA was Honono, Sihlali en I.B. Tabata, wat bekendheid geniet met sy boek *Education for Barbarism*.

CATA en TLSA was tweelingsuster-organisasies. So teen die einde van 1950 was die Parade en die ou Drill Hall die toneel van baie woorde-skermutselings tussen die regering, die TLSA en CATA. Die saal was vol as daardie geniale en begenadigde spreker Bennie Kies die podium betree het om die Nasionale Regering se apartheidsbeleid aan flarde te skeur.

Hier het ek A.C. Jordan vir die eerste keer gehoor – in die ou Drill Hall. Hier het ek vir die eerste keer kennis gemaak met die mag en die krag en die skoonheid van die *intsomi*, die verteller wat so boeiend sy verhaal kon vertel dat dit 'n les was vir sy gemeenskap. A.C. Jordan was briljant, geestig, menslik, 'n geleerde van formaat en 'n leermeester sonder weerga. Doc of A.C. soos by liefderik genoem is, het soms die Afrikaanse verhaal gebruik om die situasie te ontmasker, te ontmitologiseer. Dit was hy wat my later my *pasupata* – my wapen om te oorleef in ballingskap – sou verskaf (om nou maar dié Sanskrit-woord te gebruik). Met sy vol, ronde gesig wat so skalks in 'n laggie kon uitbars, het hy invloed uitgeoefen op mense in sy omgewing. Hy was 'n meester van die spreuke, waarin so baie wysheid opgeslote is.

Een van die spreuke beheers nog my lewe: *isizibasiviwa ngodondolo* – die onderste van 'n poel kan 'n mens altyd bereik as jou stok lank genoeg is. Daai *undondolo*, waarmee 'n mens altyd kan soek, kan peil, het my in die vreemde gered. En nou dat dit lyk asof die pad voltooi gaan word, wys die *undondolo* maar één rigting – huis toe.

My eerste werklike ontmoeting met my leermeester het geskied as gevolg van iemand anders. Dié man was Irvine Combrinck, destyds op Trafs om sy proefonderwys te doen. Ek was pas in standerd tien. Dit was hy wat gevra het of ons belangstelling het om Xhosa-lesse by hom te neem, in die namiddag. Combrinck was ook 'n student van A.C. Jordan. Ek is baie bly dat hy A.C. Jordan se lesse aan ons probeer verduidelik het.

Die klasse het my lewe radikaal verander. Die Universiteit van Kaapstad was toe nog eufemisties bekend as 'n sogenaamde ope universiteit. Doc Jordan en Daniel Kunene was die twee dosente in wat toe nog bekend gestaan het as die departement van Bantoetale. Jordan was 'n gigant in Nguni-tale en Kunene in Sotho-tale. Hulle kon wel doseer, maar die professor was altyd wit. In daardie jare was dit G.P. Lestrade.

Die kampus het merendeels bestaan uit blanke studente met tussenin 'n klompie manne en vroue uit die onderdrukte klasse. Fikile Bam was daar, so ook Archie Mafeje en Jonty Driver, Neville Alexander, Allan Brooks en baie van die mense wat die geskiedenisboeke sou haal as teenstanders van die sisteem van apartheid. Ek het nog meegeloop in die mars wat Phillip Kgosana in sy kort blou broekie en die bruin baadjie gelei het. En gejuig as student van 'African Government and Law' toe Jack Simons triomfantelik na sy klas teruggekeer het ná maande in die tronk.

By A.C. Jordan het ek dan gestudeer. Sommige van my medestudente sien ek nou nog voor my. Daar was Rudie, 'n Afrikaner, wat 'n tolk was vir die ou 'Native Courts' en gedink het hy ken die Xhosa-taal. Hy't toe lekker Xhosa 1 gedop en moes 'n toontjie laer sing. Die Xhosa wat hy opgetel het was sommer 'n soort *ghoera-gharra* Xhosa, wat sy bestaan te danke gehad het aan die feit dat hy 'n Afrikaner was in 'n posisie van magsuitoefening. Daar was Colin wat Engelssprekend was en so hard geswot het dat die leerproses eina seer gemaak het. Ook hy moes buig in die Xhosa-klas.

Die skoonheid van die taal, veral die onvergeetlike ideofone, later deur Jordan gedefinieer is as "half byvoeglik, half-bywoordelik, met klanknabootsende elemente" sou ek nooit vergeet nie. *Uboya bekati bumfun-fum* – Die hare van die kat so sag, sy-agtig – *mfum-fum...*

En: *Isela lathi qhumpu! Qhumpu! Qhumpu!* Die geluid, nabootsend, wat die padda maak as hy of sy in die water PLONS: *qhumpu!*

En: *Xhwegazana phak'iphapha! Xhwegazana phak'iphapha!* Die trein se nagalm as dit deur die vlakke van Suid-Afrika raas of deur die berge sukkel. En, die betekenis: "Ouma ek wil my pap hê".

Maar die spil waarom alles gedraai het, was dr. Archibald Campbell Jordan, gebore op 'n dorpje in die Oos-Kaap. Hy kon so boeiend vertel en doseer dat die anders so ingewikkelde klassesisteem wat die basis vorm van Xhosa en Zoeloe maklik was om te leer. Met geduld en liefde het hy ons die *concorde* geleer wat

weer so belangrik was in die sinsverbuiging, stap vir stap. Die lesse kan ek nog so herhaal. En toe ons die klassesisteem onder die knie gehad het, wat in hierdie geval alles met Afrika te maak het en niks met Marx nie, toe kon ons sinnetjies maak:

Amahase ayabaleka – Die perde hardloop weg.

Amabhuru ayabaleka – Die Boere hardloop weg.

Abantu bonke bafuna inkululeko – Alle mense wil vrede hê.

Namate die lesse van Doc Jordan gevorder het, het hy ons voorgestel aan die verhale. Verhale waarin 'n mens die Afrikaanse makro- en mikrowêreld kon herken en kon terugvind. Waarom mense doodgaan? So het ek van hom geleer dat dit die verkleurmannetjie – ons trapsoetjies – was wat 'n belangrike rol in die doodsproses gespeel het... Maar dit was veral sy verhale waarin verduidelik word waarom bepaalde diere bepaalde eienskappe het wat my so aangetrek het. So het ek vir die eerste keer geleer waarom die haan soggens sê: *Vukani lonke lusapho! Ma sifuna isitshixo!* wat weer beteken: Word wakker my familie, laat ons die sleutel gaan soek, terwyl die hoenders oral in die grasperke, in die ashope, rondkrap en soek!

Maar die onvergeetlikste verhaal sal vir my altyd wees die ene oor die slange en die muise, die *iimpuku neenyoka*. In hierdie verhaal kom ek Blake se *Songs of Innocence and Experience* teen, die probleme van my land, die oer-misterie van waarom dinge verkeerd gaan. *Iimpuku neenyoka* het ek duisend kere vertel, die verhaal het myne geword, met my eie klanksisteem en nuanses. Die muise en die slange wat so onbevange met mekaar gespeel het in die Afrikaanse veld voordat hulle van hulle ma gehoor het dat hulle eintlik vyande is.

Dit was die groot padkos wat Doc aan my gegee het om mee te neem in my ballingskap – die soveelste *mfecane* in ons geskiedenis.

Die invloed van Doc Jordan op die intellektuele diskussies in die Kaap was groot. Toe die taalsituasie nog nie eens 'n onderwerp van gesprek was in akademiese kringe nie, toe het A.C. Jordan en Hoseah Jaffe al 'n polemieks daarvoor gevoer in die kolomme van die *Educational Journal* van die TLSA. Die artikels het verskyn onder die titel *A Short History of the Language Question in S.A.* en is gepubliseer tussen Oktober 1956 en Februarie 1958. Jaffe het geskryf onder die skuilnaam V.E. Rylate, wat ironies eintlik 'very late' beteken het. In daardie dae al het A.C. Jordan gestry daarteen dat die een taal verhewe is bo die ander in Suid-Afrika. Sy artikels sou 'n mens verpligte voer vir studente moet maak noudat daar so baie gepraat word oor 'n nasionale taal en letterkunde.

In sy klasse was Jordan nou betrokke by sy studente. So het ek ook die eerste treetjies na sy huis gemaak. Hier het my vriendskap met Pallo begin, met

Lindiwe, met Nandipha. A.C. se roman, *Ingqumo Yeminyan-ya – Wraak van ons voorvaders*, sal altyd 'n klassieke werk in Xhosa-literatuur bly.

Laas op CASA (Culture in another South Africa) se konferensie in Amsterdam in 1987, het A.C. se seun Pallo, nou beroemd as lid van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee, die kongresgangers verras deur die verhaal van Ullyses te vertel wat oorproppe in die ore gestop het van die slawe wat die skip moes roei, en homself aan die mas vasgemaak het sodat hy en hy alleen ongestoord die mooi musiek kon beluister. En hy't ook die verhaal vertel van die man met die beeldskone vrou wie se skoonheid hy met niemand wou deel nie en haar toe slegs saans uitgelaat het. Dié verhale het laat blyk hoe onderdrukking werk. Een van die kamerade wou nog teëstribbel, want hy kon geen van sy klasse-teorieë vind in die verhale nie. Maar Pallo het by sy verhaal gebly. Ook hier was Doc aanwesig.

In 1960 het ek die klasmedalje vir Xhosa van Doc ontvang. Ek poets dit gereeld as eerbetoon aan my meester. In 1960 het A.C. 'n Carnegiebeurs ontvang, maar die regering het hom 'n paspoort geweier. 'n Paar dae later het hy gevlug via Botswana. Dit het ek later gehoor, want hy het nog 'n getuigskrif vir my agtergelaat wat ek later van Pallo ontvang het. Ek het dit nou nog in my besit, gedateer 11 Augustus 1961 – een van my kosbaarste aandenkings aan die man. Jordan het later aan die universiteit van Kalifornië 'n professor geword en uiteindelik beland in Wisconsin, Madison, waar hy hoof van Afrika-tale sou word.

In 1964 het ek self padgegee. Van tyd tot tyd het ek berigte gekry oor my leermeester. Daniel Kunene het ook padgegee. Maar die noodlot sou ons weer bymekaar bring. Kunene het 'n professor geword, ook aan Wisconsin. In 1968 het Doc Jordan gesterf. In 1978 was ek self verbonde aan Madison as 'vis. prof.'.

Ma Jordan, soos ek haar noem, het toe spesiaal gekom van Detroit om my te sien. Op sy graf het ek blomme gaan sit, met Ma Jordan wat as Phyllis Ntantala *The Widows of the Reserves* geskryf het en Daniel Kunene se steunpilaar, Selina. Naas A.C. is sy dogter Nandipha begrawe. Dit was stil daardie middag toe ek voor die grafte kniel in Wisconsin. Hy, kind van die son, nou winters toegedek met sneeu. Ek het aan die Afrikaanse reëls gedink: "Hier wil ek eendag rus / hier teen die hang / maar min het by geweet waar hy eendag sal lê / Nou lê hy teen die verste rand / van 'n verre vreemde land"

Noudat die pad huis toe wys, lees ek weer gereeld Jordan se aantekeninge. En, ek moes dink aan die storie van die vlermuis, die *Ilulwane*, wat toe die voëls en die diere rusie gemaak en baklei het, ontken het dat hy 'n dier was maar ook dat hy 'n voël was. En terwyl hulle baklei het, het die *Ilulwane* weggekrui en slegs saans buite toe gekom. Maar hy was eensaam en het sy vriende gemis. Toe die oorlog oor was, wou hy lekker gaan fees vier. Maar hulle het hom weggejaag, die diere en die voëls, want hy wou nie dier wees nie en ook nie

voël wees nie toe hulle hom nodig gehad het. Die reëls wat die vlermuis hoor as hy wil fees vier, sal ek nooit vergeet nie:

Thina zilo sizizilo ngamaxesa, onke ngexesa loxolo nangexe sa lemfazwe – Ons, die diere, ons is diere ten alle tye, ten tye van vrede en ten tye van oorlog.

Die oorlog is byna verby. Prof. A C Jordan, my leermeester, was reg! Alleen die vlermuise, die *ILULWANE*, sal dit moeilik hê in 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika.

Uit: Die Suid-Afrikaan, Augustus 1990

Oom James – die man met die goddelike stem

Daar was 'n groot anti-apartheid naweek in Antwerpen. Johnny Matshikiza, die seun van Todd, was ook aanwesig. En James Phillips. Hier het ek hom vir die eerste keer in my lewe gesien. Jy kon die man ook nie misloop nie. Hy was fors gebou in die beste voorryman-tradisie van ons land, maar had ook die postuur van 'n tenoor. Want die man kon sing!

In Antwerpen het ek vir die eerste keer kennis gemaak met sy goddelike stem. Hy het meestal vryheidsliedere uit Suid-Afrika gesing – *Amajon, Nantsi Ndoda, Irele* – en het dan geëindig met *Nkosi Sikelel' iAfrika*. Die man het die skare in vervoering gebring met sy stem wat so kragtig was en so mooi dat dit elke hoekie van die Suid-Afrikaanse balling se lewe gevul het. Hy kon jou laat tjank as hy so die landskappe van vervloë tye omtower met die pragtige liedere, en terselfdertyd kon hy jou 'n gevoel van trots hier in die vreemde gee. Toe ek pas in Leiden aangekom het as student het ek 'n plaat van Paul Robeson gekoop. Ek onthou nog dat in my tuisdorp, Somerset-Wes, daar 'n Oom Jimmy was wat elke Saterdag so lekker droewig *The Old Kentucky Home* kon sing. Vir my was dit een van die trieste en mooiste liedere wat ek as kind gehoor het. Op die plaat het ek dit weer gehoor, so ontroerend vertolk deur Robeson.

James Phillips het 'n stem gehad soos Paul Robeson. In later jare sou hy selfs op Robeson-feesvieringe uitgenooi word om as huldeblyk aan die man te sing.

Daardie aand was ons op besoek by twee mannetjies van die huis. Hulle was wittes, maar die een klonkie se hare het "lekker saad geskiet" soos ons in die Kaap gepla het. Dit was tweeuur die oggend. Een van die kinders, hulle was nog bloedjonk, het 'n foto van sy ouma aan James Phillips gewys. Hy het dit bekyk, sy mondhoeke gekrul en toe gesê: "Ek ken die ou vrou. Sy't 'n dogter met die naam van Rosie". Die mannetjies het toe gehoor wat hulle al lankal vermoed het: dat hulle bruin is.

Oom James was 'n mensekenner wat lekker kon vertel. Alles wat hy met sy sang verdien het, het hy aan die 'Movement' (die ANC) geskenk. Hiervoor het hy gelewe. Ek het hom later baie goed leer ken. Oral het hy kore opgelei om die Suid-Afrikaanse vryheidsliedere te sing. Dit was geen ongewone gesig om Hollanders of Duitsers die liedere van eerw. Calata of Vuyisile Mini, wat later in Suid-Afrika opgehang is, te hoor sing onder aanvoering van James Phillips nie. Hy sou ook die mense uit Wallis, wat tog al so lief vir sing is, dié liedere leer. En net voor hy gesterf het, het hy mense in Amerika in vervoering gebring.

Oom James het gereeld Holland toe gekom. Hy't altyd opgebel, dan het sy bekende laggie gevolg en altyd op Afrikaans: "Ou boetie, ek's hier".

Nagte lank het ek met hom sit en praat oor sy lewe in sy Suid-Afrika. Vir my was dit so aangrypend, 'n tipiese Suid-Afrikaanse drama.

In die begin van die twintigste eeu het 'n Skotse meisiekind las gekry met haar gesondheid en toe op advies van haar dokter Transvaal toe gekom. Hier het sy by blankes kos en inwoning gevind as hulp in die huishouding. Die blankes het ook 'n Sjangaan-sprekende in diens gehad. In die naweke as die Skotse vrou vry was, dan wou sy presente koop uit Afrika om aan haar familie in Skotland te stuur. Sy het dit aan die Sjangaan vertel wat haar toe na sy broer gestuur het wat juis sy kos verdien het deur beeldjies, krale en handwerk te verkoop. So het die skraal-geboude Skotse meisiekind en die jong Sjangaan mekaar ontmoet. Ek het 'n foto van hom gesien, netjies gekleed met so 'n bakgat hoed op.

Miskien was dit die Transvaalse lug. Die twee het smoorverlief op mekaar geraak en planne gemaak om te trou. Alhoewel daar geen wette was soos ná 1948 nie, was dit nog altyd Suid-Afrika aan die begin 1900. Die twee het toe uitgewyk Kaap toe waar daar 'n Anglikaanse priester was wat met 'n 'kleurling' getroud was. Ek sien Oom James nou nog as hy sy verhaal vertel in sy eie woorde. Die priester het hulle vertel dat hy dit al moeilik het met iemand uit die Kaap en dat wat hulle verlang, nóg gevaarliker was. Maar die twee het hulle harte aan mekaar verloor en sou met mekaar trou.

So het die huwelik dan plaasgevind in Kaapstad. Uit hierdie huwelik is daar twee seuns gebore, Oom James en sy broer Willieboy. Albei was musikaal, baie geseën met talent, Oom James as sanger en Willieboy as komponis. Lewe in die Transvaal was nie maklik nie. Daar was ook 'n dokter van Asiatiese oorsprong wat ook met 'n Skotse vrou getroud was. Oom James se vader het tragies aan sy einde gekom. Hy is naamlik noodlottig beseer toe hy vanuit 'n voertuig met sy hoof na buite toe geleun het. Die Skotse vrou moes verder haar twee seuns alleen opvoed.

Ook van haar het ek 'n foto gesien, statig en mooi, die moeder van James en Willieboy Phillips. James, groot van postuur, met bruin oë wat kon flikker soos sterre en mondhoeke wat so ondeund kon krul, mooi bruin en met 'n stem wat 'n mens die hemel in kon sing. Sy moeder het daarin geslaag om hom skool toe te stuur in Lovedale. Hier het hy karwei-werkies verrig, die skottelgoed afgewas, kamers skoongemaak om sy skoolgeld te betaal. Hier het hy ook Clements Kadalie ontmoet. Oom James sou self later 'n vakbondman van formaat in ons geskiedenis word. Hy was een in hart en niere en het dit gebly tot aan sy einde toe. Hy't hulle almal leer ken, die oue Sachs en J B Marks.

J.B. Marks, of J.B. soos hy genoem is, was 'n legende onder die onderdrukte in die dertigerjare. Sy verhaal het ek so baie gehoor, kon daar ure na luister. Oral waar J.B. gekom het om te praat, was daar opgewondenheid. Hy is soos 'n koning behandel.

Oom James het hom dikwels vergesel. Op 'n aand het hulle 'n partytjie bygewoon. Die gasheer het net goedkoop wyn geskink, iets soos 'vaaljapie'. Oom James was jonk en het volgens hom in daardie tyd alles binnetoe gewerk.

J.B. wou niks aanraak nie. Hy't almaardeur aan Oom James gesê: "The good things of life come after". Later in die aand het die gasheer die slaapkamer oopgegooi en daar was al die lekker drinkgoed. Oom James se oë het altyd geskitter as hy by hierdie gedeelte uitkom. "Ou Boetie", sê hy. "Ek was jonk en 'romfoolish' en werk toe sommer nog meer binnetoe. En toe het ek siek geword. Terwyl ek so las had, buig ou J B oor my en sê: 'The good things of life come after.'"

In Suid-Afrika het James Phillips in die gemeenskap bekendheid geniet as sanger. Daar was selfs planne om hom om te skool tot operasanger. En met sy stem kon hy 'n beroemde tenoor geword het. Maar dit was te veel toneel en te min werklikheid vir Oom James.

In die oorlogjare het dit maar bra woes gegaan in Johannesburg. Sy broer Willieboy het betrokke geraak by die bendes aan die Rand. Die gevaar van tronk toe gaan was groot. Mense het sy ma aangeraai om hom Kaapstad toe te stuur. Willieboy het op 'n goeie dag verdwyn en hulle het nie weer van hom gehoor nie.

In 1948 het die Nasionaliste aan bewind gekom met hulle beleid van baasskap om pêre droë te maak in daai mooi land. James was aktief in die vakbond en moes Suid-Afrika verlaat. Hulle het hom toe 'n uitreis-dokument gegee waarop gestaan het: "Mother white, father Kaffir." Hy't so lekker gelag toe hy dit aan my vertel.

Dit was in Engeland, toe dr. Yusuf Dadoo gesterf het, dat ek Willieboy se verhaal verder gehoor het. Ons het toe by Oom James gekuier. Een aand het hy en ek weer sit en gesels en toe vertel hy my die wonderbaarlikste storie. Ek gee dit weer soos ek dit gehoor het. Ons het dit ook vasgelê op 'n bandjie.

Na die oorlog het die Phillips-familie berig gekry van die Rooikruis dat Willieboy nog lewe. Eendag stop die dokter met die Skotse vrou by hulle en sê aan mev. Phillips dat sy met hom na die kar toe moes loop. Maar sy moes nie skrik nie. In die kar het sy Willieboy aangetref, moeg, verwaarloos en nie baie gesond nie.

Sy verhaal was soos volg: In Kaapstad het hy as 'n verstekeling op 'n boot weggekruipe Engeland toe. Die oorlog het uitgebreek, die skip het Engeland nie bereik nie en Willieboy het in 'n krygsgevangenskap van die Jappe beland. Hier was hy saam met twee Engelse met wie hy bevriend geraak het.

In die kamp het Willieboy ook musiek gekomponeer. Toe die oorlog oor was, het hy en sy Engelse maats eers op 'n eiland in die Suidsee vertoef op weg terug huis toe. Volgens Willieboy het hy van die inheemse volk 'n melodie

gehoor wat die basis sou vorm van daai lied wat so beroemd geword het deur Vera Lynn: *Now is the Hour*.

Willieboy het aan Oom James gesê dat hý die lied geskryf het. James het hom met verwondering aangehoor. Kort daarna het Willieboy gesterf en moes James Phillips die land verlaat. Op 'n Saterdagoggend in Engeland het hy in 'n tweedehandse winkel die plaat *Now is the hour* gesien. Die naam van een van die Engelsmanne wat Willieboy genoem het, het hom van die plaat aangestaar. James Phillips het besluit om die man op te soek. Die man was verbaas en ongemaklik toe James Phillips voor hom staan. Hy het die verhaal nie ontken nie en nóg musiek wat Willieboy gekomponeer het, aan Oom James gegee. Maar omdat Oom James Phillips sy eie probleme gehad het in die vreemde, wou hy nie moeilikheid soek nie en het hy die saak daar gelos. Jare later het dit hom nog altyd besig gehou.

In Engeland het James 'n nuwe lewe begin. Hy was nog altyd 'n verbete vakbondman. Mense wat hom hoor sing het, wou hê hy moes Amerika toe gaan. In Engeland het Oom James ook sy held, Paul Robeson, ontmoet. En toe, volgens hom, het hy 'n fout gemaak. Hy is gevra om vir Robeson te sing en het *Old Man River* gekies. Robeson was nie bly met sy keuse nie, want daai lied was syne. Hy't James toe aangeraai om "the folk songs of his own people" te sing. So het Oom James dan eindelik uitgekom by die liedere van Afrika wat hy so sou verewig met sy pragtige stem. Vanaf daardie tyd sou hy sy goddelike stem gebruik as middel om ons vryheid te bewerkstellig. Wie hom ooit hoor sing het sal hom nooit weer vergeet nie.

Gelukkig vir Suid-Afrika is sy stem vasgelê op grammofoonplate. In 1987, net voor ons groot kulturele kongres, CASA (Culture in Another South Africa) in Amsterdam, het Oom James gesterf. Hy sou een van die groot trekpleisters wees op een van die belangrikste kultuurkongresse waar Suid-Afrikaners van binne en buite wat teen die sisteem is, mekaar in vryheid ontmoet het in samewerking met die ANC. Hy sou ons voorgegaan het as ons, in 'n ode aan Sontonga en Mqhayi, die *Nkosi Sikelel' iAfrika* gesing het.

Ek was op weg na 'n kongres in Duitsland toe ek die nuus hoor. Dit het my verpletter. James Madhlope Phillips is in London begrawe as 'n groot seun van Suid-Afrika, deur die ANC en demokraties-gesinde ballinge. Dit het maande geduur eer ek weer na sy stem kon luister. Hoe sou hy nie Nelson Mandela se vrylating met sy pragtige stem gevier het nie?

Ek hoor hom nou nog sing, die lied van *Ntsikana* of *Unzima lomthwalo*: Swaarkry is ons lot, om ten slotte Afrika se naam te laat weergalm van eenkant van die saal tot die anderkant. Oom James Madhlope Phillips, wat sy mond-

hoeke so lekker kon krul en met pretoë in navolging van J.B. kon sê: "The good things of life come after".

Uit: Die Suid-Afrikaan, Oktober/November 1990

Altyd 'n stukkie Afrika in Amsterdam....

Ek sal altyd die woord *mfana* met hom assosieer. Niemand kan dit mooier uitspreek nie, niemand kan die medeklinker langer uitrek nie. Gisteraand het hy nog gebel, uit Umtata, om te praat oor wat daar nou by die huis gebeur. Hy is nou dekaan van die fakulteit van medisyne aan die universiteit van Transkei (Unitra). 'n Brilljante ginekoloog, sjarmant, ontwapenend, belese. Ons paaie loop nou al saam vanaf my Leidse studentejare.

Van tyd tot tyd lui my telefoon en dan sê 'n stem: "*Mfaaaaana!*" Dan is hy op besoek vir 'n paar dae of op pad Amerika toe.

Leiden in 1964 was 'n tipiese studentestad, glad nie opwindend nie. Die mans het netjies rondgeloopt met stropdasse om die nek. Daar was ook nie baie buitelanders nie. 'n Paar Suid-Afrikaners wat darem altyd die weg gevind het na Leiden, iemand uit Ghana wat uit daai deftige skool Achimota gekom het, 'n paar Afro-Amerikaners en iemand uit Nigerië. Naweke, as die Hollanders huis toe gegaan het, het die buitelanders mekaar opgesoek.

Die fonds wat my studie betaal het, is eintlik opgerig vir studente wat toentertyd uit Hongarye en later uit Tsjeggo-Slowakye weggehardloop het. Daar was ook 'n egpaar uit Tibet wat maar bra ongelukkig gevoel het in die vlak land en toe weer verkas het Switserland toe. En Suid-Afrikaners is destyds ook nie aangemerkt as vlugteling nie want die bloedband-storie was nog sterk.

Die man wat opgebel het, het 'n Portugese van gehad maar was so Hollands soos Van Gogh se aartappeleters. Hy was verbonde aan die mediese fakulteit in Leiden en het net gasheer geword van Daniel J. Mandla Ncayiyana wat hier in Leiden medisyne sou kom studeer, ook met 'n beurs van die Asyl Fonds. Dit was praktyk om sulke studente eers te laat inwoon by gasgesinne, om die aanpassing te vergemaklik.

Daardie middag het ek my fiets geneem en Oegstgeest toe gefiets, 'n plekkie wat ongeveer 15 minute weg was van my kamer. Die gasheer het die deur oopgemaak, my gegroet en toe Ncayiyana gaan roep. Ek sien hom nou nog voor my staan, vriendelik, en tog – toe hy my sien, het sy gesig vertrek. Ek het vergeet dat ons deur die apartheidswette opgedeel was, as vreemdelinge opgegroeï het. Maar, A.C. Jordan het tot my redding gekom want ek was klaar vir hom. Ek sê toe onmiddellik: "*Ndivuya kakhulu ukukwazi*" – Baie bly om jou te ontmoet.

En toe het sy gesig een en al sonskyn geword, het hy gelag en gesê: "*Sawubona*", wat eintlik beteken: ek sien jou, het jou op my netvlies geregistreer.

En toe was ons vrinne!

Hy het ook in Klikspaanweg kom woon. In my kamer saans, as ons sit en praat het, het hy my sy verhaal vertel. Hy was Zoeloe-sprekend en sy pa 'n predikant van aansien in KwaMashu in Natal. Ons het ongeveer dieselfde tyd aan een van die genoemde ope universiteite gestudeer, hy in Durban en ek in Kaapstad. Net soos ek was hy teen die apartheidstelsel gekant, het hy die wette verafsku en lid geword van die PAC. En dit het gelei tot sy aanhouding in Durban. In Kaapstad het Phillip Kgosana in sy legendariese kortbroekie die boere die stuipe op die lyf geja toe by die mars lei teen die sisteem.

Eintlik was Ncayiyana en ek besig met dieselfde dinge sonder dat ons dit geweet het. Toe die vuur vir my te warm word, het ek uitgewyk. Danny se ouers was salig onbewus van sy rol teen apartheid en het geskrik toe by opgetel is. In daai tyd was die boere somer baie onbeskof en gul met hulle strawwe.

Danny het geweet dat sy aanhouding ook die einde sou beteken van sy droom om ginekoloog te word, somer vir 'n helse lang tyd. Dus het hy 'n plan gemaak. Eers het hy daarvoor gesê dat hy borg gekry het. Daarna moes hy elke dag by die polisiekantoor gaan aanmeld. Hy't agtergekorn dat hy ruimte had van soggens agtuur tot saans sesuur. Daarom het hy soms vroeg kom opdaag en dan weer net so teen sesuur. So het hy die boere in die slaap gesus. Vir 'n tyd lank het hy vroeg gerapporteer, dan weer laat. En, as hy die een dag om agtuur daar was, dan het hy die volgende dag eers teen sesuur kom opdaag.

Op dié manier het hy genoeg tyd gehad om hom as arbeider te verkleed en op 'n trein te spring, ingepers tussen honderde arbeiders op weg na een van die buurlande. Hy't in Botswana beland en toe hulle nog dink hy sal later rapporteer toe was hy al weg. Vanuit Botswana het hy uiteindelik sy weg gevind na die destydse Kongo.

Die jaar was 1964. In daai deel van die wêreld het dinge maar gelol. Die Belge het die land in verwarring agtergelaat en Danny Ncayiyana het nie uit sy land weggeloop net om in ander se probleme te kom nie. Hy het 'n Hollander ontmoet wat hom vertel het van sy land en uiteindelik in kontak gebring het met die Asyl Fonds. So het hy in Holland beland, met 'n beurs van die Asyl Fonds. 'n Paar maande eerder het ek ook met 'n Asyl Fonds-beurs in Holland beland.

Ons paaie het gekruis in Leiden, in 1964, ver weg vannie huis.

Dan Ncayiyana kon nie Afrikaans praat nie en was ook nie bra lief vir die taal nie. En hy het ook nie mooie herinnerings aan die taal oorgehou nie. Dit was die taal van onderdrukking, van die polisie, van die apartheidsisteem.

Met hom het ek ure oor Afrikaans gepraat, die kultuur, die geskiedenis. Van my het hy gehoor dat die taal ook mooi kan wees, dat ook Hollands in Indonesië die taal van die onderdrukker was. Op 'n dag het hy selfs by my ingeloopt nadat hy Vorster Afrikaans hoor praat het oor die beeldbuis en toe aan my gesê: "Ek het nooit gedroom dat ek ook die wyse waarop hy Afrikaans praat mooi sal vind nie. Ek het hom net gehoor en hy praat die taal baie mooi". Afrikaans het Danny

nooit geleer nie, want sy probleem was Hollands. Hy't dit nodig gehad om die eksperimente te volg en om die klasse te begryp. Dus het hy elke dag binnegehoop en gevra: "Mfana, sê net wat hierdie woord in Engels is dan weet ek wat hulle van my verlang." So het ons mekaar gehelp en 'n broederskap gesmee wat verewig is.

Nagtelank het ons oor die ANC en die PAC gepraat – oor die politiek en die boere wat so dom was om mense te onderdruk omdat hulle 'n ander velkleur gehad het. Ons het selfs medelye met die Afrikaners gehad.

Dan Ncayiyana was een van die mense wat my gehelp het om mens te word; 'n Suid-Afrikaner in murg en been sonder die kwalifikasies wat ons daaraan gee – nie wit én mens, of bruin én mens of swart én mens nie – maar gewoon 'n mens in Suid-Afrika.

In daai tyd toe hy net hier aankom, het die Hollandse regerings ook soos bakstene geval. Eendag het hy baie ontsteld my kamer binne gehardloop en geskreeu: "Mfana, mfana, there's trouble in this country. The government has fallen." Ek kon hom doodluiters tevrede stel deur te sê: "Moenie worrie nie. Daar gebeur niks nie. Hulle kan maande lank sonder 'n regering wees en alles verloop soepel". Ek sal sy verbasing nooit vergeet nie. 'n Land wat sommerso politiek bedryf, watter soort land was dit dan?

Dan Ncayiyana en ek het toe ook begin om mense te vertel wat in ons land gebeur. Ons het nie baie beursgeld gehad nie – net 180 guldens in die maand en daarvan moes ons ook nog ons huur betaal. Maar die waarheid vertel oor apartheid, dit sou ons doen. Ons het oral ongeloof ontmoet. Die mense wou dit nie glo nie, het gedink ons vertel leuens. Die gees van Abraham Kuyper het nog voortgewoek en die 'bloed en bodem'-atmosfeer was oral aanwesig. Die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging / Stichting Moederland het gesê dat die beeld van die boere ongeskonde gebly het en hulle het maklik byval gevind by Hollanders wat op hoë poste gesit het. En die kerke het natuurlik hulle blanke geloofsbroeders gesteun. Dit was nog voordat Beyers Naudé weerklank gevind het in die land.

In 1965 was daar heelwat studente uit Afrika in Holland. Sommige van hulle het uit die Oosblok-lande gekom, uit Bulgarye, waar hulle dit moeilik gehad het. Hulle het kom studeer in Amsterdam, aan die Social Studies Institute in Den Haag waar die medium Engels was. Die manne en vroue het uit Egipte en Wes-Afrika gekom. Veral uit Ghana was daar 'n klompie studente, sommige met name soos Richter, wat duidelik die tekens van die koloniale verlede vertoon het. Ook uit Kenia het daar mense gekom. Twee mannetjies veral was baie politiek bewus en aktief in die stryd teen imperialisme.

Dan en ek het steun gekry van een of twee landgenote wat al langer hier was. So het ons op die idee gekom om 'n Afrika studente-unie op te rig, in navolging van die Organisasie vir Eenheid in Afrika. Dit was nog in die dae van Kwame

Nkrumah. Die eerste pogings om die Unie te stig was nie maklik nie. Met Dan en Awiti en Odede uit Kenia het ons op 'n Saterdag daarin geslaag om die Unie op te rig. Ons het dit feestelik gevier, 'n belangrike man uit die Amsterdamse gemeenskap uitgenooi om ons toe te spreek by ons oprigting. Vir 'n tyd lank was Nederland 'n stukkie Afrika-grond. Ons het vergaderinge gehou waar belangrike Afrika-sake ter sprake gekom het. En so af en toe met slepende Afrika-musiek die Hollanders van ons aanwesigheid laat weet.

Maar eindelijk het Kwame Nkrumah ons gepootjie, hy wat so 'n inspirasie op onse kontinent was. Die president van ASUN – *African Students Union in the Netherlands* – was uit Kenia en linksgesind. Toe Nkrumah val, het by eiehandig 'n telegram aan hom gestuur in Egipte in ASUN se naam om ons steun te betuig. Die Ghanese, wat hier almal op regeringbeurse gestudeer het, was briesend. Op een van die vergaderings het dit tot 'n breuk gelei. ASUN het dit nie oorleef nie.

Ná 'n paar jaar het Ncayiyana na Groningen verhuis om daar sy studies te voltooi. Maar sy kop het Amerika toe gestaan want hy wou 'n ginekoloog word. Terwyl by nog besig was met sy studies in Nederland, het hy die eksamens vir Amerika afgelê en geslaag. In Iowa het hy verder gestudeer. Amerika het nooit so 'n aantrekkingskrag op my gehad nie. Ons het mekaar nou minder gesien.

In 1977 het ek vir die eerste keer kennis gemaak met die nuwe wêreld. Dan Ncayiyana was inmiddels klaar en hoof van die afdeling ginekologie in een van die beste hospitale in New York. Daar het ek hom gaan opsoek, in die stad waarin 'n mens kon verdwaal. Daar het ek hom trots aangetref in sy doktersjas, besig om sy medemens te help. Nog altyd so nederig, vol humor en liefde vir mense. Besig om sy droom uit te lewe.

So af en toe het die telefoon gelui en die uitgerekte "*mfaanaa*" het my direk vertel dat hy in my buurt was. Dan het ons gepraat oor die ou dae in Leiden, gelag oor dinge wat gebeur het. Ncayiyana was inmiddels getroud en oral waar hy 'n weeskind aangetref het in sy hospitaal het hy dit geadopteer. So het sy gesin begin bestaan uit eie kinders en aangenome kinders, 'n rykdom aan kleur en geur waarop menigeen trots sou wees.

Eendag staan hy op my stoep om te vertel dat hy op weg was Transkei toe. Nou het ek geweet dat hy nie sy politieke standpunte prysgegee het nie en was verbaas om dit te hoor. Hy wou terug huis toe, het sy werk in Amerika sinloos gevind. In 'n hospitaaltjie in Rietvlei, wat 'n Hollander begin het, het hy gaan werk. Die dokters was almal mense van die gereformeerde kerke. Ncayiyana was ook godsdienstig en het gedwee sy steuntjie bygedra. Maar hy was te vol talent om in Rietvlei vir goed weg te kruip. Voordat hy huis toe kon gaan, moes hy ook nog sy verlede opbieg.

Hy moes altyd toestemming vra as by deur Suid-Afrika wou reis. En met sy Hollandse vrou en kinders het dit altyd opskudding veroorsaak. Een van sy verhale sal ek nooit vergeet nie. 'n Kollega van hom in Rietvlei was baie

godsdienstig en ook nog 'n Afrikaner. Hy't altyd aan Dan gesê om hom te kom opsoek in die Kaap. Toe Dan Ncayiyana uiteindelik van die kans gebruik maak om hom op te soek, toe gebeur daar snaakse dinge. Hulle het hom agterlangs geneem sodat hy deur die kombuisdeur moes loop. Hy't gemerk dat die gordyne angsvallig toe was aan die straatkant. En, omdat die godsdienstige vriend na hom verwys het as "Oom Dan" vra sy seuntjie tot overmaat van ramp aan tafel: "Pa, van watter tak van die familie is Oom Dan nou?"

Rietvlei was te klein om Dan Ncayiyana vas te hou. Hy's nou dekaan van die mediese fakulteit in die Transkei. Hy doen baie goeie dinge, het 'n boekie geskryf vir vroue wat swanger is. Want die ou een was met sy 'radiomusiek, een twee drie, een twee drie' gedoriëwaar geskryf vir blankes en nie vir swartes nie. Hy't 'n Xhosa-meisiekind geadopteer en laat kinders studeer op sy koste. Hy't 'n skool begin en was laas eksterne eksaminator aan die Universiteit van Kaapstad. En om te dink dat vroeër swartes weg moes loop in die mediese fakulteite as hulle 'n dooie liggaam teëkom.

Verlede jaar was hy op besoek. Een aand het hy met sy gesin die *bracha* vir ons opgesê. Dit was 'n wonderlike gesig om 'n Xhosameisiekind die *Baruch Atta Adonai* te hoor sing.

Laas het hy my opgebel uit Umtata om te praat oor wat daar gebeur. Ons droom nou al van nuwe demografiese gemeenskappe wat sal ontstaan as die nagmerries verby is. Per slot van sake is hy en ek albei Leienare". Met Dan Ncayiyana sal ek in elk geval lekker Hollands kan praat as ek terug in ons land na Holland verlang. Ballingskap was vir ons ook 'n soort *Difaqane* – wat Verwoerd en Vorster en Botha begin het.

Van Dan kan 'n mens sê wat Mercia McDermot van Vasili Levski, die bevryder van Bulgarye, geskryf het: "Want wat baat dit nou die onderdrukker as hy ná driehonderd jaar van onderdrukking nie 'n ras van slawe voortgebring het nie, maar mense soos Daniel J. Mandla Ncayiyana?"

Uit: Die Suid-Afrikaan, Desember 1990/Januarie 1991

Skrywer en vryheidstryder

Ek het Alex La Guma in die sewentigerjare weer terug in Amsterdam gesien. In 1976 was daar die eerste van 'n reeks kongresse wat deur die anti-apartheids-beweging in Nederland gereël was, in samehang met die politiek-kulturele kafee *De Populier*. Hierdie gebeurtenis het sy voortsetting gekry in 1982, weer eens in Amsterdam. Daarna het Gaberone aan die beurt gekom en in 1987 het die burgemeester van Amsterdam die stad vir 'n week tot Suid-Afrikaanse grondgebied verklaar toe CASA (Culture in another South Africa) die stad en die gragte vir 'n rukkie bestorm het met poësie, sang en dans – 'n onvergeetlike gebeurtenis.

Die opset van die byeenkoms in 1976 was beskeie en die politieke kriterium van wie genooi word en wie nie, nog nie so stormagtig nie.

Terwyl die Hollandse son die stad en die gragte omgetower het in die mite wat dit altyd vir die buitestaander sal bly, het die Suid-Afrikaners rondom die Leidseplein en in die buurt van die kafee waar die aktiwiteite plaasgevind het, mekaar weer eens met blydschap herken. Dennis Brutus wat inmiddels beroemd geword het vir sy poësie, was daar. Adam Small het uit Suid-Afrika gevlieg om aanwesig te wees. Hy het toe nog 'n klein opskuddinkie veroorsaak by sy vertrek toe hy 'n beroep gedoen het op die ballinge om nie arrogant te wees en die kamerade by die huis almal af te skryf as mense wat binne die sisteem fungeer nie. Eintlik sou Small se beroep nou mak gewees het en glad nie soveel rumoer veroorsaak het nie. Fanie Olivier het nog in Amsterdam gestudeer en net voor sy vertrek het ek en hy nog lekker tennis gespeel. Ek het hom nou die dag vir die eerste keer weer gesien by my openingsrede van die Skrywersgilde se kongres op Langebaan.

En dan was daar Alex la Guma, vroeër in die Kaap reeds 'n legende onder ons, toe die wêreld hom nog nie ontdek het nie – beminlik, sorgsaam en altyd vriendelik. Die La Guma-familie het hulle name gegrif in die geskiedenisboeke van hierdie land. Daar was sy pa, ou Jimmy la Guma, wie se bydrae tot die stryd nou langsaam in die boeke terug gevind word. En daar was Alex se vrou, Blanche, wat ook haar spore verdien het.

Lewis Nkosi was ook aanwesig, soos altyd. Ek het Alex en Lewis uitgenooi om saam met my kerrie te gaan eet. Amsterdam het net sy eerste Indiese restaurant gekry tot oplugting van mense soos ek wat nou minder tyd in die kombuis kon deurbring om Holland soms 'n bietjie Kaaps te maak. Toe ek hier aankom, het niemand samosas en briyanis gemaak nie. Die restaurant op die Leidseplein het my verlos van my dilemma. Ons het gesit en praat oor die land, oor die probleme en die literatuur. Ons het uitgekyk deur die raam wat 'n mooi

uitsig bied op de bedrywige plein. En die geure van die ooste opgesnuif en lekker kos gesmul wat Alex en ek uit die ou Kaap geken het. As Lewis my teëkom en ons duik ou herinneringe op, dan vertel hy altyd met heimwee en voldoening van daardie dag wat ons met Alex La Guma deurgebring het op die Leidse plein.

Ek het ook soms by die La Guma-gesin in Londen gekuier. Sy vrou, Blanche, was net so sosiaal bewoë soos haar man en baie aktief as stryder teen apartheid. Laas, toe F.W. de Klerk die eerste pogings gewaag het om met die ANC te praat, het ek 'n lys van name gesien van mense wat destyds 'monddood' was. Onder die name was dié van Blanche La Guma wat nou weer aangehaal kan word. Sy is 'n pragtige mens wat Alex La Guma altyd bygestaan het.

Sondags by die La Gumas was ook altyd 'n bietjie Kaaps, Blanche het dan 'huiskos' gemaak – gebraaide aartappels en groente en gebraaide vleis, net soos by die huis. En dit het sommer vorentoe gesmaak. Hulle het ook smiddags geëet. Dan moes ek terugdink aan die dae toe ons op die ringmuurtjie soos dassies in die son gesit het om dan teen halfeen se kant die gebraaide aartappels en gebraaide vleis na binne toe te werk. Een keer het ek daardie pragtige en begaafde skrywer uit Trinidad, Samuel Selvon, gaan voorstel aan La Guma. Hulle was albei ewe lank. Samuel die gigant uit Trinidad wat daardie ander magtige vriend en skrywer George Lamming uit Barbados beskryf het as die uitbeelders by uitstek van die voddeproletariaat. Albei geseën met humor, albei mense wat 'n prosa geskryf het in 'n "rijke taal vol geesten en ingehouden tranen". Samuel Selvon, beroemd veral vanweë sy magistrale roman, *A Brighter Sun*, La Guma om sy onvergeetlike portretbeelding van die Kaapse mense in sy roman, *A Walk in the Night*. Ek onthou nog dat Alex La Guma in 1976 so'n pypie gehad het waarin hy sy sigaret gestop het. Om die nikotien op te vang, het hy my baie ernstig vertel. Dan was 'n mens se longe glo nie so vol van al die gemors nie. Hy het dit altyd by hom gehad. En toe verloor hy die ding. Soos 'n kind wat na sy fopspeen soek, het Alex gesoek. Totdat by dit teruggevind het tot oplugting van ons almal.

Dit was mooi om in Alex se aanwesigheid te wees. Teenoor sy huis in Engeland het daar nog 'n Suid-Afrikaner gewoon, iemand saam met wie ek my matriekeksamen afgelê het. In April 1990 was ek op 'n kongres in Amerika. Daar het iemand my herinner aan nog 'n onvergeetlike dag uit my lewe met die La Gumas. Ek was in Engeland en het by hulle gaan kuier. Saans het ons in 'n Indiese restaurant geëet. Die kos was lekker, die geselskap uit die boonste rakke: serieuus maar vol humor, en die atmosfeer was swanger van geneentheid.

Op weg huis toe het Alex ons toe saggies getrakteer op sy interpretasie van die *Internasionale*. Maar die woorde wat by gesing het, het verwys na die mense in die Kaap: "Staan op julle bruinmense van slawe". Ek moes dink aan

daardie liedjie wat ons as kinders gesing het: "Hitler het 'n baby/en die baby se naam was Abie/nader na die pale toe".

Uit hierdie ontmoeting het ek nog 'n kiekie van La Guma oorgehou – so op 'n pleintjie met blomme voor hom – so ernstig kykend, ver weg van die mense in die Kaap wat hy so ontroerend kon beskryf.

Dit was ook logies dat La Guma in sy pa se voetspore sou volg. Sy pa was verteenwoordiger van die ANC in Kuba toe hy sy laaste asem uitgeblaas het. La Guma het van jongsaf aan deelgeneem aan die stryd teen onreg in sy land. Hy was daar toe die Handves van Vryheid opgestel is in Kliptown in 1955. Hy was ook gereeld 'n slagoffer van die apartheidswette. In 1955 was by een van die 115 manne en vroue wat deur die staat weens hoogverraad aangekla is. Die uitslag is nou deel van ons geskiedenis. Vir 'n meisiekind uit Pretoria het hy in 1976 gesê: "Ek was ook al in Pretoria om gasvryheid te geniet". Ná Sharpeville in 1960 het hulle Alex La Guma vir vyf maande opgesluit sonder enige vorm van proses en in 1962 het die staat hom onder huisarres geplaas. Nou kon La Guma nie meer skryf nie en word hy die soveelste Suid-Afrikaner wat noodgedwonge die land moes verlaat.

As stryder teen apartheid was hy baie bekend. Maar dit is as skrywer van romans en kortverhale wat hy eintlik naam sou maak. Soos baie skrywers uit die onderdrukte klasse kon La Guma hom ook nie losmaak uit die maatskappy waaruit by gekom het nie. Hy wou geen kuns om wille van kuns skryf nie. Brian Bunting, 'n vriend van La Guma, het destyds in die voorwoord van La Guma se onthullende roman *And a Threefold Cord* (1964) geskryf: "As kuns betekenis wil wees, moet dit iets weergee van die nasionale obsessies, van die heftige emosies wat aan die siel van die Suid-Afrikaanse volk vreet en dit soms verteer".

La Guma was 'soldaat en vryheidstryder' tegelykertyd. In sy boeke en sy verhale kom 'n mens die paniese angs teë van sy karakters uit die onderklasse en word 'n mens geboei deur die presisie waarmee hy sy karakters binne hulle sosiale konteks plaas. Sy prosa was vol van 'n prikkelende koue in die lug as gevolg waarvan die armes uit hulle krotte verdryf word en nou gebuk gaan sit het by die flou flikkering van die oliekgaggels, die houtvure en die ou ysteroon-de.

In La Guma se werk word ons gekonfronteer met die "stank van sweet en die gebruikte komberse, kooie wat vies was ... oorblyfsels van ete wat bederf". Hy was één van die Suid-Afrikaanse skrywers wat die geluide en geure van die vodde-proletariaat so ontnugterend kon weergee. Stuk vir stuk het hy ons wêreld ontvou – Distrik Ses, die tronke soos in *The Stone Country*. La Guma het self verskillende kere kennis gemaak met die tronk.

Ek moes terugdink aan een van die kinders uit die ou Distrik Ses wat aan George Peake se kind gesê het: "Ag, djou pa is sommer 'n blerrie jailbird". Toe antwoord die seuntjie: "My pa is 'n jailbird vir djou blerrie freedom".

Toe Alex La Guma besig was met sy roman *Time of the Butcherbird* (1979) het hy my die manuskrip laat sien. Op my vraag waarom dit gaan, het hy met karakteristieke beskeidenheid geantwoord: "Ag, just about the old folks at home".

Sy roman *In the Fog of the Season's End* het hy aan my neef Basil February opgedra. In my biblioteek in Amsterdam het ek 'n klein boekie, 'n pamflet eintlik van SACPO (the South African Coloured Peoples' Organisation) uit vervloë tye toe ons nog gegryp het na 'n federale sisteem om saam te werk. La Guma het vroeër ook 'n belangrike rol in dié organisasie gespeel.

In sy eie handskrif het hy op die voorblad geskryf: "Vir ou Vernie, van ou Alex". Antonio Machado sal my sekerlik vergewe as ek sy reëls neem, wat hy in 1899 geskryf het om sy eergevoelens weer te gee oor sy geliefde Spanje en verdraai as eerbetoon aan een van die mooiste siele wat hierdie geteisterde land ooit voortgebring het:

Die 'Spanje' het ek met 'Suid-Afrika' vervang:

*Ek sien die ganse Suid-Afrika
vies, besmeer,abelaas uitgedos,
karnavalesk met mombakkies op
sodat niemand van ons die ope wonde kan sien nie
niemand van ons daarin kan wroet nie.*

Alex La Guma die skrywer en die mens het ons met liefde onder die 'mombakkies' laat kyk.

Uit: Die Suid-Afrikaan, Februarie/Maart 1991

Rakhetla Tsehlane uit die Vgystaat

Hy het op Krugerdag gesterf. As die telefoon saans ná twaalf lui, kon ek maar weet dat hy met my wou praat. Altyd met so 'n lekker brei-stem: "Ou bgoeg".

Jy kon altyd op hom staat maak. As ek iets nodig had vir navorsing by my instituut in Leiden, dan het ek hom opgebel. Of ek het hom gevra om in 'n boek vir my na te slaan, 'n datum op te soek, 'n uitgewer te kontroleer. Ook by Sharpeville was hy 'n staatmaker, daar waar hy saam met Lewis Nkosi lyke weggesleep het. Maar self het hy nooit daaroor gepraat nie.

Rakhetla Tsehlane. Sotho-spreker uit die Vrystaat wat Engels en Afrikaans so gloedvol kon laat klink. Ek onthou ons eerste ontmoeting nog baie goed. Dit was op 'n landgoed by Zeist in Nederland, waar die kerke 'n byeenkoms gereël het. Hy was daar saam met 'n egte Engelse 'lord' wat ook aan die kerke verbonde was. Hy het my aan die 'lord' voorgestel, en al wat ek kon sê was: "Good Lord." Hoe lekker het ons daaroor gelag, en hy sou my gedurig daaraan herinner.

Daardie aand het ek hom hoor preek in sy 'brei-Engels', so mooi, so gloeiend en ontroerend soos ek dit nog nooit tevore gehoor het me. Hy het my vertel van sy geboorteplek, die Vgystaat. Ek sien hom nou nog voor my staan. "Ou bgoeg," het hy gesê, "dis moeilik om as 'n swagtman in Suid-Afrika op te ggoei. Maag dis nog moeilikegg om as swagtman in die Vgystaat op te ggoei. Maag ek sê vigg jou, ou bgoeg, om as swagtman in die Vgystaat op 'n plaas op te ggoei, is sommig bleggie moeilik."

Ek kon my lag nie bedwing nie toe by dit so plegstatig sê. Hy was spiritueel enig in sy soort onder ons landgenote. Rakhetla het soos baie swartmense in die land grootgeword. Hy was van vroeg af aan al politiek bewus en het hom aan die begin van die sestigerjare aangesluit by die PAC, wat van die ANC weggebreek het onder die leiding van Robert Mangaliso Sobukwe. Onder die ou garde het hy baie vriende gehad. Hy het ook nou saamgewerk met Nana Mahomo en die twee was verantwoordelik vir die verspreiding en totstandkoming van daardie opspraakwekkende rolprent *Last Grave at Dimbaza*. Dit was deur hierdie rolprent dat Westerlinge vir die eerste keer oorsee bewus geword het van die tragiese omvang van die Nasionale regering se program van gedwonge hervestiging van swartmense. Die beelde van die ou sinkplaathuisies wat aan die mense skuiling moes bied, was skreiend. Dit het 'n mens laat dink aan die digter James Matthews se gedig oor Dimbaza:

*they speak so sorrowfully about
the children dying of hunger in Biafra
but sleep unconcerned about the rib-thin
children of Dimbaza ...*

Troostelose beelde van swartmense in 'n ontredde toestand wat deur die toedoen van mense soos Rakhethla nou oral ter wêreld getoon kon word as deel van 'n pleidooi vir hulp en steun aan die slagoffers van apartheid. Hy kon altyd met groot passie daaroor praat. Niemand wat die rolprent gesien het, sal ooit die slepende, tragiese musiek aan die einde vergeet nie. Of die rye graffies van hongerslagoffers nie. Hierdie boodskap teen apartheid het groter trefkrag gehad as enige slagspreuk of politieke toespraak. Hy was in die beginjare bevriend met A.B. Ngcobo, wat intussen na Suid-Afrika teruggekeer het en wat nou verskil met die res van die PAC. Maar hy was ook vriende met ouens soos David Tladi, wat ironies genoeg in Joegoe-Slawië in die tronk beland het toe by nie meer wou veg nie. Later is Tladi Ierland toe. Elke keer as David ná besoeke uit Engeland wou vertrek of op weg na Ierland deur Engeland wou reis, het die grensbeamptes hom aangehou, die 'Home Office' gebel, of beweer dat hy vir die IRL werk. Hoe kon David as swartman nou rondloop met reisdokumente uit Ierland?

Alhoewel Tsehlane later nie meer party-gebonde was nie en self ietwat van 'n ontgogeling ondergaan het, het hy altyd getrou gebly aan die ideale van 'n vry Suid-Afrika. En, as jy eenmaal sy vriend was, dan kon jy verseker wees van sy gulheid, sy warmte en sy vriendskap.

Af en toe, wanneer ek hom in Amsterdam raakgeloop het, het ons nie net gepraat oor die land se probleme nie, maar ook oor die mooi dinge van die lewe. Een keer, op besoek aan Engeland, het ek en Rakhethla vir Johnny, die akteur en seun van Todd Matshizi, gaan verras. Ver weg van die huis het ons die heimweë weggespoel met die voggies. Later, met Rakhethla agter die stuur, het ons ons in 'n padblokkade vasgeloop. Maar sy welsprekendheid en sy liefde vir die reg het geseëvier. Hy het oor ons land gepraat met die beamptes wat wou weet waar hy vandaan kom. Hy het dit met soveel opregtheid, soveel eergevoel gedoen dat hulle nie kon glo dat hy die wet oortree het nie. Dit was Rakhethla "ten voeten uit". Altyd met 'n gevoel van regverdigheid, altyd besig om die probleme van ons land te verduidelik, om die onreg wat daar gebeur te ontmasker. Maar hy het dit gedoen sonder wrok, altyd menslik, vergewensgesind, vol liefde vir alles in die skepping.

In die laat sewentigerjare het ek my digbundel *O Snotverdriet* se verskyning gaan vier in Amsterdam. Rakhethla, Lewis en Johnny het uit Engeland gekom. Baie mense het opgedaag, skrywers en digters uit Suriname, uit Rusland, almal ballinge. En vriende uit Amsterdam. Die kreoloog, wyle Jan Verhoeve, was ook

daar. En dié aand het ons die gebeurtenis met volle oorgawe gevier. Ek sien Rakhetla nou nog voor my staan met sy Afrika-hemp, en 'n pragtige snoer krale om die nek. Koninklik was hy, 'n waardige mens uit ons geteisterde land. Uit volle bors het hy, Johnny, Lewis en ek die aand afgesluit met *Nkosi Sikelel' i Afrika*. Hierdie oomblikke lê nou opgesluit in kiekies.

Ek het na sy begrafnis gevlieg. Sy vrou het my opgebel vir raad. Sy wou sy liggaam laat veras, maar Rakhetla se landgenote in Engeland het beswaar gemaak. Lank gelede was Rakhetla 'n getroue lid van die PAC en die ou garde wou politieke munt daaruit slaan. Ek het haar aangeraai om sy familie in Johannesburg op te bel. Sy suster het die oplossing gehad. Alleen sy lewensgesellin kon daaroor besluit, en met haar beslissing sal die familie tevrede wees. So het dit gekom dat Rakhetla Tsehlane in Dulwich veras is.

Ek het hom nog een keer gesien, opgebaar in sy kis. So vreedsaam, byna rimpelloos, asof hy enige oomblik nog kon opstaan en aan my sê: "Ou bgoeg." So bemind was hy dat die mense in sy buurt wat so af en toe met hom 'n biertjie kom drink het, ook kom groet het. Ou verslete PAC-mense het sy kis ingedra. Julie, sy vrou, het my gevra om iets te sê. Hoe kon 'n mens ooit Rakhetla Tsehlane se mooiheid in woorde vasvang?

Ek het Don Mattera se gedig uitgehaal en gelees:

*Do not forget to call at my grave
When freedom finally comes to this land.*

Hoe kon ek weet dat 2 Februarie die pad huis toe sou oopmaak? En ek het so gehoop dat ons eendag saam sy en my wereld sou kon gaan plat loop! Ek en Rakhetla Tsehlane wie se lekker brei-stem nog steeds in my ore opklink soos destyds as hy laatnag uit Dulwich opbel en se: "OU BGOEG."

Uit: Die Suid-Afrikaan, Junie/Julie 1991

Die 'Sestigers' en die geval van Adrian Leftwich

So af en toe kyk ek deur my ou foto-album en kom dan op een af wat gekiek is op gradedag in die Kaap. Daar het hy en ek gestaan, met ons togas aan, bloedjonk, serieuus aan 't gesels voor die Jameson Hall.

Aanvanklik het ons vir mekaar geskryf nadat ek in Leiden aangekom het. Hy het my 'n foto gestuur van sy troue wat in 'n koerant in die Oostelike Provinsie verskyn het – hy as Engelse predikant en sy in haar bruidsgewaad. Toe ek op 2 November uitstap op Jan Smuts, was hy daar om sy biskop af te haal, ietwat geset, hare grys, maar onmiskenbaar nog dieselfde persoon – Robin Briggs, dekaan van die Anglikaanse kerk in die buurt van Pretoria. En by hom sy eggenote, wat ek net van die koerantfoto van baie lank gelede ken.

Ek onthou nog dat hy in ons studentetyd so 'n ou tjorrie gehad het – 'n Morris Minor – waarmee by my van tyd tot tyd in my dorp kom opsoek het. Ons het ook soms baklei in daardie jare, want sy ideë oor die land en myne was destyds nie altyd gelykluidend nie.

Dit was Pallo wat sy naam vir die eerste keer weer genoem het, toe hy as een van die besoekers in die tagtigerjare in Lusaka opgedaag het. Toe het hy gevra wat van my geword het. Robin is eintlik die aanleiding waarom ek besluit het om dié keer oor die sestigerjare te skryf. Want ook onder ander groepe was daar 'sestigers' – liberale, strydende teen apartheid, mense uit die Unity Movement, die Congress Alliances, almal bepalend vir die beeld van die sestigerjare.

Robin was op UK, saam met Adrian Leftwich, Jonty Driver, Allan Brooks. Anthony Eastwood se pa sou nog 'n minister word in wat destyds 'Rhodesië' geheet het. Dawn Levy was op die kampus, maar ook Fikile en Archie, Neville en David Welsh. By CASA het Pallo na my toe gekom en gevra of ek Dawn nog kan onthou. Die volgende dag het daar iemand by hom gestaan. Hy 't gevra: "Ken jy dié persoon?" Dit was onmiskenbaar Dawn.

Haar verhaal het ek later gehoor. Sy het New York toe uitgewyk, verlief geraak op iemand uit Maleisië en met hom getrou. Alles het goed gegaan. Hulle het kinders gehad. Hy het vir die Verenigde Volke gewerk. En toe word hy huis toe verplaas. Dawn was Joods en hy Moslem. Dinge het skeef geloop. Die ontmoeting met haar was 'n bietjie treurig. Later het ek gehoor dat sy weer terug is in New York.

Allan Brooks het ek gesien op die begrafnis van dr. Yusuf Dadoo in Londen. Hy was nog net so skraal. En Jonty, Jonty het later beroemd geword as die skrywer van *Elegy for a Revolutionary* en *Send War in Our Time O Lord*. Jonty was vir my altyd die verpersoonliking van 'n Engelsman. Ek weet nie eers of Jonty ooit Afrikaans kon praat nie. Sy eerste boek, *Elegy for a Revolutionary*,

het as tema gehad jong mense aan universiteite van die land uit die heersende klasse wat hulle verset het teen die sisteem van apartheid. Sy roman was gegrond op 'n ware verhaal. Een van die hooffigure in hierdie tragedie was Allan. Dan was daar ook nog Stephanie en Eddie. Maar die belangrikste persoon waarom alles gedraai het, was Adrian.

Op die kampus van UK was daar verskillende opposisie-groepe teen die sisteem wat hulle menings nie onder stoele of banke weggesteek het nie. Adrian en Jonty was belangrike manne in die studenteorganisasie wat sy magsbasis gehad het veral aan die Engelssprekende universiteite van Wits, UK en Natal. Afrikaanssprekendes het lid geword van die ASB en het gewoonlik die regering se beleid ondersteun. Hulle voormanne was Roelofse en Pieterse.

In 1959 was die Wet op Aparte Universiteite pas in die wetboek geplaas. Die land het gegons van onrus. Nusas het 'n hoofrol gespeel op die kampusse van die sogenaamde liberale universiteite. Neville Rubin, skerp van tongriem gesnede, het 'n leidinggewende rol gespeel. Daar was baie manne en vroue wat hulle spore dubbel en dwars sou verdien in die stryd. 'Freedom Square', voor die ou letteregebou en bedek met klimopplante, was die toneel van al die politieke bedrywighede. Dit was vanaf hierdie kampus dat Phillip Kgosana ongemerk die geskiedenis ingestap het toe hy die mars uit Langa gelei het Kaapstad toe.

In hierdie omstandighede het een man vir hom 'n spesiale plek uitgekerf. Hy kon goed praat, was skerp en analities en baie aktief in die stryd. Sy huis was 'n bymekaarkomplek vir baie mense. Hier het hulle geargumenteer, planne gemaak vir die nuwe, nie-rassige Suid-Afrika. Rouwkoopplan in Rondebosch het baie manne gesien wat later beroemd sou word. Hy had, wat 'n mens sou noem, 'n sekere 'charisma'. Hy kon die skare in vervoering bring, mense onder sy invloedseer kry. Onder die 'wittes' was hy 'n uitsonderlike figuur.

Ek was al in Holland toe Robin my die koerantuitknipsel stuur met 'n foto van Adrian as 'n gebroke man, met betraande gesig, as hoofgetuie teen sy vriende – Allan, Stephanie en Eddie. Die groep wat hulle opgerig het, ARM (Armed Resistance Movement), het hom vasgeloop teen die veiligheidspolisie. Op Johannesburgstasie het 'n bom verwoesting gesaai. Een van die manne, John, 'n blanke, het beken en is later opgehang. Al hierdie dinge het gelyktydig gebeur. Hugh Lewin is ook uit hierdie tyd. Hy wat later sewe jaar van sy lewe in die gevangenis sou deurbring. Van Hugh wil ek 'n paar reëls van sy ontroerende gedig *Aanraking*, wat hy geskryf het na aanleiding van sy ervaring, aanhaal:

*As ek vrykom
gaan ek iemand vra
om my aan te raak
saggies,asseblief
Ek was sewejaar lank
nie aangeraak nie*

*sewejaar lank
sonder aanraking
en ek weet nou
wat onaanraakbare beteken
nie heeltemal sonder
aanraking nie
ek kan die dinge tel
wat my in die begin
aangeraak het
eerstens vuiste
knoestige, woeste vuiste
wat maar slaan en slaan
totdat ek moes uitgil
"Laat my asseblief alleen!"
Twee hande...
Ek wil geen hande en voete
meer voel nie
Ek wil weer voel hoe dit is
om te lewe
En as ek vrykom
gaan ek aan iemand sê
Hier is ek
Raak my asseblief aan.*

Hugh, Adrian, Jonty, Allan, Stephanie, Eddie, almal deel van dieselfde groep. Vol idealisme, selfvertroue, versetshelde. Tot op die noodlottige dag toe die polisie toegeslaan het. Hulle het Adrian geknak. Jonty gee sy eie draai aan die gebeurtenisse in sy roman *Elegy for a Revolutionary*. Niemand kan ooit weet wat met 'n mens gebeur as sy gees of liggaam ingee nie.

Hoewel ek nie met hulle politieke ideë ingestem het nie, het ek sommige van hulle tog goed geken. In die hofsaal het hy gestaan, met betraande gesig, totaal ontredder. Ek het die koerantknipsels dikwels gelees, om iets daarvan te probeer begryp. Die kragtige, opwindende studenteleier, gereduseer tot 'n hopie ellende. Stukkie vir stukkie het hy 'n belangrike deel van sy lewe vernietig, deur teen sy vriende getuienis af te lê. Hy wat hulle steun en toeverlaat was, na wie hulle opgesien het. Hy was uiteindelik die swak skakel. Ook die regter het bygedra tot die ontlustering. Die uitkoms van die proses behoort nou tot ons geskiedenis. Sy getuienis het hulle almal tronk toe gestuur, die een vir vyf jaar, die ander vir 15 jaar. Die 15 jaar was bestem vir die een persoon wat uit die onderdrukte klasse gekom het; die 'nie-witte' onder hulle het die hoogste straf gekry. Daarna het Adrian van die toneel verdwyn. Dit was per slot van sake nie meer moontlik om verder te bly nie.

Die voormalige kamerade wat destyds in die gevangenis beland het, is al lankal vry. Hulle speel nog altyd 'n rol in die stryd vir 'n nuwe Suid-Afrika. Eddie moes lank wag. Later het ek gehoor dat Adrian gereeld aan die minister van Justisie geskryf het om te vra dat Eddie vrygelaat word, jaar in en jaar uit, as deel van sy boetedoening. Niemand wou meer met hom praat nie.

Verweg in Leiden het ek die tragedie op my eentjie probeer verstaan. Ons was almal jonk, het almal gedink dat ons die staat kon verander, dat ons magtig genoeg was om ons idee van 'n demokratiese samelewing te vestig. Miskien was dit die *hubris* waarvan die Grieke gepraat het wat met hulle parte gespeel het.

By my vertrek uit die land het ek Robin weer gesien, op Jan Smuts besig om vir sy vertrekkende dogter te wuif. En by die huis in Amsterdam lê daar gedoriewaar 'n kaartjie om te vertel dat Adrian pas pa geword het van 'n dogter. Was dit toeval dat ek Robin gesien het by my vertrek terwyl ek net op pad huis toe(?) was met my dogter? Deel van ons *Karma* op Afrikaanse bodem?

Ek het lank geaarsel om hieroor te skryf. Is ons dan nie almal besig om die verlede af te skud nie? Noudat ek dit uiteindelik opgeskryf het, herinner ek my woorde van Joodse wysheid:

*Waarom maakt gij U zorgen?
omdat uw voet
op aarde is uitgegleden?
Er is geen mens
die nooit is uitgegleden.*

Uit: Die Suid-Afrikaan, Augustus/September 1991

Dood van die man op die fiets

Ek dink nie baie van my landgenote het al van Helmut Weigert gehoor nie, laat staan nog van sy boek, *Weierstrass's convergence test for series of complex terms*. Die eerste sin van die boek het soos volg gelees: "Weierstrass's convergence test may be regarded as an extension to complex series of Gauss's test...."

Onwaarskynlik soos dit klink, het hierdie boekie 'n ereplekkie in my boekery oor kreoolse samelewings, kulture, taal en letterkunde, Afrikaanse tale en letterkunde, en uiteraard al die ander boeke wat my terrein beslaan en betrekking het op my land van herkoms. Daardie boekie was Helmut se proefskrif wat hy in die sestigerjare aan die Rijksuniversiteit van Leiden volgens die Nederlandse tradisie 'verdedig' het. Ek sien hom nou nog voor my, met sy grys baadjie en grys broek aan, op sy fiets vanuit Oegstgeest waar hy by 'n 'hospita' gewoon het soos dit 'n student van sy leeftyd in daardie jare betaam het. Helmut was al diep in die vyftig toe hy terugkom om sy proefskrif te voltooi en te verdedig.

Daar was destyds 'n handjie vol Suid-Afrikaners wat aan die universiteit in Leiden gestudeer het. Ons het mekaar almal geken en hoewel die bande nie innig was nie, het ons tog kontak met mekaar gehad. Helmut het ons almal gereeld kom opsoek, op sy 'baaisiekel,' en altyd op 'n Vrydagmiddag. Dan het hy 'n klompie manne uitgesoek wat in dieselfde buurt woon en kom kuier.

Onder die manne wat in Leiden gestudeer het was daar 'n Roy, twee André's en 'n Theo. Laasgenoemde was 'n karakter van die eerste orde. Hy was glo 'n aanklaer êrens in die land en soos so baie van die studente uit Suid-Afrika het hy verder kom studeer aan die regs fakulteit in Leiden. Dit was die tyd toe die Hollanders nog nie gesimpatiseer het met die stryd van die onderklasse uit Suid-Afrika nie en die beeld van die Afrikaner as 'n bloedbroer bepalend was. So het die gesegde destyds gelui dat die ouens wat teologie kom studeer, die fakulteit aan die Vrije Universiteit beskou het as die C-fakulteit, dit wil sê ná Potchefstroom en Stellenbosch. En al die ouens het veels te dik proefskrifte in Afrikaans kom skryf aan die fakulteit van regte te Leiden.

Theo was nie juis verruk oor die Hollanders nie, veral omdat hulle ons Afrikaanssprekendes altyd uitgelag het oor wat hulle bestempel het as ons "leuke taaltje", ons "baby taaltje", sonder om die Suid-Afrikaners se gevoeligheid op hierdie punt in ag te neem. Theo het rondgebasuin dat die Hollanders met so 'n geroggel praat omdat hulle onder seespieël woon, naby die rioolpype. Die geroggel in die Hollandse taal, het Theo met alle erns vertel – tot groot vermaak van ons almal – het gekom van die nabootsing van die geluid van die water in die pype.

Dan was daar André wat altyd in sy Ikey-kleurbaadjie rondgeloop het. Roy was ook hier om navorsing te doen oor die larwe van muggies. Meestal het die manne ver weg gebly van politieke diskussies.

Walter het later die groep kom versterk. Hy wat oorspronklik 'n Noor was, 'n kind van sendelinge, wat feilloos Zoeloe kon klap, net soos Afrikaans en Engels. Hy kon ook baie mooi sing. Walter, 'n bietjie van 'n Baron von Münchhausen-figuur in ons midde. Toe Danny eindelijk in Leiden beland, het hy geskrik toe hy Walter hoor Zoeloe praat. "As dit nie vir die man se gesig was nie, of as ek hom nie gesien het nie, sou ek gedorie waar gesweer het hy is 'n Zoeloe."

Walter het altyd in die moeilikheid beland. Hy was sjarmant, kon goed praat en was 'n romantikus by uitstek. Elke keer as hy 'n nooientjie ontmoet, dan was dit 'krismis'. Hy het 'n verloofring gekoop, 'n partytjie gegee en haar van alles belowe. Maar Walter was ook 'n arm student en sy beloftes kon hy nie nakom nie. Dan het hy kopsku geraak en verdwyn. Ek het eenkeer, op sy versoek en namens hom, 'n pragtige liefdesbrief opgestel.

Tussen al die mense was daar Helmut Weigert wat ons gereeld op 'n Vrydagmiddag kom opsoek het. Hy het niemand vergeet nie. Hy was ook 'n vriend van Holmer Johansen wat aan die Leidse universiteit verbonde was. Hulle was per slot van sake leeftydsgenote. Een aand het Holmer Johansen my uitgenooi om musiek by hom te kom luister. Helmut was ook aanwesig. Dit was daardie aand toe Johansen my voorgestel het aan die 'castrati'-musiek, aan die wonderskone stem van die tenoor 'castraat' Alfred Deller. Die plaat het ek in 1964 in Leiden gekoop. Van tyd tot tyd draai ek dit om my salig oor te gee aan die mooi liederes en pragtige vertolking van Deller. En dan moet ek weer aan Helmut dink.

Hy was oorspronklik uit Europa, uit Sonthofen, Beiere, en gebore in 1918 toe die Eerste Wêreldoorlog pas afgeloop was. In die laat dertigerjare het hy na Suid-Afrika verhuis. Die dertigerjare was bewoë tye in Europa. Die mense was arm, die ekonomie nie rooskleurig nie. Hitler was besig om vir hom 'n magsbasis te skep met sy nasionaal-sosialisme en sou 'n paar jaar later die wêreld in 'n oorlog van tragiese omvang dompel. Ek het Helmut nooit gevra waarom hy weggegaan het nie. Al wat ek geweet het, was dat hy ook 'n suster had wat uitgewyk het Engeland toe. Helmut het 'n Suid-Afrikaner geword wat lief was vir sy land en hy het sy Duitse taal verruil vir Afrikaans.

Ironies genoeg, was Helmut eintlik 'n balling uit Europa wat skuiling en vrede in Suid-Afrika gevind het.

Hier in Leiden het die eerste groepie ballinge uit die onderklasse toe pas aangekom om te studeer. Hulle sou die voorhoede vorm vir die ander ouens wat later ook as ballinge uit Suid-Afrika moes weggaan weens diskriminerende wette. Hierdie dinge kon Helmut beter aanvoel as wie dan ook, en jy kon uit sy

gedrag sien dat hy vry was van die probleme wat die ander Afrikaanssprekendes geteister het.

Snaaks, noudat ek jare later terugdink aan Helmut, herinner ek my 'n man in Ceres wat die meters gelees het. Hy was ook 'n buitelandse, dit kon jy aan sy houding sien. *Die Landstem* het destyds die berig gedra dat hy sweer hy is die kroonprins van Rusland. Die Afrikaners het hom daarna gereeld gepla met: "Dag kroonprins van Rusland" as hy die meters kom lees. Wat my aan hom herinner het, was dat hy ook altyd op sy fiets rondgery het. Hy had ook sy postuur – het dieselfde soort kleding gedra as ons vriend Helmut in Leiden.

Toe Helmut sy doktorstitel in Leiden verdedig in die statige, sfeervolle 'senaatskamer', waar 'n mens net jou neus hoef in te steek om sommer geleerd te voel, toe was ons almal daar. *Weierstrass's Convergence Test...* het Helmut sy titel besorg.

'n Kennis het my jare later die skokkende nuus vertel. Helmut het teruggegaan Suid-Afrika toe. Daar het hy, kort ná sy terugkeer, tragies aan sy einde gekom. Hy was op 'n dag aan die strand in Durban. 'n Swart vrou was aan 't verdrink. Niemand het op haar hulproep gereageer nie. Net liewe, goeie Helmut wat nie kon swem nie.

So het hy saam met die vrou verdrink.

Ek sien hom nou nog voor my – terwyl hy so teen vieruur se kant van sy fiets afklim en dan binne toe kom. Sy groet met sy effense hoë, maar sagte stem – Helmut wat so lief vir ons almal was.

Uit: Die Suid-Afrikaan, Oktober/November 1991

Verrassing uit die verlede by die 'eentree-rede'

Ek was in matriek en hard aan die studeer. Vanuit my stoepkamer, tussen die rooi blomme van die koraalboom, kon ek die Helderberg sien.

Teenoor ons het die Katolieke kerk gestaan. Die pater se naam was Swann. Hy was jonk en ywerig en het hard gewerk om die onderdrukte swartes na sy kerk te laat kom. Hy't so 'n 'jeep' gehad, vader Swann, waarmee hy hulle gaan oplaai het, ver buite die dorpie waar hulle weggestop was in 'n 'swart lokasie'.

Somerset-Wes het 'n aandklok gehad en as die sirene saans om negeuur loei, moes swartmense hardloop om uit die dorp te wees.

Die koerante het altyd so teen kwart voor nege saans met die trein uit Kaapstad gekom. Dit het lank geduur, want in daardie dae het die dorp 'n boemeltrein gehad wat oral gery het om vervolgens bykans twee uur later die ou Kaapse stasie binne te stoom. Jy kon die trein soggens hoor uittrek uit die Strandstasie en as hy by die 'Half-way' was waar die pad na Caledon die treinspoor gekruis het, dan kon ons die gefluit duidelik hoor. Dan het die manne wat in die Kaap gestudeer het en moeite gehad het met soggens opstaan, begin hardloop – ek inkluis.

Dit was 'n wonderbaarlike gesig. Die ou stoomtrein op weg Somerset-stasie toe en die studente wat soos wafferse marathonlopers al langs die spoor ooplê om die trein te haal. Van alle kante het die ouens gekom, vanuit Kerkstraat net duskant Onse Jan se graf, verby die 'Broederkerk'. Soms het die trein al uit die stasie beweeg. Dan het vriende die deure oopgemaak, 'n helpende hand uitgestrek om so iemand in die trein te help. Een van die manne wat so hard moes loop, het ek nog help begrawe 'in my eerste week terug in die Kaap vanjaar! As 'n ou die trein nie gehaal het nie, kon hy nog altyd duimgooi om vervolgens die trein in Firgrove, Faure of Eerste Rivier in te haal.

Aubrey het saans die koerante van die stasie gehaal en dan dorp toe gebring. Daarna het hy kliphard deur die berge gery, die Sir Lowry Pass oor om te sê dat die Caledoners ook die Cape Argus kon lees. Aubrey was die dorp se 'Juan Fangio', blitsvinnig agter 'n stuurwiel.

Daar het destyds nie veel op die dorp gebeur nie, en een van die lekkertes was om saans in die hoofstraat bymekaar te kom om 'n koerant te koop. Die hoofstraat had toe nog 'karakter', was nog nie so "fênsie" soos nou nie.

Ek het hom sien staan eenkant teen die pilaar – stoksiel alleen – met 'n boek in sy hand. Nêrens sou dit opvallend gewees het nie. Maar dit was Suid-Afrika. Hy was swart en het 'n boek geles in die hoofstraat, terwyl hy vir die Cape Argus gewag het.

Ek kon my nuuskierigheid nie bedwing nie, het met hom probeer praat, maar hy was maar eers bra huiwerig. Die wette het 'n muur om ons gebou. Ek was aanhoudend, hy het geswig en toe blyk dit dat hy ook besig was met sy matriek deur die pos. Ek het hom uitgenooi om saam met my te kom studeer in my stoepkamer, met die koraalboom en sy rooi blomme wat 'n uitsig op Helderberg gebied het. Lank het ons saans gesit en praat, oor alles, van die politiek tot die matriekeksamen. Van den Oever, 'n Hollander, was sy werkgewer. Hy't 'n winkel gehad waar hulle elektriese apparate verkoop het. En my vriend was die 'boekhouer', waarskynlik omdat sy dienste so goedkoop was. Die Van den Oevers het uit die suide van Nederland gekom, was Katolieke en gereelde besoekers van vader Swann se kerk.

Toe ek aanvanklik in Brabant woon net voor Tilburg, het ek dikwels die naam gesien en aan my vriend gedink.

As my vriend ná elfuur gebly het saans, moes ek eers na buite, op die hoek van Lourens en Andries Pretorius om te kyk of dit veilig was vir hom om weg te ry op sy fiets. Dit het my seergemaak, kwaad ook, dat 'n volwasse man soos 'n dief in die nag moes wegsloop om die polisie te ontduik. Net voordat ek die land verlaat het, het ek nog 'n laaste keer 'n draai by hom gaan maak in Kaapstad waarheen hy uiteindelik verhuis het. Hier was dit ten minste makliker as in Somerset-Wes.

Ek was at lank in Holland toe ek een aand 'n oproep kry. Dit blyk toe die stem te wees van my vriend uit vervloë dae.

Die ander dag toe ek die Senaatsaal van die Universiteit van Wes-Kaapland binnestap vir my intrede – my vriend Etienne uit Grahamstad noem dit 'n "eentrede-rede": "een tree" in Holland, "een tree" 'n die Kaap – toe was hy daar met 'n breë glimlag op sy gesig, tot my verbasing en genoegdoening. 'n Skim uit die verlede.

"Shaba Phoenix!"

Te midde van die rituele, vasgevang tussen toga, pet en betoog, kon ek alleen bly uitstamel: "Shaba." Dit was 'n lang paadjie sedert ons eerste ontmoeting in die hoofstraat van Somerset-Wes. Hy met sy boek in sy hand, besig om vir sy matriek te "swot", en ons twee wat saans in die stoepkamer sit en werk.

My huis met sy lekker ou ringmuur het hulle platgegooi – in die belang van vooruitgang. Die ringmuur waarop ons Sondae soos dassies gesit het ná die braai-aartappels en poeding om ons te vergaap as vader Swann die Katolieke prosessie deur die strate lei, verby die Gunters skuins duskant die rivier. Ook die Van den Oevers het saamgeloop in die prosessie.

Ou mnr Voigt se sfeervolle, ongeorganiseerde plek is weg, die huis van dr. Resnick platgegooi; 'n mooi straat in een klap verwoes om plek te maak vir 'n 'Shopping Centre'.

Op die kaal plek waar motors nou parkeer, het ek gestaan, probeer om my jeugherinneringe terug te haal. 'n Man het my aangekyk en gesê: "Professor, op hierdie plek het u huis gestaan".

Alleen Shaba het oorgebly, nog altyd met sy glimlag, beminlik.

'n Stukkie van my verlede uit Willem Adriaan se dorp. So onverwags, verrassend, saliglik aanwesig op my "Eentree-rede" in September in die Kaap.

Uit: Die Suid-Afrikaan, Desember 1991/Januari 1992

Die beroemdste van al Suid-Afrika se Brands

Adolph Johannes Brand is in 1934 in die Kaap gebore. Hy sou die beroemdste en internasionaal mees bekende van die Brands uit Suid-Afrika word. Min mense het nog soveel plesier aan so baie in die wêreld verskaf – deur wit en swart toetse in totale harmonie met mekaar te kombineer. Oral sou sy klanke weerklank vind, van Kaapstad tot New York, van Zürich tot Parys en Amsterdam waarvandaan die VOC lank gelede Hollanders gestuur het wie se aanwesigheid ook iewers in die klanke van Adolph Brand 'n plekkie het.

Maar sy naam staan nie opgeteken in die *Biografiese woordeboek van Suid-Afrika* nie. Daar is 'n C., 'n C.J., 'n G.H.P, en 'n J.H. Brand. Laasgenoemde was die seun van C.J. en president van die Republiek van die Oranje-Vrystaat. Maar Adolph Johannes Brand is in Distrik Ses gebore en was nie wit nie. Onder die mense aan die Kaap het hy bekend geword as Dollar Brand, die man wat die klavier so goddelik mooi kon speel. Hy was trots op sy afkoms en verwys dikwels na die Khoikhoin-, die Oosterse, die Nguni- en die Sotho-invloede op sy lewe. Die verskillende strominge in hom word in sy musiek verenig. Dit is Browning wat daarop gewys het dat as jy drie klanke bymekaar bring, dan ontstaan daar nie 'n vierde nie, maar "'n ster".

Dollar Brand was voortbestem om een van Suid-Afrika se beroemdste pianiste te word. Hy het sy opleiding ontvang aan die ewe beroemde skool, Trafalgar High (Trafts), net onderkant die hang van die berg, aan die top van Constitutionstraat en skuins teenoor die ou Distrik Ses. In 1968 het hy hom tot die Islam bekeer en toe die naam Abdullah Ibrahim aangeneem, hoewel Dollar nog soms die naam is wat sy vriende gebruik. Van sy ma en sy ouma wat albei die klavier in die AME kerk gespeel het, het hy sy eerste lesse gehad. Dit is ontroerend om Abdullah te hoor praat oor die invloed van kerkmusiek en te hoor as hy bekende gesange soos *Blessed Assurance*, *Jesus is mine of All things bright and beautiful* speel. Ook by leermeesters en kollegas in Amerika, soos Thelonius Monk, tref 'n mens die invloed aan. Hy self sê van hierdie periode uit sy lewe: "Ek het opgegroeï met die 'spirituals'. Ons moet dus nie die invloed van die kerk onderskat nie".

Die invloed van Distrik Ses was baie belangrik in sy lewe. Hy kan daaroor praat met nostalgie, maar ook met bitterheid, want apartheid het 'n lewende, kultuur-lustige bevolkingsgroep vernietig en hulle weggegooi in godverlate, troostelose gebiede, met name soos Bonteheuwel, Bokmakierie en Manenberg, wat hy verewig

het met een van sy opwindendste plate oor die troostelose Kaapse vlaktes wat Distrik Ses kamma moes vervang.

Ebrahim was wat hy self noem, 'n klankwetenskapper, maar ook 'n sosiaal bewoë kunstenaar wat soos baie Suid-Afrikaners weg moes gaan om sy talent verder te ontwikkel. Distrik Ses was vir hom 'n voedingsbron waar hy met die klankryke mosaïek van sy land kennis gemaak het. Die klanke uit die Ooste wat die slawe saamgebring het, die moppie- en die ghoemaliedjies van die klopse in die Kaap rondom Nuwejaar, die folkloriese melodieë wat verewig is in die "Emma Kolêma, sê ma vir djou grêmma, Emma wil 'n baby hê". Die byna 'krontjong'-agtige oorblyfsels, die fluit wat die pyn oproep van die Khoikhoin. Daar is die kerkmusiek en die tradisies van Afrika wat ons terug vind in die *iculo*, die *ngoma*, die *izibongo* en die *imbongi*.

Al hierdie tipies Suid-Afrikaanse kulturele tradisies is ook te vind in die komposisies van Abdullah Ebrahim. Ek sien hom nog voor my, lank, slank met 'n loopas wat herinner aan die Kaap, glimlaggend, 'n ruimtelikheid uitstralend, om dan sy hande saam te bring in die groetteken so kenmerkend vir mense uit Indië as hulle *namaste sê*.

Die wette van Suid-Afrika het gemaak dat daar geen ruimte was vir mense soos Dollar in sy land van herkoms nie. Soos Miriam Makeba, Hugh Masekela en Jonas Gwangwa is hy die geleentheid ontnem om tuis tot die kultuur van sy land by te dra. En omgekeerd is die blanke in Suid-Afrika die voorreg ontsê om een van die grootste seuns van die land se musiek te leer ken en lief te hê.

In 1961 het hy 'n groep opgerig met die naam *Jazz Epistles*, met lede soos Hugh Masekela en die nog altyd legendariese Kippie Moeketsi, vader van die township-musiek: Kippie Moeketsi wat so 'n doring was op die alt-saxofoon! In 1962, kort ná Sharpeville, het Abdullah Ibrahim die land verlaat en hom met sy vrou, die sangeres Bea Benjamin – later Sathima – in Switserland gevestig. Hier het hy die aandag getrek van nog 'n legende, wyle Duke Ellington. Op laasgenoemde se aandrang verhuis hy in 1965 na Amerika en neem deel aan die Newport Festival, en tree op in die Carnegie Hall. Later sou nog 'n bekende seun van Distrik Ses hom volg: die tenoor Joseph Gabriels, wat in die Metropolitan Opera House in New York sou skitter in 'n opera van Verdi.

Abdullah is nie 'n kunstenaar wat alleen kuns omwille van kuns voortbring nie. Hy het hom by die strewe van die ANC geskaar om 'n demokratiese Suid-Afrika tot stand te bring. Hiervan het hy blyk gegee op podia en manifestasies oral in die wêreld. Hy het geweldige status onder die ballinge gehad. Waar Abdullah, of Dollar, opgetree het, daar het Suid-Afrikaners in ballingskap opgedaag om hom te

hoor en met hom te praat. Vir hulle het hy deuntjies en liederes uit hul verlede aan die vergeetheid ontruk. Op sy plaat *Sangoma* het hy byvoorbeeld 'n gedig van die digter Adam Small op sy onvergeetlike wyse verwerk. Hy het die liedjies van die klopse laat lewe, Amerikaners in samewerking met Suid-Afrikaners geleer om te sing: "Hoe gaat die paadjie na die Kramat toe, na die Kramat toe"; ook die bekende wysie van "Perdeby, perdeby, jy moet jou nukkery laat staan".

Sy plaat *African Market Place*, 'n streling op die ore, word in menige balling se huis gehoor. En *Manenberg* het reeds kultuur geword. Ook die Amerikaanse periode toe hy saamgewerk het met grotes soos Elvin Jones, Don Cherry, Max Roach en Archie Shepp, asook die invloed van die Blues, sou diep spore laat in sy musiek.

Ek het Abdullah Ibrahim weer intens meegemaak gedurende CASA (Culture in another South Africa) in 1987, georganiseer deur die anti-apartheidsbeweging Nederland in samehang met die kultuurafdeling van die ANC. In Amsterdam, waar dit alles eens lank gelede begin het met vyf skepties, het ek Abdullah hoor speel soos ek hom nog nooit vantevore hoor speel het nie. Daar was baie grotes aanwesig, mense wat hulle hele lewe lank teen die verderflike sisteem van apartheid gestry het: Nadine Gordimer, Lewis Nkosi, Jonas Gwangwa. Die hoogtepunt was die optrede van die maestro, Abdullah Ibrahim, met sy vrou Sathima. Sy verskyning op die toneel was al omgewe met 'n sekere magie. Hy in 'n wit jalaba uit Senegal, met sy glimlag en die so sprekende hande wat met sy pragtige musiek 'n bevestiging was van alles wat mooi was in die Suid-Afrika wat die regering so hardhandig onderdruk het. Dit was die bewys dat apartheid nie daarin geslaag het om mense in slawe te verander nie.

'n Paar maande later het ek hom hoor speel in 'n sysaal van die beroemde Amsterdamse Concertgebouw, nou in die geselskap van Mozart en Brahms, Strauss en Schönberg, wie se name aan die sykant van die muur gegraveer is. Dit was 'n ontroerende vertolking. Die aand het hy sy landgenote uitgenooi na sy hotel. Hy het tyd gehad om met almal te praat. Die volgende dag het ek en hy saam ontbyt geëet in die Marriott en oor Amsterdam uitgekyk. Toe het hy gepraat van sy droom om 'n musiekskool op die Kaapse vlaktes op te rig. Maar die wette was nog altyd teen ons almal gerig. Dus het dit by drome gebly. Toe die veranderinge van Februarie 1990 die weg open vir ballinge om die land sonder gevaar binne te kom, het Abdullah Ibrahim grandioos sy intrede gemaak. Op die video getitel *A Brother with Perfect Timing* siteer Abdullah Ibrahim, Dollar, 'n gedig van homself waarvan ek hier 'n paar reëls wil aanhaal as eerbetoon aan 'n landgenoot en vriend wat die verpersoonliking is van die *imbongi*, die *iculo*, die ghoemaliedjie en die kerklied, die mooiste

tradisies van my land wat so lank geen kanse gekry het nie deur die selfsugtigheid
van 'n klein groepie mense:

*water, water, water
from an ancient well
oh beautiful Africa
that's where I'll always dwell
water, water, water from an ancient well...*

Uit: Die Suid-Afrikaan, Februarie/Maart 1992

'Ja' het die oubaas 'n half-eeu laat swyg

17 Maart 1992* – 'n geskiedkundige dag. Daar was niks wat die oubaas belet het om te gaan stem nie. Sy agtergrond is vlekkeloos. Hy is 'n Afrikaner, het op 'n plaas in die Bokkeveld opgegroeï en was Gereformeerd. Maar hy kon nie "ja" of "nee" gaan stem nie – dit het die land lankal vir hom besluit. Sy stem sal vir altyd stil bly.

Apartheid is dood; die verlede begrawe en die bordjies het verdwyn, maar die stem van die oukêrel wat swyg soos 'n graf sal my altyd as 'n soort apartheids-bordjie bybly.

Ek was baie goeie vriende met sy seun. Toe ek laasjaar in die land was, het ek my vriend gaan opsoek in die mooi, sonoorgote Bokkeveldse dorp. Ek het geskrik toe ek hom sien. Sy blou oë was waterig en bloedbelope en hy het my hulpeloos aangestaar. Ek het gehoor my vriend het probleme met drank. Hy'tabelaas gelyk toe ek hom sien. Dis oor hom en sy pa wat ek wil vertel. Want, 17 Maart maak eintlik nie meer saak vir hulle nie.

Die verhaal het ons almal geken. My ma het dit aan my vertel, my oom het die ontbrekende stukkies ingevul, ander mense het daaroor gepraat. Alleen hulle self swyg daaroor.

My vriend se pa het in die Bokkeveld opgegroeï waar sy ouers 'n plaas besit het, so weggesteek tussen die rante en die blou berge van daai wêreld. Daar het nie baie mense in die kontrei gewoon nie en die kinders op die plase in die omgewing het met mekaar gespeel.

In die oubaas se omgewing het daar 'n ander plaas gelê. Geskiedenisboeke vermeld ook die naam van die mense, wat al van toeka se dae in die kontrei woon en boer. Maar hulle was nie 'wit' nie en ook nie te 'donker' nie – alleen die Liewe Here in Sy wysheid sou hulle kon klassifiseer. Hulle het Afrikaans gepraat, hoe kon dit anders? Het die geloofsbelydenis van die Gereformeerde kerke bely. En hulle was geseënd met meisiekinders. Kleintyd het my vriend se pa en sy broer in die eensame Bokkeveld saam met die minder 'wit' kinders gespeel. Later, in die warm nagte, het my vriend se pa, ou Kallie, en een van die meisiekinders met die ironiese naam 'Noi' mekaar ontdek.

"Ja ou maat, ons het die ding sien aankom", vertel my oom die annerdag toe ons deur die klipprante ry. "Noi was jonk en ou Kallie het tussen klip en rant agter haar

* Referendum waarin blank Zuid-Afrika zich mocht uitspreken over het hervormingsproces.

aangeloop. Voor iemand kon keer, was die twee smoorverlief en hulle het getrou. Ons het dit alles voor ons oë sien ontvou".

Hoewel daar toentertyd geen wette was om hulle te keer om te trou nie, het die lewe op die Bokkeveldse plase maar bra benoud geword. Hulle het weggetrek, dorp toe. Maar so eenvoudig was dit ook nie. Die dorp was netjies opgedeel in 'wit' en 'bruin', almal Afrikaans-sprekendes, netjies geskei deur die rivier. Hulle het kinders gekry, drie seuns en een meisiekind. Uiterlik kon hulle net sowel aan die annerkant, die 'witkant', van die rivier gewoon het, maar hulle het deel gebly van die 'lappies-kombers' aan die duskant. Net die oubaas nie; hy was nêrens welkom nie. Nie dat mense hom weggeja het nie, die 'bruines' van die dorp het net nooit vriendskap met hom gesluit nie. En vir 'wittes' het hy nie meer bestaan nie. Hulle het hom selfs 'n werk gegee – hy kon snags die nagkar ry wat Donderdae die emmers kom oplaai het – so asof sy 'volk' hom daaraan wou herinner dat hy skande oor hulle gebring het.

Ek het hom nooit met iemand buite sy gesin sien praat nie. In die NG Kerk het hy ook nie gekom nie, al was daar twee in die dorp, een vir 'wittes' en een vir 'bruines'. Die ander dag toe De Klerk se seun met sy 'bruin' meisiekind in die einste dorp in die 'bruin' NG Kerk instap, is die gebaar toegejuig.

Ek het oom Kallie dikwels in sy nederige huisie gesien as ek by my vriend kuier. Volgens gerugte het sy ouers lank gelede sy naam uit die Bybel geskrap, hom dood verklaar. Sy broer het probleme gehad om 'n vrou te kry en toe uitgewyk noorde toe.

Toe ek verlede jaar op besoek was het hy ewe kom binne loer, maar niks gesê nie. Sy vrou was bedlêend en siek en hy het die meeste van sy tyd by haar deurgebring. Ook sy kinders het probleme gehad. My vriend het vir 'n slaghuis gewerk en moes soms skape in die Bokkeveld gaan afhaal. Dan het hy by Boere gekom wat opgeskeep was met hulle meisiekinders en hom genooi het om oor te bly, in die hoop dat hulle 'n skoonseun ryker sou word. Die volgende dag sou die ma dan bel om te hoor of die seuntjie veilig tuis gekom het. Dan het deur die telefoon geklink: "Seuntjie, seuntjie! Hy's dan 'n Hotnot!" Toe het my vriend sy werk verloor. Hulle het hom geterg, die ouens wat saam met hom opgegroeï het: "Amper-Baas". Ek kan my nie herinner dat ons ooit oor sy familie gepraat het of dat ons ooit oor politiek gesels het nie.

Tussen die berge van die Bokkeveldse plase loop daar nog altyd tannies rond met kappies en lang sisrokke; susters of niggies van sy ma, Noi, wat ou Kallie se hart in die somerse aande so laat bokspring het. Hulle was ook getuie van wat ek

nou hier neerskryf. Die oumens lê op sterwe en die oubaas waak oor haar terwyl hy swyg. My vriend suip hom dood as hy nie ophou nie.

17 Maart – wat maak dit vir die oubaas en sy gesin of dit nou 'n "ja" of 'n "nee" was? Sy eie mense het hom verdoem tot 'n lewe van stilswye, meer as 50 jaar lank, omdat hy durf "ja" sê het.

Uit: Die Suid-Afrikaan, April/Mei 1992

Hans Beukes uit Duitswes

Daardie tyd het ons nog van Suidwes, soms ook Duitswes, gepraat. Die plek aan die bokant wat deur die Duisters beheer was. Hulle het ook nie gekroom om die woord Baster in die kontrei te gebruik nie. Die verowerde was dikwels die dupe van sy eie verlede en het dan ook terme geïnternaliseer wat later baie hartseer kon veroorsaak.

Die mense uit Suidwes wat volgens die Evangelie van Pretoria as 'kleurlinge' geklassifiseer was, het soms ook Kaap toe gekom vir verdere opleiding. Onder hulle was daar mense wat gereeld die voorblad sou haal. Ek dink hier aan die Schimming-familie, baie aktief op politieke gebied en slim soos môre die heeldag. Meisiekinders wat baie goed kon leer en 'n broer wat later dokter sou word aan die Universiteit van Kaapstad. Een van die meisiekinders sou later trou met 'n man uit die Kaap wat ook die geskiedenisboeke sou haal. Dr. Kenny Abrahams wat saam met dr Neville Alexander die groep sou oprig waardeur laasgenoemde tien jaar van sy lewe op die eiland sou moes deurbring.

Maar Kenny het die dans ontspring en die grens oorgesteek Botswana toe. Die Engelse het toe nog daar koning gekraai en die plek het eintlik Betsjoeanaland geheet. Hier het die veiligheidspolisie Kenny ontvoer en teruggesleep Suid-Afrika toe. Die Engelse – o, ironie! – het hom gered, want hy was eintlik van hulle grondgebied weggehaal. En die Boere kon nie anders as om hom vry te laat nie.

Hy's nou terug in Namibië, Kenny én sy vrou, 'n telg uit die beroemde gesin wat ek eerder genoem het, en nog altyd aktief in die politiek.

Uit Suidwes het die mense gekom om verder te studeer aan Trafalgar High School of aan Livingstone. Geen wonder nie dat hulle onder die invloed gekom het van die TLISA (Teachers' League of South Africa) en die Anti-CAD (Anti-Coloured Affairs Department) of die Unity Movement. Hier het ek ook Stellenmacher leer ken, wat arts geword het. Baie jare later sou ek oor hom lees in 'n plaaslike koerant wat in die biblioteek in Leiden te vinde was. Hy was glo betrokke by 'n bakleiery en iemand is gedood.

Maar eintlik wil ek skryf oor my vriend Hans Beukes uit Suidwes. Hy was groot gebou, 'n gesellige prater en aangenome geselskap. Toentertyd was Nusas (National Union of South African Students) baie bedrywig op die Engelse kampusse waar mense van kleur getolereer was. Jonty Driver, Maeder Osler en Adrian Leftwich was bekende en spraakmakende figure in die organisasie. Hans het ook aansluiting gevind by die politieke groeperings in die Kaap. Nusas het destyds gesê dat

mense die kans kon kry om in die buiteland te studeer en was die onderdrukte se venster op Europa. In Europa was dit die IUEF (International University Exchange Fund) wat later deur die spioen Craig Williamson geïnfiltreer sou word, wat die studente opgevang het.

Van Nusas het Hans Beukes 'n beurs ontvang wat hom in staat sou stel om aan die Universiteit van Oslo te studeer. Ek sien hom nou nog voor my staan, as ons praat oor die politieke toestande, of as hy my soms kom opsoek het in my geboortedorp. Hans en sy vriende was baie bly dat hy verder kon studeer. Hy het sy paspoort aangevra, dit gekry en hom toe gereed gemaak vir die groot uitdaging. Maar die noodlot het wreed toegeslaan in die gedaante van die veiligheidspolisie. Op die dag dat hy per boot uit Port Elizabeth sou vertrek – om presies to wees, die boot was al gereed om te gaan – het die veiligheidspolisie hom gaan haal en sy paspoort afgevat, vir die ganse wêreld om te sien.

Ek het sy foto in die koerant gesien, eensaam, verlate, magteloos. Ook ons, sy vriende, was kwaad, maar moes hulpeloos toesien hoe die maghebbers hulle wil aan ons opdwing.

Hans Beukes het tog daarin geslaag om weg to kom. In daardie dae het hulle nog mense in die kattebak van motorkarre gestop en so die grens oorgesteek. Alhoewel, hoe hulle Hans met sy lengte ooit ingestop gekry het, weet ek nie! Eindelik het hy in Oslo beland, die pragtige stad aan die fjord. Vandaar het hulle hom na New York gevlieg waar hy as eerste Suid-Afrikaner en slagoffer, die Veiligheidsraad persoonlik kon vertel wat apartheid werklik beteken.

Daarna het ons kontak met mekaar verloor. Ek kon toe nooit droom dat my lewe sy verloop sou kry in die lae lande nie. In die sestigerjare het ek in Leiden beland en nóg later het ek die geleentheid gekry om 'n diploma in die Noorse taal en letterkunde aan die universiteit van Oslo to behaal.

Hier het ons paaie weer eens gekruis. Die weersiens was onvergeetlik. Hy was nog altyd goeie geselskap en ons het lekker gekuier. Hans het net pa geword en het 'n stapel foto's van sy seun, Ore, by hom gehad wat hy aan almal wat dit wou sien en hoor getoon het. Ek het nog nooit 'n ou so trots gesien nie.

Hy was inmiddels getroud met 'n Noorse vrou en het 'n werk in die ekonomiese afdeling van die Noorse regering bekleed. Dit was ontroerend om my vriend so gelukkig to sien. Ek het hom ook by sy huis besoek, met 'n lekker borrel *sliewowiets* onder my arm en stories van vervloë tye. Sy vrou het kom dag sê, en haar onttrek met die woorde dat Hans soveel jare het om in te haal daardie aand. Hans het sy kitaar uitgehaal en liedjies in Afrikaans en Engels gesing wat hy in al die jare nie meer saam met iemand anders kon sing nie, selfs al kon hy uitstekend

'Bokmal' en 'Nynorsk' praat. Ek het gehoor dat hy geprobeer het om huis toe te gaan toe die moontlikheid van onafhanklikheid vir Namibië kom. Maar ná al die jare was dit nie meer regtig moontlik nie.

As ek nou aan Hans dink, roep ek altyd die woorde van die Noorse skrywer Knut Hamsun in herinnering in sy magistrale roman, *Sylt – Honger*. Toe het Oslo nog Christiania geheet. Ek siteer dit in 'n Engelse vertaling:

"Christiania, singular city, from which no man departs without carrying away traces of his sojourn there."

Uit: Die Suid-Afrikaan, Junie/Julie 1992

Die verdwyning van Moses

Net soos sy groot voorganger met dieselfde naam het hy van die toneel verdwyn. Ek verwys nou na my boesemvriend, Neville Moses. Dit was op 'n Saterdag toe hy weggegaan het Rhodesië toe; destyds het dit nog so geheet. Ek het krieket gespeel daardie dag en kon hom nie uitwaai op die Kaapse stasie nie. Miskien was dit ook maar beter so, want ek het nogal ongelukkig gevoel oor sy vertrek. Hy het die land verlaat om nie meer teen die wette vas te loop nie; hy en sy broers.

Soos hy uit my lewe verdwyn het, so het hy die eerste keer in ons dorp opgedaag. Meteens was hulle daar, hy en sy tweelingbroers en nog 'n broer. Later het ek van hom verneem dat hulle ook 'n suster had wat in Salisbury gewoon het. Hulle het by ou Martha tuisgegaan, sy wat roem gekry het in my dorp omdat haar man in die Eerste Wêreldoorlog geveg het en 'n *major* was. Niemand het ooit van hom gepraat as meneer Brown nie. Hy was altyd Major Dan Brown. Ek het hom nie geken nie, maar moes altyd verby sy graf loop as ons blomme in die begraafplaas gaan sit het.

Die graf was ook die baken toe ek in 1990 na baie jare weer blomme op my ouers se graf kon gaan sit. Ou Martha was 'n leidinggewende persoon in die *Church Lads Brigade* (CLB) van die Engelse kerk op die dorp. Nou ja, van die vroulike afdeling daarvan. Ek sien haar nou nog voor my, met die swart uniform en die bruin leerband om die middel, 'n stokkie onder haar arm en alles wat gepaard gaan met sulke rituele as die 'Lads' deur die dorp marsjeer. Later het die wette daarvoor gesorg dat die CLB nie meer deur die dorp kon beweeg nie. Dit sou kamma las veroorsaak het aan die wittes.

Sy was hulle tante en by haar het hulle kom woon. Die ware storie het ek nooit van my vriend Neville vemeem nie. Hulle het uit die Kaap gekom. Elke Saterdag het hulle pa hulle kom opsoek, 'n frisgeboude man, eensaam en alleen. Ek het hom nooit met iemand uit my dorp sien praat nie en Sondags het hy weer met die trein Kaap toe gery.

Hulle tante het hulle ingeskryf by die blanke skool op ons dorp, want dit sou 'n towenaar moes wees wat kon raai dat hulle iets anders was. Al wat hulle kon weggee, was dat hulle in die stil ou straatjie by hulle tante Martha gewoon het, en dié was nie wit nie. Na 'n tyd – ek weet nie wat gebeur het nie – het hulle almal ingeskryf by die skool vir nie-wittes. So het ons meer van mekaar gesien. Hy was altyd op sy fiets en het ook altyd verbygekom om te gesels. Soms het hy my agter op die fiets gelaai. Ons het veral baie na die Strand gery. Soms langs die 'ou Tol' verby die plase van Quinan en Colonel Hill en soms by die 'Mond'

se kant om. Met die Helderberg en die Hottentots-Hollandberge op die agtergrond was dit goddelike tye. Die plek staan nou volgebou met ouetehuse en groot 'supermarkets' volgens Amerikaanse model. Soms het ons ook nie eers met mekaar gepraat nie. Ek het in die Kaap skoolgegaan en die stoomtrein het altyd die ou stasie teen vyfuur binnegestoom. As hy tyd tot sy beskikking had, het hy my kom afhaal by die stasie en my huis toe gery. En elke Saterdagmiddag het sy pa getrou gekom om die kinders op te soek. Op my dorp het hy sy een tweelingbroer, 'n mooi jongetjie, donkerharig en fynbesnede, aan die dood afgestaan.

Op 'n dag het hy aangekondig dat hulle na sy suster gaan in Rhodesië. Daar was sy 'wit' en kon hulle ook deel word van 'wit' Rhodesië. Hy het dit nie so eksplisiet uitgedruk nie, maar dit was duidelik dat hy en sy pa en sy broers moeg was van die nare wette in Suid-Afrika. So het dit dan gebeur dat ek die middag krieket gespeel het terwyl my boesemvriend verdwyn.

In 1989 by die Watervalle-beraad het ek aan hom gedink, gehoop dat ek hom êrens sou teëkom in die strate van Harare. Maar miskien het hy lankal verdwyn uit Rhodesië, toe die land Zimbabwe geword het. Soms dink ek: miskien sien hy my naam in die koerant en weet dat ek nou weer die land gereeld binnekom. En dan sal hy my opbel en ons sal praat oor vervloë tye. Miskien probeer ek alleen maar om iets van my jeug terug te vind. Miskien woon hy al lankal in Suid-Afrika onder 'n ander naam en kan hy nie te voorskyn kom nie.

Elisabeth Eybers het 'n ware ding geskryf toe sy sê: "Verlange word aanvaarding langsaam".

Uit: Die Suid-Afrikaan, Augustus/September 1992

Konfrontasie met Van Riebeeck op die Kaapse Vlakte

Na 'n verblyf van 27 jaar in Holland het die Bolandse balling Vernon February einde verlede jaar vir 'n besoek van twee maande in sy geliefde Suid-Afrika aangekom. Die indrukke was skerp, maar verwarrend: die herontmoeting met lank gemiste familie in Ceres, die opspoor van 'n groot digter in die stank van Alexandra, en op die Kaapse vlakte gekonfronteer met 'n bebaarde Hollander van drie eeue gelede.... In die plek van sy gereelde rubriek oor mense wat sy pad gekruis het, skryf prof. February in dié uitgawe oor indrukke tydens 'n emosionele herontdekking van sy geboorteland.

'n Seuntjie van ongeveer tienjaar skryf na 'n koerant in Kaapstad: "Ek het so 'n rubberomhulsel êrens gevind. Ek wou weet wat dit was. Toe het ek dit aan my ouers gevra. Ten spyte van hulle opvoeding kon hulle dit nie eien nie. Ek het toe aan 'n huisvriend gevra wat 'n arts is. Ook hy moes die antwoord skuldig bly. Ek het op skool gevra. Niemand kon dit identifiseer nie.

Ten slotte het ek dit aan ons bediende laat sien. Sy sê onmiddellik: "Dit is die omhulsel van 'n rubberkoeël wat die polisie gebruik om op ons te skiet in die swart woonbuurte".

"Lewe ons dan in sulke verskillende wêrelde?"

Die eerste aand in Suid-Afrika het ek op eie versoek alleen deurgebring, om my gevoelens te orden. Iemand het my Sandton toe gery, ongeveer twintig kilometer buite Johannesburg. Die hotel was mooi, die kamer smaakvol met 'n pragtige uitsig op die jakarandabome wat oral in bloei gestaan het. Pers-blou, en ek moes moeite doen om nie 'paars' te sê nie. Maar daar was niemand om met my te praat nie. Die hotel was vol met mense wat Engels gepraat het en in my binneste was ek bly dat ek nie onmiddellik met die Afrikaanse taal gekonfronteer is nie. Dit was per slot van sake my moederstaal lank gelede. Ook was daar iets in die taal wat my direk daaraan sou herinner dat ek terug was. Die klank, die melodie, 'n gevoelswaarde wat ek ondersneeu het onder die Nederlandse taal. Ek betrap my dat ek huiwerig is om te laat blyk dat ek 'n Suid-Afrikaner is, net asof ek die konfrontasie, die onderdompeling met die land, nog ewe wou uitstel. Ook dit was deel van my ordening.

In die restaurant het die meeste mense in groepies gesit. Ek kon hulle van uit my hoek gadeslaan. So op die eerste gesig, normale, vriendelike mense wat

besig was om te eet, of bier of wyn te drink. Nêrens 'n teken van spanning, wat 'n mens ver weg van huis so dikwels op die beeldbuis gesien het.

Vanuit my kamervenster was ek getuie van 'n skitterende sonsondergang. In die verte het 'n weg omhoog geslinger. Dit het my nuuskierigheid geprikkel net soos toe ek nog in Somerset-Wes gewoon het en die liggies van die motors op die bergpas soos 'n goue lint my betower het. Later sou ek verneem dat Alexandra daar agter lê.

Die eerste dag het ek deurgebring deur my referaat te skryf, in orde te bring, as deel van my bydrae tot die Weekly Mail-boekweek wat die Sondag sou open. So kon ek die land uitskakel, my volledig oorgee aan die woorde wat ek op papier neerskryf. Eenkeer het ek na buite gegaan, Sandton toe, om rond te wandel in die winkels, om iets van die atmosfeer te voel, en my later weer teruggetrek in my kamer. Ek het kontak gesoek met die kamerbediendes, maar die een vrou was bra huiwerig om met my te praat. Toe het ek laat deurskemer dat ek pas terug gekom het en my politieke doopseël gelig. Sy het begin praat, meesal oor haar eie sorg om aan die lewe te bly, om te verseker dat haar kinders 'n behoorlike opvoeding geniet. Sy was self lid van Cosatu.

Die Sondag het Don Mattera my gevind in Sandton. Zeph Mothopeng het gesterf en sy uitvaart was groots opgeset. Die "one settler one bullet"-kreet het oral in die koerante verskyn. Daar was ook veel ophef oor die "one bullet one Slovo" wat op die uitvaart deur sommige geskandeer was. Toe het ek geweet dat ek terug is in my land.

Don het net sy pragtige, onthullende boek *Memory is a Weapon* gepubliseer wat oor sy belewenisse in Sophiatown gaan, sy ontwikkeling van 'n belangrike bendeleier tot een van die mees liriese en begaafde digters in Suid-Afrika. Ons het mekaar vroeër in Europa ontmoet en ek sou hom nou vir die eerste keer op Suid-Afrikaanse bodem sien. Ek sou trouens al my vriende uit die buiteland vir die eerste maal tuis ontmoet. Dit was Don wat aan my gesê het dat die weg daar ginds na Alexandra toe lei. Ek wou Wally Serote gaan verras in Alexandra. Ons het mekaar gereeld gesien, op alle belangrike kultuurkongresse sedert die vroeë dae in 1976 in Amsterdam. Die laaste keer was by die Waterval beraad in 1989. Nou sou hy, Albie Sachs en ek as hoofgaste aanwesig wees in die Markteater.

Don het my Alexandra toe geneem met sy motor. Die stank het my oorweldig, oral soveel verrotting, soveel ellende. Hiervoor was ek toaal onvoorbereid. Ek het die argumente geken. Hulle betaal geen geld aan die munisipaliteit nie, waarom sal ons die vuil weghaal? Dit het so gestink dat ek met moeite my emosies onder bedwang kon hou. Sou ek my vriend, die gevoelvolle digter, hier êrens aantref, ook in so 'n krot?

Ons moes verskillende kere aan mense vra waar Serote woon. Dit het my nog angstiger gemaak. Uiteindelik het ons hom gevind. In 'n behoorlike huis, nie 'n krot soos wat ek net oral teëgekom het nie. Op die een of ander manier

was dit vir my 'n oplugting. Anders sou ek Wally nie in die oë kon kyk nie. Hy het op die bed gelê en slaap. Dit was goed om hom hier te sien, met sy ouers kennis te maak. Maar die stank daarbuite in die res van Alexandra kon ek nie uit my gedagte wis nie. Hoe kon mense dit aandoen aan ander mense? Later het Wally self daaroor gepraat. Hy het gesê dat hy na soveel jare terugkom om Alex nog altyd aan te tref met sy krotte, die stank en die onmenslikheid. Ek het ook 'n kans gekry om op ander plekke te woon, waar vriende en skrywers woon met jakarandabome en pragtige tuine. Mense wat 'comrades' in die stryd geword het, wat hoë aansien geniet in die land, wat op ontroerende wyse die lot van die armes kon uitdruk. Met vergesigte oor die jakarandabome. Alexandra en Soweto met hulle krotte het my rustelose nagte besorg.

Dit was ook eensaam soms in die land. Gelukkig was daar soveel ruimte dat mens soms kon wegvlug, al was dit maar te midde van so 'n oordadigheid aan die natuurskoon. Die operatiewe beeld was 'n oordadigheid aan alles. Die natuurskoon was oordadig, die rykdom oordadig, maar ook die armoede was oordadig. Ek moes aan die woorde van die Hollandse skrywer Cees Nooteboom dink wat hy geskryf het oor 'n stukkie van Australië: *Het is teveel dit land, te machtig, alles wat je doet is een kras, een millimeter zelf...*

Die afsondering van die buitewêreld het duidelike littekens gelaat. Die mense wou daadwerklike oplossings hê van die ballinge, het 'n taal gepraat wat hulle sou verseker van 'n 'cordon sanitaire'.

Die brutaliserende effek van die apartheidsstelsel het dikwels om die hoekie kom loer. Aan die eenkant was daar 'n euforie as gevolg van die gebeurtenisse ná 2 Februarie. Die ANC was op slot van sake nie meer 'n verbode of terroristiese organisasie nie. En, dit was nou moontlik om bekende (beroemde) ballinge in lewende lywe te sien. Dit was inderdaad "the best of times, the worst of times", om Dickens en die Franse rewolusie in herinnering te roep. Die wet op aparte geriewe was afgeskaf en die see wat tog eens aan die 'Strandlopers' behoort het, het weer eens mense wat opreg bruin is daarlangs sien loop. Die restaurants het swart gesigte tussen die wit gesigte vertoon. In Pretoria het die regse liede betogings gehou, hoogsittend op perde met vaandels in die hand waarop 'n embleem wat nogal verwarring saai en aan 'n verderflike periode uit die Europese geskiedenis herinner. In die swart woonbuurte het die koerante in geure en kleure vertel van die onderlinge stryd tussen aanhangers van Buthelezi se Inkatha en die 'comrades' van die ANC. Die beriggewing in die koerante was self iets waaraan ek gewoon moes raak. Alles word soms haarfyn beskryf, ten spyte van die feit dat die land en die mense hulle daarop beroep dat dit 'n Christelike land is – 'volk' of 'nasie' wil ek nie gebruik nie want dit is ook nog 'n onderwerp van geleerde referate en onderhandelinge.

Miskien was Johannesburg en omgewing vir my maar 'n vreemde plek waar ek my net so ontuis gevoel het soos jare gelede in New York of in Chicago. Skrikbeelde van mense wat jou sal besteel, aanval of selfs doodmaak. En oral alarmsisteme wat verskillende en afskrikwekkende tone produseer om jou die gevoel van veiligheid en geborgenheid in jou huis te gee. Beelde opgeroep deur die koerante wat nie huiwer om alles neer te skryf nie. Sommige van die respektabele koerante het jou eerder aan die *boulevard-pers* van Europa laat dink. Sensasie-beriggewing, bladsye vol met prikkelpoppies so skamel geklee dat 'n mens dit nie meer 'n amper-broekie kon noem nie.

Die kontras tussen ryk en arm was so groot. Maar daar was oral opgewondenheid in die land. Die skole kon, onder sekere voorwaardes, hulle deure oopmaak vir mense uit ander kleurgroepe. Toe die eerste Afrikaans-sprekende skool stem om oop te gaan in Kaapstad, naamlik Groote Schuur, toe was dit voorbladnuus. Die syfers vir die jaar 1990 het gemeld dat daar 3038 slagoffers geval het as gevolg van politieke gewelddadighede in die land.

Vanuit my vliegtuig op weg na Kaapstad kyk ek neer op die landskap benede en sien oral blouplekke – swembaddens in die tuine van die huise. Ek het nog nooit in my lewe soveel swembaddens gesien nie. Die vliegtuig is opvallend vol met mense wat aan die ooste herinner. Daar is nie mense uit Khayelitsha of Langa wat op en neer reis nie. Ek herken die Hottentots Holland berge, het hier opgegroeï en dit gee 'n gerusstellende gevoel. Dit is ten minste 'n plek van herkenning en op hierdie oomblik het ek dit nodig. Vriende en kollegas haal ons af. Ook dit versag die verwarrende gevoelens.

Die gasvryheid is oorweldigend en onwillekeurig gaan 'n mens vergelykings tref met die land van ballingskap. Suid-Afrika kan 'n mens so gou in slaap sus. Die vriendelikheid, die gawe om na buite toe 'n mens te laat voel dat jy werklik by die huis is. Hoe anders daar waar ek oor die water woon. Baie afstandeliker, meer huisgerig. As ek my kantoardeur in Leiden toemaak, soek ek die veiligheid van my huis op, van my gesin.

In die eerste paar dae van opwinding herinner ek my baie dinge – vriende van vervloë tye wat plotseling voor jou staan, gryser of dikker en ouer, maar onmiskenbaar nog dieselfde persone. Ek woon by Braam [de Vries] en Hannie, "Chris en met een 'n'", het sy met haar aansteeklike sin vir humor gesê. Ek vind dit lekker om oom te speel vir die kinders. Braam lag hom dood soggens vir my ou 'Dickens outfit'. Ek voel my net soos in my eie huis. Een of twee keer moes ek diep teruggryp in my verlede om iemand te sien. Maar die plesier was nie minder nie as ek weet wie voor my staan.

Ek ry na my dorp toe verby plekke wat eerder skandvlekke is: Khayelitsha – 'n nuwe tuiste. Hoe ironies kan die betekenis van 'n woord tog nie wees nie. Maar hierdie land skyn beroemd daarin te wees om mooi name te gee aan

plekke waarop niemand ooit trots op mag wees nie: Bokmakierie, Lenteguur, Nyanga.

Op een van die byeenkomste word daar oor geweld gepraat en baie van die mense uit die gehoor loop weg, nie omdat hulle nie oor die onderwerp wil praat nie, maar omdat 'n beroemde balling die onderwerp op 'n belaglike wyse aan die orde stel. Wraak kan nie altyd soet wees nie!

Daar word baie gepraat oor die nuwe Suid-Afrika en ek moet skoorvoetend erken dat dinge verander het sedert ek laas hier gewoon het. Die onderklasse is nie meer onderdanig nie, die mense wat agter die kassas van die 'hyperamas' sit en agter die toonbanke by die banke, vertoon 'n ander kleur. En tog blink die mense nie uit van vriendelikheid nie. Soms het ek selfs gesmag na 'n bietjie Hollandse ritueel, "Dank je wel", "Alstublieft". Die 'supermarke' het my verras. Dit was net soos in Amerika toe ek nog in Wisconsin gedoseer het. Groot, groter, grootste. Hier het die vergelykings met Europa opgehou. Winkels van beskeie omvang en selfs buurtwinkeltjies wat so klein was en waar die eienaar, sy vrou en sy kinders bekend was by almal in die buurt het hier ontbreek. Waar 'n mens nog jou beursie by die huis kon vergeet en tog die pakkie botter mee kon neem huis toe om later te betaal. Ek was totaal onvoorbereid op die veramerikanisering van die land, ook in my dorp. Dit het iets grotesk gehad, byna onvanpas in die goddelike mooi land.

My vriende en 'comrades' het nog nie verder gekom as *Amandla* nie, sing lustig die *Nkosi Sikelel' iAfrika* op byeenkomste. Langsamerhand kom ek onder die betowerende spel van die land, die debatte wat gevoer word, kom ek myself teë in die kompleksiteite van my omgewing. "Jy begin nou al hoe meer soos ons te praat," sê 'n vriend op 'n keer.

"Refamiliarisation" het my vriend die romanskrywer Samuel Selvon uit Trinidad hierdie proses genoem in 'n persoonlike gesprek.

Ek gaan soms ou vriende opsoek, soos my skrywervriend James [Matthews]. Vanuit die motor sien ons hom loop, vroeg op 'n Saterdag, so lekker 'geolie', soos ons dit in die Kaap sou sê. Hy is bly, verras om my te sien. Ek gaan hom 'n grênd fles (bottel) koop. En dan gaan sit hy voor sy huis – nou ja: verblyf – tussen die gras wat hoog groei, en omring met sinkplate. Maar hy had 'n moerbeiboom in sy yard. En besorg my 'n paar hemelse ure met sy gepraat terwyl hy met plesier uit die fles drink.

Soms het ek mense gehoor wat van hulle binneste laat sien het. Ek moes aan Lewis Nkosi se uitspraak dink: "Ek het te veel hartseer gesien en 'I don't care to look into someone else's soul any longer'". Ek geniet die uitsig by Seepunt, kyk met plesier na die kinders uit die onderklasse wat ook hier in die swembad mag swem en baljaar. Dit is goed om te weet dat die malligheid verby is, toe die geriewe alleen vir één soort was. Ek laat aan my *eega* sien waar Robbeneiland lê. Die mooiheid van die agtermiddag is vir haar verby.

In Ceres ontdek ek weer eens hoe diep my naelstring opgebêre lê in hierdie land. As ons deur die Paarl ry, dink ek aan die liedjie *Pollie ons gaan Pêrel toe*, maar verander dit en neurie "Pollie ons gaan Pêrel toe, om vir Nelson weg te haal".

Daar is hoop vir hierdie land want ons praat ten minste met mekaar. En, dis altyd beter om te praat as om te baklei.

Ek word uitgenooi om verhale te vertel aan kinders. Die oë skitter, hulle lewe mee. Hulle kom byna almal uit die gegoede klasse. Ek het moeite om aan hulle te dink as wit. Die land forseer jou om so te dink. Ek kry na afloop 'n tekening met 'n hartjie: "We love you". Ek word gevra om dit ook te doen vir kinders uit die onderklasse. Om tienuur op 'n Saterdagoggend. Teen tienuur was daar nog niemand nie. 'n Uur later ook nie. Eindelik verskyn daar 'n paar kinders om half twaalf. Die juffrou sou hulle seker gesê het waar Holland is, hulle oor ou Jan van Riebeeck vertel. Jammer dat die Hollanders uit daardie tydperk almal baarde gedra het, ook ou Adam Tas – Oompie – uit Stellenbosch. Een van die kinders kon alleen aan Jan van Riebeeck dink toe ek hom vra wie ek was, waar ek vandaan kom. En tog sal ek nie my baard afskeer nie.

Van die kinders sou ook uit Khayelitsha kom, maar die bussie wat hulle sou vervoer, het nie kom opdaag nie. Twee moeders uit die plek nooi my uit om later verhale daar te kom vertel. Verweg in Amsterdam moes ek aan "Ol Boss" uit Ian McDonald se *Hummingbird Tree* dink:

"Two things add up the things worse. One is colour, one is white, an' when you is chile that don't matter an ant's tit. But grow up an' the whole thing cheapen up like the pretties' bird rotting. An' another thing too besides. I say the whole worl' is only a damn little morsel of a place... When you lose you' firs' richness what have you to expan to?"

Terug in Amsterdam draai ek my sleutel twee keer om in die slot en val diep in slaap. Die volgende besoek sal makliker wees.

Uit: Die Suid-Afrikaan, April/Mei 1992

En gij zult Emmanuël heten

'n Zuid-Afrikaans kerstverhaal

De zon danste op de wateren van Tafelbaai. De berg lag gebaad in blauw. Met een top als een tafelblad, alsof God nog een beitel in zijn handen heeft genomen om de scherpe kantjes weg te werken. Vanaf Kaapstad kon men de Hottentots Holland bergen zien. Links had hij nog tijd om een stukje bergpiek om te toveren in de gedaante van een leeuw, opdat de 'inwoonderen' het voortaan 'Leeuwkop' mochten noemen. En rechts heette het 'Duivelspiek', als herinnering aan de mensen aan de Kaap van de aanwezigheid van de duivel in hun goddelijke paradijs.

Soms lag er over de Tafelberg een wit kleed. Dan, zeiden de mensen aan de Kaap, dat Van Hunk, een opschepper van een Hollander, en de duivel weer bezig waren om elkaar uit te dagen. Van Hunk die dacht dat hij de beste pijproker ter wereld was en in zijn overmoed de duivel uitdaagde! En toen de wedstrijd voorbij was, kon men Van Hunk nergens vinden – alleen, van tijd tot tijd hing er een wit kleed over de Tafelberg. Dan wisten de mensen dat van Hunk en de duivel alweer met hun wedstrijd begonnen waren.

Cees van den Oever kwam op 6 april 1652 in de Kaap aan met de Drommedaris in gezelschap van Mijnheer Jan van Riebeeck. In Veere, in Zeeland, waar hij voor het eerst het licht zag, werd hij al vroeg gefascineerd door de activiteiten van de Vereenigde Oost-Indische Compagnie, en toen Mijnheer van Riebeeck uit Culemborg werd aangewezen om een 'kostgrondje' te beginnen aan de Kaap, was Cees van den Oever een van de eerste personen die de Heren Zeventien heeft verzocht om uitgezonden te worden naar de verre Kaap.

Veere was mooi, beschut en intiem en, vanaf de binnenstad en vooral vanaf de toren, had men een prachtig uitzicht over het meer. Maar, Veere was te knus en te klein voor de onrustige Cees van den Oever. Zijn fantasie werd geprikkeld door een gedicht dat hij ergens las. Hierin kon hij zijn dromen terugvinden. Cees van den Oever uit Veere las dat gedicht vaak en met onverholten plezier:

*Ja! wasser een Wereld, men zoud' er henen varen
Als Voordeel en Proffijt daar in verborgen lag.
Dat blijkt aan deeze Togt; en doet vol Goede Hope
De Kaap van Goede Hoop, als zonder zorgen aan
En sgoon daar duysenden van Mensgen-Eters lope:
Zij eten slegs malkaar wij zijn gereed tot slaan.*

*Di sidderde ende lild Den Hottento verbaast,
Omdat ons Donder-bus tot lof van Holland raast.*

Cees van den Oever was een patriot, maar gezegend met een dosis romantiek. Hij was per slot van zaken niet voor niets een Zeeuw. De Kaap was beeldschoon en zonrijk, betoverend, uitdagend, en door onze Schepper gevuld met leeuwen, luipaarden, bavianen en bloemen tegen de berghangen die ze hier Proteas noemden.

Eerst hadden de Hollanders vrede proberen te sluiten met de 'inwoonderen' van de Kaap. Per slot van zaken hadden de mensen de Hollanders verwelkomd met muziek op fluiten, hoge tonen en lage tonen, zo harmonieus als men niet van hen had verwacht. De Hollanders hadden kralen en koperen draad meegenomen en die dingen verruild voor land. Alleen, de mensen aan de Kaap hadden geen notie van eigendom en bezit en gingen na de transacties door met hun vee te laten grazen op de landen die ze net aan de Hollanders verkocht hadden voor kralen en koperen draad. Zo ontstonden er misverstanden, schermutselingen en vielen er doden aan de Kaap in 1652.

Cees van den Oever moest menigmaal bemiddelen en vaak was hij in het nauw gedreven. Maar de pioniersgeest in Van den Oever zegevierde altijd. Hij was ook diep gelovig Protestants en zoals zijn Commandeur, Mijnheer Jan van Riebeeck, en Mevrouw Maria van Riebeeck-de Quillierie, liet hij nooit na om te proberen om God's woord aan de 'inwoonderen' van de Kaap te brengen. Had de VOC dan niet een gebed gegeven aan alle dienaren waarin stond dat zij, behalve 'Proffijt' maken, ook de Heidenen aan de Kaap moesten bekeren?

Een van de eerste bekeerlingen was een meisje aan de Kaap dat Eva Krotoa heette. Zij was pas zestien jaar oud, mooi, perzikachtig van kleur en wild zoals een hinde. Eva was intelligent en uiterst leergierig en haar aanwezigheid was ook Mijnheer van Riebeeck opgevallen. Hij had vooral behoefte aan mensen aan de Kaap die als tolken konden fungeren tussen de Hollanders en de 'inwoonderen'.

Eva was uitermate geschikt voor zo'n rol en Mijnheer van Riebeeck had er dan ook geen problemen mee om haar op te nemen in zijn huishouding. Van Mevrouw van Riebeeck-de Quillierie leerde Eva snel hoe om zich als dametje te gedragen. Zij hielp in hun huishouding, leerde de Nederlandse taal en, tot verbazing van de Hollanders en vooral Mijnheer van Riebeeck en zijn gezin, bleek zij zo goed in talen te zijn dat zij weldra ook het Engels en het Portugees machtig was.

Eva was een nichtje van ene Herry die berucht was aan de Kaap en de Hollanders veel last bezorgde. Zij was ook een schoonzusje van opperhoofd Oedaso van de Kochoqua. Herry, haar neef had wat Engels geleerd van de Engelsen tijdens zijn verblijf op Bantam en zat een tijdje vast op Robben

Eiland. Maar toen hij hiervandaan ontsnapte, wiste hij met vee te komen naar de Hollanders en hun te overtuigen van zijn goede bedoelingen. Hiervoor werden Herry en zijn volksgenoten door Mijnheer van Riebeeck onthaald op tabak, brood en brandewijn. Nu woonde er rondom het Fort van Mijnheer van Riebeeck ongeveer twee honderd of drie honderd mannen, vrouwen en kinderen.

Cees van den Oever was betoverd door Eva – inderdaad een mooie verschijning. De Zeeuw was niet bestand tegen de charmes van het meisje aan de Kaap en capituleerde. Zo kwam het dat Kerstmis 1652 aan de Kaap een bijzondere dag werd voor Cees van den Oever.

Al maanden was er geen predikant meer aan de Kaap. De eerste leraar had het niet overleefd. Zij moesten dus geduldig wachten op een boot uit Nederlands-Indië. God was Cees van den Oever genadig want in de tweede week van December 1652 kwam er inderdaad een boot uit Nederlands-Indië met aan boord een predikant, ene Ds. Baldeus, op weg naar Amsterdam.

Zo geschiedde het dan dat Ds. Baldeus op 25 December 1652 aan de Kaap niet alleen het huwelijk voltrok van Eva Krotoa en Cees van den Oever maar ook een drietal kinderen van 'inwoonderen', die zich bekeerd hadden tot het Christendom, de Heilige doop kon toedienen.

December aan de Kaap was een maand van zonneschijn waarin God aan alle mensenkinderen in Zuidelijk Afrika zijn wonderwerken liet zien. Niet alleen was er overal zon, maar de velden waren ook getooid in een bloemenpracht en de vogels zongen zo mooi dat men zich in een paradijs waande. Vaak kon men de geluiden van de inlanders aan de Kaap horen – een "ho! ho! ho!" als ze de leeuwen en de luipaarden trachten weg te jagen die rond zwierven en hun verblijfplaatsen onveilig dreigden te maken. En als de maan in alle pracht uit was dan dansten de Khoikhoen aan de Kaap gracieus en soepel en met overgave tijdens de Afrikaanse avonden.

December was een maand van ongekende pracht en weelde aan de Kaap. Cees van den Oever had nog nooit een Kerst meegemaakt in de zon. Hij herinnerde zich Kerstfeest thuis in Zeeland, sober en rustig, zonder uiterlijk vertoon of aanduiding dat er zojuist iets groots is gebeurd. De Protestanten waren niet geneigd tot uitpattingen en de komst van het Christus kind werd dan ook rustig gevierd in de Kerken.

Hier aan de Kaap was het of men de komst van het Christus kind kon voelen en zijn huwelijk met Eva Krotoa op Kerstdag, was een geschenk uit de hemelen.

Natuurlijk had hij het zwaar te verduren dat hij met een inheems meisje ging trouwen. En één die zo jong was. Mijnheer van Riebeeck had toegezegd dat hij een feestje zou geven ter zijner huize voor Eva Krotoa en Cees van den Oever. Maar eerst had Ds. Baldeus de heilige doop toegediend aan de bruine kinderen van de moeders die zich hebben laten bekeren tot het Christendom. Menig Hollander pinkte een traan weg toen Ds. Baldeus de bruine kinderen der

'Geloovigen' aan de Kaap in zijn armen nam en plechtig zei: *"De hoofdsom van de leer der heilige Doop is in drie stukken begrepen: Eerstelijk, dat wij met onze kinderen in zonden ontvangen en geboren, en daarom kinderen des toorns zijn, zoo dat wij in het rijk van God niet mogen komen, tenzij wij van nieuws geboren worden..."*.

En de deftige dames uit Holland konden niet nalaten om te lachen toen de bruine kinderen aan de Kaap zo'n keel opzette toen Ds. Baldeus wat te kwistig was met het water.

Het huwelijk van Cees van den Oever en Eva Krotoa was een sprookje. Het meisje, Eva, was gekleed in een tabberd van wit, eenvoudig maar mooi, gemaakt door een van de dames uit Holland. Eva had een halssnoer van parels die zij van Mevrouw van Riebeeck had gekregen die schitterde tegen haar bruine vel. Cees van den Oever, stram en stroef in de houding en gekleed in een uniform van de Verenigde Oost-Indische Compagnie, ging zijn inlandertje trots en vol liefde tegemoet. Ook hij moest hard slikken toen Ds. Baldeus las: *"Maar op dat gij in dezen Staat Godzalig leven moogt, zoo zult gij, ten andere, weten de oorzaken, waarom God den Huwelijken Staat heeft ingezet. De eerste oorzaak is, dat de één den anderen trouw zou helpen en bijstaan in alle dingen, die tot tijdelijke en eeuwige leven behooren ..."* Later, op het feestje bij Mijnheer van Riebeeck klonken de kerstliederen, gezongen door de Hollanders, ontroerend mooi in de Afrikaanse avond aan de Kaap.

Twintig kilometer verderop was een groepje Khoi bij elkaar gekomen. Zij hadden ook iets te vieren op 25 December 1652 aan de Kaap. Terwijl Cees van den Oever de ring aan Eva's vinger schoof ten overstaan van de Hollanders en enkele bekeerlingen aan de Kaap, hing een Khoi meisje een vette koedarm om den hals van haar bruidegom, Demtaä van de Goringhaikonos, als teken van haar eeuwige trouw. *"Toen werden twee der vetste schapen uit de gehele negerije gezocht en voor dit nieuw ge-echte paar geslacht ..."*

.....

Emmanuël van den Oever had zwart gekruld haar en herte-ogen. Van hem zei men dat hij iets van Cees van den Oever's pioniersgeest had en zijn gevoel voor rechtvaardigheid. Op Kerstdag, 25 December 1967, bevond hij zich met zijn vriend Johannes Plaatje, op de oevers van de Limpopo rivier. Ze hadden lang geaarzeld voordat ze uiteindelijk uit de Kaap weggegaan waren om aansluiting te vinden bij vrijheidsstrijders die konkreet gestalte wilden geven aan hun droom van een vrije Zuid-Afrika. Gisteravond, 24 december, hadden ze een schuilplaats gezocht onder een baobab boom. Emmanuël van den Oever had altijd veel over Afrika gelezen, en wist dat de baobab boom iets bijzonders was. Van zijn leermeester, Dr. Kumalo, had hij vernomen dat God in zijn toorn de boom had ontworteld. Daarom zag de baobab er zo uit, alsof het wortels had in plaats van takken. Maar Emmanuël had ook gelezen dat de baobab gastvrijheid

biedt aan tal van dieren – salamanders, boomslangen, neushoornvogels. De baobab werd ook apenbroodboom genoemd. Voor de San was de boom een bron van water en overal in de woestijnen hadden de nomaden van Zuidelijk Afrika baobabs geplant om verzekerd te zijn van water. Eens per jaar, als de maan vol was, dan geschiedde een wonder. Dan, met de maan vol, werd de baobab omgetoverd in een sprookjesboom, getooid met bloeisels van wit. Al die dingen had Emmanuël van den Oever gehoord van Dr. Kumalo in de Kaap.

En nu hij één nacht heeft doorgebracht onder de baobab met zijn vriend en kameraad, op weg naar vrijheid, was hij Dr. Kumalo heel erg dankbaar. Johannes Plaatje stond versteld over Emmanuël's kennis. Zij hadden eigenlijk een beetje heimwee op kerstavond. Lang hebben ze gesproken over de kerstdagen toen ze nog thuis waren. De koren die kerstliederen brachten overal in de zonovergoten dorpen in December in Zuid-West Kaap. De harmonie die met koperen instrumenten 'Die Heiland is gebore' zo ontroerend kon brengen. Kerst was een tijd van klank en kleur, van vreugde en gastvrijheid. Al die herinneringen kwamen naar boven bij Emmanuël en Johannes. Toen de zon rood in het oosten gloorde en de Limpopo doopte in een zee van licht, toen sprong Emmanuël van den Oever op en gaf een kreet van blijdschap en omhelsde zijn vriend en kameraad.

"Happy Christmas", "Zalig Kerstfeest!" Zij dansten een vreugdedans en rende als hinden door het landschap. Het was kerstdag, 25 December 1967. Emmanuël van den Oever en Johannes Plaatje renden met armen hoog boven hun hoofden.

Verbaasd keken ze naar het bloed van hun overhemden waar kogels een eind maakten aan hun vreugdedans....

10 December 1985, Amsterdam.

Uit: Amandla, maart 1986

Uit: Die Suid-Afrikaan, Desember 1990

*Die literatuur en die breë Suid-Afrikaanse kultuurstrewe**

Suid-Afrika word algemeen beskou as een van die grootste konflikthaarde wat nou angstig probeer om deel te word van 'the family of nations'. Alles is blykbaar bespreekbaar en die spoed waarmee veranderinge plaasvind of lyk asof dit plaasvind, is verbluffend. As ondersoeker en literatuurwetenskapler kan ek dit byna nie volhou in Leiden nie.

Denkers, akademici, politici, is almal betrokke by die soektog na 'n 'nasionale identiteit', 'n 'nasionale literatuur', 'n gesamentlike 'Suid-Afrikaanse kulturele identiteit'. Asof ons nie genoeg gehad het van die woord 'nasionale' in die naam van 'n party wat vir so lank ons almal onder sy duim gehou het nie.

Onse denkers wedywer met mekaar om 'etnisiteit' wat so baie brokke in hierdie land veroorsaak het ten grawe te dra. En die spektrum sluit in Marxiste, post-moderniste, miskien 'n verdwaalde aanhanger van Derrida se dekonstruktionisme en aesthetici.

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling het daartoe gelei dat ons praat van 'n Suid-Afrikaanse kultuur, geskiedenis en taal, terwyl ons in wese bedoel dit wat die dominante kultuur voortgebring het. In feite verwys ons alleen na Afrikaans en Engels.

So het ons, in navolging van 'n Westerse tradisie, 'n dominante kultuur gekreër ten opsigte van dié van die massas wat ook swart is. En ons noem laasgenoemde 'n nuwe produk van onse kultuur. Daar het dus hier ontstaan 'n 'Hochkultuur' teenoor 'n 'volkies kultuur'. Laasgenoemde is uiteraard nie dieselfde as 'people's culture' wat sy oorsprong gehad het in die stryd teen 'n sisteem van uitbuiting en onderdrukking.

In alle opsigte toon die dominante kultuur dat dit afstam van die Westerse kultuurtradisie. Want, eie aan daardie tradisie is die gewoonte om 'n referensie kader te skep, waarin die ideë, die lewenswysheid, die kernbegrippe wat die maatskappy nodig het om oorent te bly via wette, skole, universiteite, norme en waarde, volledig tot hulle reg kom.

As iemand binne die referensie kader die grense van die kader oorskry, dit wil sê grensverleggend probeer wees, dan sal hy nie *au sérieux* geneem word 'n

* 'n Verkorte weergawe van die referaat gelewer tydens die Skrywersgilde se kongres te Langebaan, Oktober 1990.

nie. Alles wat buite die kernbegrippe val, sal aangedui word as esoteries, soos resentlik gebeur het met die Dalai Lama op 'n kongres te Amsterdam (1990) wat gereël is om die samehang tussen tegnologie en spiritualiteit te ondersoek.

Ook onder die onderdrukte klasse het daar 'n houding ontstaan wat ek in die woorde van die antropoloog Melville Herskovitz wil weergee as "socialised ambivalence".

Die 'Hochkultur' het die norm geword waardeur die sosialiseringproses, ook van die onderklasse, kan plaasvind. Wilson Harris, die geleerde en skrywer uit Guiana, stel die probleem nog skerp. In sy referaat gelewer by die kongres van *Commonwealth Literature* te Aarhus, Denemarke (1971), konstateer hy dat daar vir die gekoloniseerde twee faktore van belang is. Die een het hy aangedui as *ritual bounty or continuity*, waaronder hy verstaan het *the victor's assets or hoard of conquest*. Die ander het hy beskryf as: *the great chain of memory expressing subtle and complex ambivalences woven through the bodies of nature and history, man with man, victor with victim*.

In die siening van Wilson Harris is die omvang van die 'rituele buit' afhanklik van die wyse waarop die veroweraar daarin slaag om die verowerde te vermorsel. Want, dit sal weer by die verowerde lei tot 'n soort *uniform conviction so that the play of contrasts is eclipsed within an order of self-deception*.

Die literatuur en tale van Suid-Afrika, die kultuur in die algemeen is 'n weerspieëling van die oneweredige verdeling van die 'rituele buit' van die land as gevolg van verowering en geïnstitusioneerde rassisme.

Richmond (1972) definieer ras as volg: "In sosiologie word onder ras verstaan 'n kategorie van persone wie se sosiale posisie gedefinieer word in terme van sekere fisieke en ander eienskappe wat veronderstel is om aangebore te wees."

Die Suid-Afrikaanse staat het altyd die bestaan van 'n enkele, onverdeelbare nasie ontken, soos voorgestaan in die 'Handves van die Vryheid' van die ANC van 1955. Trouens – die onderhandelinge ten spyte – die basis van die huidige staatsbestel is nog altyd die indeling volgens ras.

Ons word ironies genoeg gekonfronteer met die feit dat alhoewel daar maar vier of vyf miljoen Afrikaanssprekers is, die Suid-Afrikaanse kultuur en ideë in die buitewêreld dikwels (altyd) sinoniem gestel word met die Afrikaanse (lees: Afrikaner) kultuur. Die res is *Fremdkörper*, mense wat nou wydverspreid aangedui word in navolging van Peter Worsley as "Derde Wêreld bewoners" – 'n stukkie exotica wat voer aanbied vir antropoloë.

Dit is dan nie so verbasend nie om vas te stel dat die enigste leerstoel in Holland bestemd vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis, tale en literatuur, gevestig aan die Universiteit van Amsterdam, eintlik alleen as fokus had die Afrikaanse taal en literatuur en die besetter van die pos was ook altyd 'n Afrikaner.

Waar ons dus lees: Die Suid-Afrikaanse taal, geskiedenis en literatuur, moet ons veronderstel: Die Afrikaanse taal, geskiedenis en literatuur.

In my beginjare in Nederland moes ek ook dikwels die volgende gediggie aanhoor:

*jou vabond wag
ek sal jou kry
van jou sal net 'n bloedkol bly
hier op my kamer mure*

En, ek kon niemand oortuig dat 'n oorlogskip in Afrikaans absoluut nie deur ons aangedui word as 'n "vir niks nie bang nie skip" nie.

Hierdie soektog na 'n eie kulturele identiteit, 'n nasionale kultuur en 'n nasionale taalbeleid het al baie tonge losgemaak in akademiese kringe, onder aanhangers van die ANC, en het uitgemond in die Watervalle beraad in Zimbabwe waar Afrikaanse skrywers in Julie 1989 met ANC skrywers en lede van die kultuurdepartement gepraat het. In Suid-Afrika het die beraad die nodige polemiek veroorsaak.

Daarna was daar 'n kongres oor taal gereël deur die ANC in Harare, Zimbabwe. Afrikaner akademici was gekonfronteer aan die een kant met wat gou bekend geword het as 'establishment' Afrikaans en met 'alternatiewe' Afrikaans. Onder die onderdrukte klasse het die term 'relevante' Afrikaans posgevat, 'n disleksifiseringsproses, 'n aanpassing, 'n ontmitologisering, waardeur die taal geskik was om die onrus en die strewe na vryheid en 'n nie-rassige, nie-seksistiese Suid-Afrika weer te gee.

In die laat vyftigerjare en begin van die sestigs was Adam Small nog 'n alleenloper uit die onderdrukte klasse. Hy was konstant aangeval vanuit die geledere van veral die 'Non-European Unity Movement' en die 'Teachers' League of South Africa' vir die wyse waarop hy in Afrikaans geskryf het. So het ene Jonker hom aangeval in die *Educational journal* van Oktober/November 1969:

A writer is of course free to use a dialect, provided the dialect is the form in which the writer can obtain the purest and most precise expression of his thoughts and feelings. When the writer however uses a dialect to achieve an effect which does not flow organically from his writing ... then it is not permissible. Then the writing is not genuine but Ersatz. It is completely odious to manufacture a dialect, put it in a speaker's mouth in order to portray him as being 'andersoortig'. This is what Small is guilty of.

Die beswaar van die intellektuele vanuit die 'Unity Movement' was teen Small se gebruik van 'Kaaps', 'Gamattaal', 'Capey', of waffer naam daar ook aan

gegee was, want die taalvorm het, volgens hulle, alleen stereotiep-bevestigend gewerk.

Vergelykings met soortgelyke kultuursituasies, byvoorbeeld in Suriname, leer ons die volgende. Een van die grootste Surinaamse digters was Trefossa (Hennie de Ziel) wat daadwerklik aangetoon het dat sy taal, Sranan Tongo, ook denigrerend 'neger-Engels' of 'taki-taki' genoem, 'n volwaardige taal was.

Maar Trefossa was ook bewus van die feit dat sy volk as gevolg van kolonialisme die Nederlandse taal gebruik het en op 'n verskillende manier dan die *bakra* – blanke. Hy stel dan ook vas:

Onze onzekerheid m.b.t. het Nederlands brengen wij op onze leerlingen over zonder het zelf te beseffen. Het pijnlijke is dat velen niet weten, of niet willen weten, dat we in onze houding t.o.v. het Nederlands onzeker zijn. Wij hanteren die taal anders dan de geboren Nederlander en dat is volgens mij de meest natuurlijke zaak van de wereld, maar wij moeten bereid gevonden worden om consequenties hieraan te verbinden.

Soos ek self opmerk ten opsigte van Small se oeuvre: "To reject Adam Small's humour and satirical attacks via his prose and poetry is, therefore, to ignore or misinterpret the peculiar culture (sub-culture) in which his writings find their origin in South Africa or to apply ideological standards to them in which laughter is not permissible".

Cosmo Pieterse, essayist, kritikus en digter uit die Kaap het al in 1982 ten tye van 'n kultuurkongres georganiseer deur die anti-apartheidsbeweging in samewerking met die ANC te Amsterdam insiggewende ideë oor Afrikaans gelug. Die skrywer en publicis Adriaan van Dis skryf in Julie 1982:

Hoe opmerkelyk is het dan toch dat het met zoveel racistische begrippen bezoedelde Afrikaans niet geheel door die gekleurde sprekers ervan wordt afgewezen.

Cosmo Pieterse beweerde tijdens de discussie over 'Taal als onderdrukking en taal als bevrijding' zelfs dat het Afrikaans een rol kan spelen in de strijd tegen apartheid. Pieterse bespeurde een terugkeer naar het gebruik van de moedertalen als Zoeloe, Xhosa en Sotho in de Zuid-Afrikaanse literatuur.

Wees de zwarte bevolking voorheen het gebruik van de huistaal af en koos zij het Engels als artistiek medium uit protest tegen de verdeeltactiek van de apartheids-politici, die juist de eigenheid in hun beleid van 'gescheiden ontwikkeling' benadrukken, nu keren enkele zwarte schrijvers – in navolging van bijvoorbeeld hun Keniase en Senegalese vakgenoten – terug tot die volkstaal.

De bevrijdingsbeweging moet de stroming volgens Pieterse nu steunen, ook al heeft Pretoria voorheen schrijvers in de volkstaal gepaaid. Het Afrikaans is de huistaal voor negentig procent van de zogenaamde kleurling-bevolking en wordt ook door de op het 'blanke platteland' wonende zwarten als eerste taal gebezigd.

Nu speel het Afrikaans een bindende rol in die zogenaamde Tsotsitaal, een straat-taal met allerhande leenwoorden die vooral in de verzetscultuur (onder meer in popsongs) wordt gebezigd.

Cosmo Pieterse se stellingname het nooit die Suid-Afrikaanse koerante gehaal nie. In my onderhoud met Chris Louw in 1986 het ek reeds die stelling geponeer dat Afrikaans ook die taal van bevryding kan wees vir sommige mense uit die onderklasse. Per slot van sake verdwyn 'n taal nie sommer so nie, tensy die taalsprekers almal selfmoord pleeg, algehele afsondering verkies, gefossileerde vorms van taal kunsmatig in lewe wil hou.

Toe ek vanmôre wegry van Houd-den-Bek en Môrester waar ek gisteraand geslaap het, verby Boplaas en Dirk Ligter se wêreld, toe weet ek: Afrikaans is nie in die moeilikheid nie, Afrikanerdom wel.

Dit is die romancier en essayist Chinua Achebe uit Nigerië wat in die vyftigerjare alreeds oor die Engelse taal gestel het: "Die Engels wat ek gebruik moet van so 'n aard wees dat dit die gewig van my Afrikaanse belewenis kan uitdruk".

Die gevoelens van die onderdrukte klasse word pynlik verwoord deur Caliban wat ten opsigte van die dominante kultuur sê:

*You taught me language
And my profit on 't is
I know to curse.*

Maar terselfdertyd word ons deur Salman Rushdie daaraan herinner dat dit juis in die taal van die 'Koninkrijk' is dat die gekoloniseerde, die verowerde terugslaan.

By die Universiteit van Wes-Kaapland het 'n simposium plaasgevind in 1985 onder die titel "Swart Afrikaanse Skrywers", later in boekvorm verskyn onder redaksie van Julian Smith, A van Gensen en Hein Willemse.

In die voorwoord van die publikasie stel die redakteurs onomwonde vas:

Die heersende en amptelike tendens in die Suid-Afrikaanse politiek is die ontwikkeling van 'hervorming'. Hierdie politieke impuls van koöptering en die ontwikkeling van apartheid moet egter nie in isolasie beskou word nie. Ook die kulturele aktiwiteite, as simboliese aksies, word van hierdie breë sosiale bewegings nie uitgesluit nie"

Die redakteurs stel verder vas:

In 'n epog waar daar politieke gemeenskapheid en alliansies gesoek word is die differensiasie wat met 'swart' skrywers bedui word hier in 'n bewuste politiese sin

gebruik. Met 'n taal soos Afrikaans wat vanweë sy ontstaan, verloop en die wetenskaplike beslag daaromheen hom juis kontroversieel binne die sosiaal-politiese arena bevind, is dit gerade om nie ongenueanseerd daarmee om te gaan nie. 'Swart' is 'n ideologiese keuse. In essensie ondervang dit die kontestasie wat deel uitmaak van die Afrikaanse swartmense en Afrika-staat. Die basiese feit is dat Afrikaans deur Afrikaner ideoloë met distorsie en verdringing toegeëien is aan die geordende Afrikanerdom. Die geskiedenis van die Nasionale Party regering is onder meer een waarin Afrikaans van die kenmerkende tekens van die heersende orde se represiewe beheer is.

Die sosiale invoeging van swart Afrikaanse skrywers binne die Afrikaanse skrywers binne die Afrikaanse literêre konteks is desnoods ook totaal anders as die van wit Afrikaanse skrywers; die belange, die verwagtinge, die prosesse van kulturele produksie en reproduksie verskil. In 'n groot mate sou swart Afrikaanse skrywers veel eerder aansluiting vind in sosiale groeperinge wat hulle teenoor Afrikanerpolitieke beheer en literêre establishment opstel.

So het Christopher van Wyk se gedig *About Graffiti* dan duideliker weerklank gevind onder die onderklasse, omdat dit weergee wat daar lewe. Ik siteer:

*When one black child tells another
Ek sal jou klap
dan cross ek die border
it's graffiti*

and

*when another child say
"I don't like Vorstra en Kruga
Because they want us to speak Afrikaans"
[...]
Graffiti shouts from the lips of a township:
KYK VOOR JOU DIE WELFARE SAL AGTER JOU KYK*

G'n wonder dat die digter en letterkundige Hein Willemse praat van Afrikaans as sy 'leeftaal' en 'skryftaal' maar nie van die letterkunde nie.

Ook in die stedelike ghetto's van swart Suid-Afrika het daar as gevolg van die dominante kultuur vorme van Afrikaans ontstaan. Dit is 'n algemene taalkundige verskynsel dat kreoliseringsverskynsels optree daar waar mense uit verskillende taalgroepe in 'n situasie verkeer sonder dat hulle 'n gemeenskaplike taal het om met mekaar te kommunikeer.

Die taal van die dominante kultuur, byvoorbeeld Engels in Wes-Afrika, word dan bevroed deur die verskillende tale. As die taal alleen gebruik word in beperkte situasies dan praat ons van 'n *pidgin*. Wanneer die taal verhewe word tot moedertaal, tot kultuurtaal, dan praat ons van 'n kreoolse taal. Dit het sig

veral in Suriname (Sranan Tongo, Surinaamse tong) en die Antillen (Papiamentu), Haiti en New Guinea gemanifesteer.

Fanakalo wat ook as taalvorm sig gemanifesteer het in Suid-Afrika word deur Prof. A.C. Jordan as volg beskryf: "Fanakalo basically employs Nguni words but ignoring both morphological and syntactic structures of Nguni, it transplants isolated Nguni words into English syntactic word order". For example, *Yini wena funa?* in plaas van *Ufuna ni?* (Wat wil jy hê?). *Iphiwena hamba* in plaas van *Uyaphi?* (Waar gaan jy heen?) En, vertel Jordan, toe 'n Engelse predikant die Onse Vader in Fanakalo vertaal, was sy kerk leeg!

Anders is dit met Flytaal (Flaaitaal), ook Tsotsitaal genoem. Dennis Makhudu wat 'n MA-verhandeling daaroor afgelê het in 1984 in Amerika stel vas: "In order to survive in the urban cauldron, Bantu speaking blacks have created a communication system that combines Afrikaans, several black languages..."

So het Sipho Sepamla se gedig *Come Duze Baby* wat hy in 1974 op die Grahamstown Festival gelees het, bestaan uit 167 ortografiese woorde, waarvan 114 vergelykbaar was met Afrikaans, 41 met Engels (inklusief slang), en die orige 13 uit verskillende Afrika-tale, byvoorbeeld Zoeloe, Suid-Sotho en Tsonga.

Come Duze Baby

Hela baby!
Zwakala daarso
Of hoe se ek?

Jy moet my notch
Kyk my mooi sweetie
Ek is nie een van hulle
Jy ken mos
Die Hillbrow type.

Hela Sisi!
Look sharp
Otherwise jy val
Met my 'M'
Jy val soos 'n sak kool.

Ek wil jou weedie
Of praat jy net met situations
Die manne met 'n ntanjana
Die Stetson oukies
Die Mpala-mpala outies

*Wat jou rwa
Met Manyeledi
And Mgababa
Of hoe sê ek?*

*Baby jy's 'n washout
Hulle vang jou
Sluit jou toe
For Immorality
'Strue met my 'P'
jy's 'n has-been.*

*Kyk, ek mca jou baby
Ek is serious
My hart maak shandies
Jy ken mos
Die downtown beat
Van Jimmy Smith se mojo.*

*Ek praat die real ding
Moenie dink
Ek wala-wala net stof
Ek wil jou cover
Ek wil jou smekana
Jy ken mos
Die movie-star ding.*

*Jy's my number one mbuzana
Die neneweet
Jy's my eie ding
Met my ma!*

*Baby come duze!
Come baby duze!*

(Uit: Hurry up to it!)

My dilemma as Suid-Afrikaan wat lank weg moes bly word verder geïllustreer deur die volgende casus.

Eers wil ek dit illustreer aan die hand van twee boeke van die skrywer Ayi Kwei Armah, te wete *The Beautiful Ones Are Not Yet Born* (1968) en *Fragments* (1969). Daarna wil ek terugkeer tot die oraliteit van onse kultuur in Afrika-tale.

The Beautiful Ones Are Not Yet Born speel af in Ghana onmiddellik na die val van Nkrumah. Die verwagtinge is hooggespanne. Die mense verwag daad-

werklike veranderinge. Maar in feite word hulle gekonfronteer met 'n beeld van ontredde, korrupsie en armoede. Die nuwe elite het die Engelse verdring en woon nou in hulle huise. Die hoofkarakter is 'n afstandelike, miskien selfs ironiese toeskouer. Hy is nie deel van die verrottingsproses nie.

Die operatiewe beeld word gehaal uit die werk van Plato se *Republiek*. Die sentrale vraag is of die 'regverdige lewe' die 'korrekte' vorm van lewe is in 'n mens se private en publieke lewe.

Plato gee geen antwoord in sy *Republiek* op hierdie vraag nie. Die ander karakter, onderwyser, is soos Plato se filosoof; draai weg van die spektakel van sy eie skadu wat op die muur geprojekteer word. Hy klim so ver as die mond van die grot om 'n visie te kry van die egte wêreld, verlig van buite af deur die son. Soos ook in die geval van Plato se filosoof het hy 'n beeld van die 'goeie', die 'tydlose' en universele waardes. Anders as Plato se filosoof keer hy nie terug na die grot om die lewe te verlig van die mense wat daar lewe nie. Hy is bang dat hulle nie na hom sal luister nie, soos hulle ook nie na die filosoof in Plato se *Republiek* luister nie. Hy dink dat as hy terugkeer hulle tog nie na hom sal luister nie. Daarom keer hy terug na sy familie. Soms stap hy ook in die sonlig, maar meestal daal hy af in die duisternis van die grot – wat weer die daelikse lewe verteenwoordig van die mense in 'n korrupte samelewing.

Die mense in die grot lewe nie heeltemal in die duisternis nie. Hulle hunker ook na lig. Want soos die Joodse tradisie dit wil hê: "Waar lig is, is daar Simcha (vreugde)". Maar die lig is afkomstig van 'n duiwelse bron, stel voor geld, glitter. "Home is the darkest place for man"

Die familie van 'man' word aangetas deur sy onvermoë om tot aksie te kom.

'Man' is nie 'n tipiese 'grotbewoner' nie, maar het 'n groter bewussyn as hulle. 'Man' is eensaam, maar sy eensaamheid vloei voort uit die feit dat hy tot twee wêreldes behoort wat met mekaar bots.

'Man' dink aan sy vriend Rama Krishna, 'n Ghanees wat in gereïnkarneerde vorm hierdie naam geneem het "in die reincarnation of his soul after long and tortured flight from everything close and everything known, since all around him showed him the horrible threat of decay".

'Onderwyser' bevind homself in 'n 'spiritual wasteland'. Hy probeer die duisternis van die grot te ontvlug nie deur middel van meditasie of intellektuele bespiegeling nie maar deur dagga te rook.

'Man' neem nie deel aan die korrupsie nie, red selfs sy vriend die minister as hy deur rioolpype moet vlug nadat die soldate oorgeneem het.

Tog is die finale beeld nie een van ontredde nie maar hoop, gesimboliseer deur 'n blom.

In *Fragments* is die hoofkarakter 'n Ghanees wat jare in die buiteland gestudeer het, 'n 'been-to' wat nou terugkeer en alleen maar narcistiese films wil

maak, in plaas van by te dra tot die oplossing van die armoede van sy familie en sy land.

Twee persone ondersteun hom, sy grootmoeder en 'n Wes-Indiese arts. Baako word uiteindelik in 'n psigiatriese inrigting opgesluit. Hy was vernietig deur *ntan* of wat die Grieke noem hoogmoed (*hubris*). Baako was die *cargo cultist* wat sonder *cargo* teruggekeer het. Ek haal aan uit Ayi Kwei Armah se *Fragments* (1974, p. 223-224):

The main export to the other world is people.... At any rate it is clearly understood that the been-to has chosen, been awarded, a certain kind of death. A beneficial death, since cargo follows his return. Not just cargo, but also importance, power, a radiating influence capable of touching ergo elevating all those who... have suffered the special bereavement caused by the been-to's going away.... After all, in the unelaborated system – where the been-to has yet to make his appearance, there is no intermediary ... at any rate – the human being once dead is in his burial considered as having been exported to the other world. A return is expected from his presence there: he will intercede on behalf of those not yet dead, asking them what they need most urgently... Needs dictated by instant survival and subsistence requirements.... The been-to here then only fleshes out the pattern. He is the ghost in person returned to live among men, a powerful ghost, understood to the extent that he behaves like a powerful ghost, cargo and al.... In many ways the been-to cum ghost is and has to be a transmission belt for cargo. Not a maker, but an intermediary. Making takes too long, the intermediary brings quick gains.

Die tweede casus, soos ek alreeds aangedui het, kom uit 'n tipiese Suid-Afrikaanse kultuurtradisie, die orale, wat nou aangedui word deur sommige as 'n nuwe produk.

Ek gaan eers teen alle reëls van die orale tradisie in 'n prosaïese weergawe gee van die storie oor die "vlermuis".

Die vlermuis het in vrede gewoon in 'n paradyslike vallei waar Koning Leeu oor die diere geregeer het en Koning Arend oor die voëls. Totdat Koning Leeu en Koning Arend baklei het en oorlog teen mekaar verklaar het. En, omdat die vallei so groot was, met hoë berge, het die diere 'n jakkals as boodskapper gekies om die diere te vertel om te veg. En die voëls het 'n duif gekies as hulle boodskapper. In die berge waar die vlermuis gewoon het, het die jakkals die boodskap gebring. Maar die vlermuis het verbaas gereageer en ontken dat hy 'n dier was. En toe duif kom het hy ontken dat hy 'n voël was. Toe die bakleiery begin, het hy weggesluip. Alleen saans was daar 'n wapenstilstand. Alleen saans kon hy uitkruip. Maar hy was eensaam en het gewens dat die oorlog verby was. Toe hy die diere weer hoor en die voëls hoor sing het hy gejuig want vrede was gesluit. Maar by hulle feeste het hulle hom weggeja. Hy wat geen dier of voël wou wees toe hulle hom nodig gehad het nie.

Wanneer ons dieselfde teks in een van ons Afrika-tale, naamlik Xhosa, lees dan gebeur daar semioties, tekstueel en kultureel iets anders, om nie eens te praat van die linguistiese skoonheid van verhaal nie.

Maar ek wil nog verder gaan om die totaliteit van my Suid-Afrikaans-syn aan te toon en die volheid van ons 'Suid-Afrikaanse kultuur' te openbaar. En by wyse van spreke – ook my dilemma! Ek neem nou vier gedigte wat die kind as hooftema het.

Die eerste gedig van C. Louis Leipoldt getitel:

'n Nuwe Liedjie op 'n ou Deuntjie:

*Siembamba, siembamba,
Mama se kindjie, Siembamba!
Vou jou handjies same,
En sê ame,
Mama se kindjie, Siembamba.*

(Lokasieliedjie)

*Siembamba, Siembamba,
Mama se kindjie, Siembamba!
Vou jou handjies saam, my kind:
Hoor tog hoe huil die noordewind!
Hier in die kamp is alles stil,
Net maar die wind waai soos hy wil;
Net maar jyself kan kreun en steun:
Niemand sal hoor nie, niemand seun!
Almal is besig! Oor die land
Drywe 'n wolk van die noordekant
Swart soos die rook uit die skoorsteen puil,
Swart soos die nag, en nes roet so vuil:
Vou maar jou handjies dig tesame,
Sluit maar jou ogies, en sê ame!*

*Siembamba, Siembamba,
Mama se kindjie, Siembamba!
Jy, wat die hoop van ons nasie is;
Jy, wat ons volk so min kan mis;
Jy, wat moet opgroei tot 'n man;
Jy, wat geen deel aan die oorlog het;
Jy, wat moet sing uit pure pret-
Jy moet verkwyn in 'n kinderkamp,
Jy moet vir vrede word uitgestamp:
Vou maar jou handjies dig tesame,*

Sluit maar jou ogies, en sê ame!

*Siembamba, Siembamba,
Mama se kindjie, Siembamba!
Kinkhoes en tering, sonder melk:
Bitter vir jou is die lewenskelk!
Daar is jou plek, by die gaffies daar
Twee in 'n kisse, 'n bruiloftspaar!
Alles vir ons, en niks vir jou:
Jy het van ons jou plig geêrwe
Plig om as kind vir ons land te sterwe!
Al wat jy wen, is dat ons onthou:
Meer was die vryheid as kind of vrou!*

*Vou maar jou handjies dig tesame,
Sluit maar jou ogies, en sê – ame!*

(Uit: Oom Gert Vertel en Ander Gedigte)

Tog is hierdie gedig, wat 'n huldeblyk is aan die 11468 kinders wat gedurende 16 maande in die Boere-oorlog gesterf het onbekend onder die swarte massas en sal dit ook nooit dieselfde ontvangs kry daar nie. Want die dominante kultuur het daarvoor gesorg dat ook sy leed omring was met 'n eksklusiwiteit wat 'wit' is. Daarteenoorwil ek die gedig neem van Prof. Daniel Kunene, getitel *Laying of the Stones*, wat direk spruit uit die leed van die swart bevolking en oral ingang gevind het by mense wat ook betrokke is by die stryd vir 'n regverdige Suid-Afrika.

Laying of the Stones

*They were children. Remember?
They'd heard the call of the Ancestors:
"The parasites must be destroyed
For they have brought death into the land!"*

*Then Ngqika rose in them and gave them courage
Then Makhanda rose in them and gave them courage
Then Shaka rose in them and gave them courage
Then Dingane rose in them and gave them courage
Then Moshoeshoe rose in them and gave them courage
Then Khama rose in them and gave them courage
See how the graves have risen and gave them courage
to new and unknown heights of courage
Let us remember them*

*Let us remember the children
in the moment of their greatest glory
Lay a stone here for the head of a child rests in this place
Lay a stone here for the head of a child rests in this place
Lay a stone here for the head of a child rests in this place
Lay a stone here for the head of a child rests in this place
Lay a stone here for the head of a child rests in
Lay a stone here for the head of a child
Lay a stone here for the head of a child
Lay a stone here for the head of
Lay a stone here for the
Lay a stone here for
Lay a stone*

My derde gedig is in beperkte mate bekend ook onder Afrikaanse sprekers wat nie tot die dominante kultuur behoort en is geskryf deur wyle Ingrid Jonker. Die mense uit die onderklasse wat hierdie gedig ken en soms voorlees vind dit makliker om hiermee te identifiseer:

Die Kind

*Die kind is nie dood nie
die kind lig sy vuiste teen sy moeder
wat Afrika skreeu skreeu die geur
van vryheid en heide
in die lokasie van die omsingelde hart*

*Die kind lig sy vuiste teen sy vader
in die optog van die generasies
wat Afrika skreeu skreeu die geur
van geregtigheid en bloed
in die strate van sy gewapende trots*

*Die kind is nie dood nie
nòg by Langa nòg by Nyanga
nòg by Orlando nòg by Sharpeville
nòg by die polisiestasie in Philippi
maar hy lê met 'n koeël deur sy kop*

*Die kind is die skaduwee van die soldate
op wag met gewere sarasene en knuppels
die kind is teenwoordig by alle vergaderings en wetgewings
die kind loer deur die vensters van huise en in die harte van moeders
die kind wat net wou speel in die son by Nyanga is orals
die kind wat 'n man geword het trek deurdie ganse Afrika
die kind wat 'n reus geword het reis deur die hele wêreld*

Sonder 'n pas

(Uit: Rook en Oker)

My laaste voorbeeld haal ek uit die skatryke wiegelied tradisie, die *Imidunduzelo*, van ons Afrika-tale:

<i>Thuka mntwana</i>	<i>Stil my kind</i>
<i>Mus' ukulil'</i>	<i>Moenie huil nie</i>
<i>Umam' akakho</i>	<i>Mama is weg</i>
<i>Uzakofika...</i>	<i>Sy sal terugkom...</i>

U sal inmiddels gemerk het dat die fokus van die betoog verskuif het na 'n bespreking van kultuurvorme onder die dominante kultuur na kultuuruitings in die Afrika-tale. In die *Cultural Atlas of Africa (1981)* word ons die volgende waarskuwing gegee deur die samestellers:

Europeans have generally called other groups 'tribes' but there is no need to continue to use such an ill-defined and in many cases prejudicial term. In the nineteenth century the Zulu nation-state ruled by a king was no more a tribe than England was under Henry VIII.

Linguïste maak die volgende indeling van Afrika in vier hooftaal families, naamlik Niger-Kordofaan, Khoisan, Afro-Asiaties en Nilo Saharan. Die Niger-Kordofaanse groep kan ons weer opdeel in twee hoofgroepe, te wete die Kordofaanse sub-familie wat uit ongeveer 20 taalfamilies bestaan en merendeels in die Nuba-gebergtes van Sudan gepraat word. Die grootste sub-groep is die Niger-Congo sub-familie wat oral verspreid is oor Afrika, honderde tale omvat en gepraat word deur ongeveer 15 miljoen mense. Die mees wydverspreide vertakking van die Niger-Congo groep word aangedui as Bantu-tale.

Ek is my terdeë bewus van die feit dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling onder die onderklasse 'n afkeer ten opsigte van die term bantu-tale laat ontstaan het. Maar die gebruik van die term swart tale roep ook spookbeelde by my en my kollega's op. Ek sal dus konsekwent praat van Afrika-tale, alle gevoeligheid inagnemend.

Die kultuur in die Afrika-tale het skade gelei onder Bantoe-onderwys en Christelike Nasionale Onderwys. Laasgenoemde is deur die massas beskryf as nie-Christelik, nie-nasionaal, en sekerlik nie 'n sisteem van opvoeding nie. Artikel 14 en 15 van C.N.O benadruk veral die eiesoortigheid en die andersoortigheid van mense:

Die opvoeding van die 'Naturel' moet gegrond wees in die filosofie van die blankes, veral van die Boerenasie as die senior blanke voog van die naturel.

In: *Culture, the Artist and Liberation* skryf Mzala:

In a class divided society, the class that owns the means of production, that hires the labour of others to produce wealth (both material and spiritual) subjects all products of labour to its own ends. Before the advent of colonialism in South Africa, and likewise before the introduction at a later stage of the mode of production, the African peoples enjoyed poetry and music, they sculptured and danced freely, all by themselves for themselves. For their poetry had nothing to do with books ... although there were professional poets and musicians...no sharp line could be drawn between artist and the rest of the community. There was always a participatory relationship between the people and the artists, who also knew they existed in order to serve the people.

Maar die literatuur in Afrika-tale het iets gebly wat "uit die Bantoe pen" kom om die Suid-Afrikaanse *Panorama* aan te haal (Maart 1972, p. 44). Of 'n mens moes die werke van antropoloë en linguïste naslaan, byvoorbeeld I. Schapera: *The Bantu Speaking Tribes of South Africa* (1964).

Hoe geforseerd die proses soms is, is duidelik uit die wyse waarop die dominante kultuur omgaan met Afrika-tale. Zoeloe en Xhosa is onderling verstaanbare tale wat tot die Nguni-groep gereken word. In die Kaapse Nguni het Xhosa sig vanaf 1823 ontwikkel tot die literêre taal te Gwali (Lovedale).

Die sendelinge het veral 'n rol gespeel in die verspreiding van die taal. Die eerste Xhosa predikant uit die Kaap was Tiyo Soga (1821-1879) wat een van die beroemdste produkte uit Lovedale was. Die beroemdste van alle Xhosa skrywers was Samuel Edward Krune Mqhayi (1875-1946) wat gedigte geskryf het in die beste 'lofliedere' tradisie. Vanaf *Ntabo Zuko* in Berlyn by Kimberley het hy soms na benede gekom, uitgedos as *imbongi* om op te tree.

Nou is my probleem dat die diskussies oor kultuur in 'n nuwe Suid-Afrika gevoer word deur mense wat soms geen benul het van die linguïstiese werking van die Afrika-tale nie. Selfs dr. Neville Alexander wat die kwessie van standardisasie aangeroei het, het, by my wete, geen grondige linguïstiese basis in die bestudering van Nguni-tale gehad nie. Want standardisasie kan nooit 'n politieke saak alleen wees nie. Uit die aard van die saak is dit 'n linguïstiese probleem wat daar opgelos moet word.

Beproeef ek vanuit die spesialisie-kring 'n hovaardigheid om hulle eie onkunde oor 'n baie belangrike Suid-Afrikaanse kulturele tradisie? En, wat moet ek nou doen met Nadine Gordimer se stelling:

I do not fear the blacks, but many whites do. My message to the self appointed guardians of our culture is: there can be no such thing as South African literature if it excludes black literature – and it does at the moment.

Maar ek wil juis terugkeer tot bepaalde skrywers wat myns insiens toonaangewend was in ons literêre tradisie en tog nie serieuus betrek word in die debatte nie. So weet ons dat Samuel Mqhayi te Centane 'n geestelike baggage ontvang het waar hy baie indringend gekonfronteer was met die *Imidudo*, *Iintlombe Intonjane*, *Imiyeyezela*, *Amadini*. Hier het hy asof betowerd geluister na die *inkundla* orasies. Dit was hier waar hy indringend kennis gemaak het met die *izibongo* (lofliederen) en self begin het 'to lisp in numbers'.

Laat ek eers die kultuuruitinge waarna ek hierbo verwys verklaar:

Imidudo is die meervoudsvorm van die naamwoord *Umdodo*; in sy hulpwerkwoord vorm is dit *ukududa* (om te dans) en algemeen is dit 'n dans ten geleentheid van 'n huwelik.

Iintlombe in die enkelvoud is *iHlombe* wat beteken vol vreugde, maar ook 'n fees waar daar gesing word.

Inkundla stel voor die ruimte wat skoongemaak is voor die kraal, 'n plek vir byeenkomste of waar geregtigheid uitgespreek word.

Imiyeyezela wat beteken die ritme aangee op die deuntjie aangereik deur kinders wat 'gesoebat' is.

u-Dini is die offerdier opgedra aan die *imiNyanya*, die voorvaders.

Dit is uit hierdie periode wat Mqhayi die materiaal versamel vir sy werk *Ityala lamawele* (Lawsuit of the Twins, 1914). Van hierdie werk observeer die geleerde, wyle Prof. A.C. Jordan:

The starting point of the case by the plaintiff, his cross examination, the questioning by the councillors, the calling in of witnesses, the 'hlonipa' language used by the mid-wives in submitting evidence, the declamation of the bard at the end of each session, the reaction of men to 'izibongo', the unassuming manner of the sage Khulile as he makes an exposition of the principle of primogeniture, the pronouncement of the verdict and Chief Hintsa's sympathy with the senior twin in pronouncing it, the humble but dignified manner in which Babini receives the verdict given against him, all these give a beautiful picture of social life among the Xhosa during the reign of Hintsa.

Dat Mqhayi 'n satirikus by uitstek is, bewys hy in verskillende gedigte. Hoe sou die skrywers in die dominante kultuur nie geniet het – miskien ook geleer het – van Mqhayi's gebruik van satire? Want in 1879, net na die Afrikane die Engelse 'geBannockburn' het te Isandlwana skryf Mqhayi:

Wozani maBritani sigezanizingozi
(Kom julle Britte! laat ons mekaar se wonde salf!)

Maar sy triomf bewaar hy vir die Prins van Wallis as dié in 1927 na Suid-Afrika kom, in sy magistrale gedig, so pragtig vertaal deur A.C. Jordan:

Ah Britain, Great Britain!
Great Britain of the endless sunshine!
She hath conquered the oceans and laid them low;
She hath drained the little rivers and lapped them dry;
She hath swept the little nations and wiped them away;
And now she is making for the open skies.
She sent us the preacher, she sent us the bottle,
She sent us the Bible, and barrels of brandy,
She sent us the breechloader, she sent us the cannon,
O, Roaring Britain! Which must we embrace?
You sent us the truth, denied us the truth;
You sent us life, deprived us of life;
You sent us light, we sit in the dark;
Shivering, benighted in the bright noon-day sun.

Dat is dan ook nie so verwonderlik dat Wandile Kuse ons in sy proefskrif daaraan hierinner dat Mqhayi 'n taalvirtuoos was.

Asimnandi isiXhosa simyoli
Innqweme lentulo kubathwa
(So mooi en elegant – soet-klinkend – is sy Xhosa dat dit is soos die smaak van die 'monitor's tripe' is vir die San).

Tot watter onsin dit kan lei as ons ons eie tradisies oorlaat aan buitestaanders word bewys selfs deur die groot Afrika-kenner wyle Janheinz Jahn wanneer hy van Zoeloe literatuur beweer:

Die geschriebene Literatur in Zulu begann – nur zufällig? – in 1933, als der Liberale Smuts wieder in die Regierung eintrat...

Dit word tyd dat ons ons eie literatuur periodiseer!

Dan wil ek nog ewe verwys na Benedict Wallet Vilakazi (1906-1947) wat die eerste was vir die Afrikasprekers om 'n doktorsgraad te behaal in sy eie taal, 'n proefskrif getitel *The Oral and Written Literature in Nguni* (1946). Vilakazi kry bekendheid deur sy *Inkondlo kaZulu* (1935), sy *Amal'eZulu* (1945). Die gedigte word vertaal as *Zulu Horizons*, 'n samewerking tussen D. Mck. Malcolm en Florence Friedman (1962).

Buite die grense kry hy bekendheid deur die Switser Sulzer se vertaling van sy gedig *Imphophoma yeVictoria* en werk hy saam met Prof. C.M. Doke, sy leermeester aan 'n *Zulu-English Dictionary* (1948). Hy lewer voorts ook 'n bydrae aan *Ilanga Lase Natal*.

In sy MA-tesis probeer Vilakazi 'n poging aanwend om tot 'n rymskema vir Zoeloe poësie te kom. Vilakazi se pogings was nie suksesvol nie.

Laat ek my betoog verder toespits op die begrip kultuur. Ons het deur apartheid te maak met twee soorte maatskappye – een wat skatryk is, wat geprofiteer het van die sisteem en moeite het om die rituele buit te deel. Aan die anderkant het ons 'n maatskappy waar die oorgrote meerderheid onder omstandighede lewe wat hulle skaar onder die Derde Wêreld bewoners.

Daar is tenminste ses tema's wat van belang is met betrekking tot die onderwerp ontwikkeling en kulturele identiteit.

Eerstens het ons te maak met die taalproblematiek – 'n veelheid van streektaal, dialekte en die aanwesigheid van dominante Westerse tale. Die strewe na 'n nasionale taal word hierdeur gekompliseer.

Tweedens is daar vanuit die onderklasse 'n verskillende historiese bewussyn – 'n verset teen die beeld soos weergegee in die boeke van die dominante kultuur.

Derdens is die onderklasse wat nou gevra word om deel te neem aan die nuwe Suid-Afrika deur die dominante kultuur besig om sig te besin oor die waarde en houdbaarheid van tradisionele gedragspatrone, besig om sosiale gedrag te plaas binne 'n moderne konteks.

Vierdens, as gevolg van die onderdrukkingmeganisme van die dominante kultuur het daar ook 'n besinning en 'n heroorweging plaasgevind ten opsigte van religie, waarvan 'black theology' en 'independent churches' 'n ekspressie is. Daar tree in die diskussies op 'n besef van die teenstellings tussen Westerse waarde en norms en tradisionele waarde en norms. En uiteindelik is daar die artistieke kant, 'n besinning op die eie oorgelewerde kunsvorme as middel om mekaar sosiaal te bind. As een van die vorms om mense politiek te mobiliseer, is 'popular culture' 'n duidelike voorbeeld. Dit is nie verniet nie dat Mavis Smallberg beweer: "Die fokken culture is 'n gevaarlike ding."

Die begrip kulturele identiteit sit vol angels. Ons het te maak met mense uit die stedelike elite, met die plattelandse bevolking.

Daar is 'n grote pluriformiteit ook op lokale niveau. Kulturele identiteit word dikwels gebruik as sinoniem met nasionale identiteit. Maar die pleitbesorgers van kulturele identiteit kom ook dikwels uit die elite en die toon word aangegee vanuit die dominante kultuur.

'n Mens kan die begrip dus verskillend benader volgens die Leidse hoogleraar Zürcher:

* Kemalistisch: verwerp die tradisie en strewe na 'n transformasie.

* Syncretisties: poog om 'n sintese te skep tussen die moderne en die tradisionele.

* Wat hy noem 'n 'autistiese' reaksie: verwerp Westerse elemente en vlug weg in die eie tradisie.

Al die opsies is hier in die land aanwesig. Wat bied die pleitbesorgers ons nou aan? Een van die benaderings wat opval is die Marxistiese. Marx was beskryf as die vroedvrou van die ou maatskappy wanneer dit op die drempel staan om geboorte te gee aan 'n nuwe.

Is die beheptheid met Marx so sterk omdat soveel van die mitologiese helde uit die dominante kultuur ook altyd van die pragtige baarde gedra het? Van Marx wil ek ook opteken: "Tussen Marx en Mars (die oorlogsgod) is daar ook darem maar 'n foneem verskil."

Ek was daarom ook gefassineer deur die reaksies wat Albie Sachs se *Culture is not a weapon* ontlok het in Suid-Afrika. Let wel, die reaksies het meestal gekom van pleitbesorgers uit die dominante kultuur.

